INLIGTINGSBEHOEFTES VAN BEGAAFDE LEERLINGE

'n Empiries vergelykende studie van die biblioteekfasiliteite in die twee gekose gebiede, Potchefstroom en Heidelberg, Wes-Duitsland

deur

Hester Venter

BA(Bibl) (UP) THOD (NKP) HDB (PU vir CHO)

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van

die vereistes vir die graad

Magister Bibliothecologiae

in die vak

Inligtingstudies

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. C. A. Lohann
Hulpleier: Prof. J.L.de K. Monteith

November 1989

Information Needs of Gifted Pupils

Provision of information to gifted pupils: an empirical and comparative study of library facilities in two chosen areas, Potchefstroom and Heidelberg (West Germany)

SUMMARY

Gifted pupils in South Africa are presently attending special programmes designed to realize the individual pupil's particular potential. The library plays an important part in this, being required to put sources of information at the disposal of gifted children. The library as an institution thus plays a very important supporting role in the total education of the gifted child by developing his library reference skills, media experience and research methods.

The only restriction on these children should be their own restrictions, and not the non-availability of information. If these needs for information can not be completely satisfied, it could contribute to underachievement, frustration and underdevelopment of the pupil's potential. This study is intended as a contribution to the knowledge of the information problem of the gifted pupil.

The Transvaal Education Department (TED) created a special need for information sources by identifying gifted pupils as a special group. The question that arises from this is:

a) how does the TED itself provide for the satisfaction of the information needs of this identified group, and

b) what other institutions exist that can and are willing to provide in the needs for information of the gifted pupil?

The information requirements of this special group of gifted pupils may be described as follows:

From the syllabi of the Extra-curricular Centre for Gifted Pupils, a unique need for information arises. The programmes themselves do not cover school subjects and the school library does not specifically acquire sources covering the themes of the programmes. The level of difficulty and the themes themselves are more extensive than the information usually available in a school library.

It must therefore be determined what the actual information requirements of the gifted pupil are, to what extent the existing facilities could be developed and which libraries may satisfy the specific needs for information in order to support the educational programme for gifted children.

Comparative and empirical research conducted in Potchefstroom and Heidelberg (West Germany) was undertaken to establish what the information needs of gifted children are and what library facilities were available for the satisfaction of those needs.

In Heidelberg it was found that gifted children had access to a wide variety of different libraries and their facilities. In Potchefstroom, however, libraries, including school media centres, are not as readily accessible to gifted pupils and no special provision is made for their information needs.

It is recommended that educational authorities negotiate with libraries in order to obtain improved library access for gifted pupils and that libraries be made aware of the specific information needs of these children.

VOORWOORD

Hiermee bedank ek graag my studieleier professor Carl Lohann vir sy waardevolle hulp en leiding tydens die voorbereiding van hierdie skripsie. Prof JL de K Monteith, wat as hulpstudieleier opgetree het, word ook vir sy aandag en moeite bedank.

My hartlike dank ook aan die Transvaalse Onderwysdepartement wat spesiale studieverlof aan my toegestaan het om navorsing in Wes-Duitsland te kon doen.

'n Spesiale woord van dankie aan my man Francois en my kinders Larina, Heinrich en Martea wat my so wonderlik bygestaan en aangemoedig het.

H.Venter
Potchefstroom
November 1989

Inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 INLEIDING **1**

1.1 *Inleiding* 1

1.2 *Motivering* 2

1.3 *Probleemstelling en doelstelling* 3

1.4 *Hipotese* 4
1.4.1 Andersoortige behoeftes 4
1.4.2 Onvoldoende biblioteekvoorsiening 4
1.4.3 Tentatiewe oplossings 4

1.5 *Begripsbepaling* 5
1.5.1 Begaafdheid 5
1.5.2 Begaafde onderpresteerders 6
1.5.3 Inligtingstegniek 7
1.5.4 Duitse benamings 7
1.5.5 Mediasentrums 7
1.5.6 Onderrig/onderwys 8

1.6 *Afbakening van die terrein* 8

1.7 *Metode van ondersoek* 9
1.7.1 Literatuurstudie 9
1.7.2 Empiriese navorsing 10
1.7.2.1 Metodes 10
1.7.2.1.1 Analitiese metode 10
1.7.2.1.2 Onderhoudvoering 10

1.7.2.2 Steekproefneming 11

HOOFSTUK 2 BEGAAFDE LEERLINGE 13

2.1 *Inleiding* 13

2.2 *Kenmerke van begaafdheid* 13

2.3 *Kategorieë van begaafde leerlinge* 15

2.4 *Onderwysvoorsiening vir begaafde leerlinge in die Transvaal* 16
2.4.1 Inleiding 16
2.4.2 Onderwysvorme vir begaafde leerlinge in Transvaal 18
2.4.3 Identifisering van begaafde leerlinge in Transvaal 18
2.4.3.1 Kriteria vir die identifisering van begaafde leerlinge 19
2.4.4 Grense van die sentrums vir begaafde leerling 20

2.5 *Onderwysvoorsiening vir begaafde leerlinge in Baden-Württemberg* (Wes-Duitsland) 21
2.5.1 Inleiding 21
2.5.2 Identifisering van begaafde leerlinge in Baden-Württemberg 22
2.5.3 Beleid ten opsigte van onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge 23
2.5.3.1 Sosiale gelykheid 23
2.5.3.2 Gelyke kansebeginsel 23

HOOFSTUK 3 INLIGTINGSBEHOEFTES VAN BEGAAFDE LEERLINGE 25

3.1 *Inleiding* 25

3.2 *Besondere behoeftes van begaafde leerlinge* 25
3.2.1 Spesiale hulp 26
3.2.2 Differensiasiestrategieë 26
3.2.2.1 Versnelling 27
3.2.2.2 Verryking 27
3.2.2.3 Individualisering 28
3.2.2.4 Groepering 28

3.2.3 Behoefte aan inligting 28

3.3 *Programme van die Buitekurrikulêre Sentrum vir begaafde leerlinge, Potchefstroom* 30
3.3.1 Rigtings wat aangebied word 30
3.3.2 Ontleding van programme 32
3.3.2.1 Tematiese Studies 32
3.3.2.2 Staatkundige en Wysgerige Studies 33
3.3.2.3 Taal- en Literatuurstudies 33
3.3.2.4 Skeppende en Uitvoerend Kunste 34
3.3.2.5 Kommunikasiestudie 34
3.3.2.6 Geld- en Bankwese 35
3.3.2.7 Informatika 36
3.3.2.8 Elektroniese Studie 36
3.3.2.9 Sterrekundige Studie 36
3.3.2.10 Petrochemiese en Geologiese Studie 37
3.3.2.11 Materiaalkunde 37
3.3.3 Samevatting 38

3.4 *Programme vir begaafde leerlinge in Heidelberg (Wes-Duitsland)* 40
3.4.1 Programme binne die kurrikulum 40
3.4.2 **Arbeitsgemeinschaften** 42

3.5 *Gevolgtrekking* 43

HOOFSTUK 4 INLIGTINGSVOORSIENING AAN BEGAAFDE LEERLINGE IN POTCHEFSTROOM 45

4.1 *Inleiding* 45

4.2 *Algemeen* 45

4.3 *Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge* 45
4.3.1 Dagskool 45
4.3.2 Vakansieskool 47

4.3.3 Mediasentrum 47
4.4 *Onderwysmediadiens* 48
4.4.1 Integrering 48
4.4.2 Mediamomitee 48
4.4.3 Mediavoorraad 50
4.4.4 Buitekurrikulêre mediagebruik 51

4.5 *Skoolmediasentrums* 51
4.5.1 Inleiding 51
4.5.1.1 Die skool 51
4.5.1.2 Mediasentrum 52
4.5.1.3 Media-onderwyser 53
4.5.2 Skoolmediasentrums in Potchefstroom 54
4.5.2.1 Hoërskool Gimnasium 54
4.5.2.2 Hoërskool Ferdinand Postma 56
4.5.2.3 Hoër Volkskool Potchefstroom 57
4.5.2.4 Potchefstroom High School for Girls 58
4.5.2.5 Laerskool Mooirivier 59
4.5.2.6 Laerskool Bailliepark 60

4.6 *Openbare biblioteek* 61

4.7 *Tersiêre inrigtings* 63
4.7.1 Onderwyskollege Potchefstroom 63
4.7.2 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 65

4.8 *Gevolgtrekking* 66

HOOFSTUK 5 INLIGTINGSVOORSIENING AAN BEGAAFDE LEERLINGE IN HEIDELBERG (Wes-Duitsland) 67

5.1 *Inleiding* 67

5.2 *Verskillende Biblioteektipes* 67
5.2.1 **Universitätsbibliothek Heidelberg** 67
5.2.2 **Deutsch-Amerikanisches Institut** 68

5.2.3 **Pädagogische Hochschule Heidelberg** 69
5.2.4 **Stadtbücherei Heidelberg** 69
5.2.5 Skoolmediasentrums 70
5.2.5.1 Inleiding 70
5.2.5.1.1 Die skool 70
5.2.5.1.2 Mediasentrum 71
5.2.5.1.3 Media-onderwys 73
5.2.5.2 Skoolmediasentrums in Heidelberg 73
5.2.5.2.1 **Bunsen-Gymnasium (Algemeinbildendes Gymnasium)** 73
5.2.5.2.2 **Hasenleiser Gesamtschule (Sprachliches Gymnasium)** 75
5.2.5.2.3 **Wirtschaftsgymnasium (Berufliches Gymnasium)** 78
5.2.5.2.4 **Technisches Gymnasium** 79
5.2.5.2.5 **Kurfürst-Friedrich Gymnasium (Sprachliches Gymnasium)** 80

5.3 *Gevolgtrekking* 81

HOOFSTUK 6 BEVINDINGE EN AANBEVELINGS 82

6.1 *Inleiding* 82

6.2 *Bevindinge* 82

6.3 *Aanbevelings* 85
6.3.1 Samewerking 85
6.3.2 Aanskafbeleid 86
6.3.3 Verskillende biblioteke 87
6.3.4 Verskillende dienste 87

6.4 *Samevatting* 88

7 BIBLIOGRAFIE 89

8 BYLAE A 97

9 BYLAE B 99

HOOFSTUK 1. INLEIDING

1.1 **Inleiding**

Onderwys vir begaafde leerlinge verskil van gewone onderwys daarin dat begaafdekindonderwys in 'n totaal andersoortige leerbehoefte voorsien. Hierdie vorm van onderwys word egter aan 'n klein persentasie van die skoolbevolking voorsien. Dit word vandag wêreldwyd aanvaar dat die mensepotensiaal van 'n gemeenskap sy kosbaarste van alle hulpbronne is en daarom volg dit logieserwys dat mense met hoë potensiaal van besondere belang vir die voortbestaan en die vooruitgang van elke beskaafde volk is en dat die uitbou van hulle besondere vermoëns noodwendig 'n prioriteitsaangeleentheid behoort te wees.

Die Republiek van Suid-Afrika het 'n tekort aan hoëvlak mannekrag en die oplossing van hierdie mannekragtekort-probleem lê in die optimale opleiding en gebruikmaking van die beskikbare mannekrag (Meyer, 1983:29). Die mannekragpotensiaal van die land kan tot sy optimum ontwikkel word deur 'n stelsel van gedifferensieerde en gespesialiseerde onderwys waarby die onderwysvoorsiening vir begaafde leerlinge 'n belangrike plek moet inneem (RGN, 1986:9). Onderwys vir begaafde leerlinge in Suid-Afrika word onder die stelsel van gedifferensieerde en geïndividualiseerde onderwys aangebied waar voorsiening gemaak word vir die individuele onderwysbehoeftes van leerlinge.

Aangesien daar voor 1980 nie spesiale onderwysvoorsiening vir begaafde leerlinge in Suid-Afrika bestaan het nie, het die identifisering van hierdie leerlinge intuïtief en sporadies geskied en was die verdere hantering van hierdie leerlinge in die onderwyssituasie problematies. Begaafde leerlinge is op geen wyse as 'n groep geïdentifiseer nie en verder het verskeie organisasies onderwysgeleenthede vir begaafde leerlinge aangebied. Dit het dus meegebring dat daar geen koördinasie of standaardisasie was nie (RGN, 1986:33).

Die Transvaalse Onderwysdepartement is van mening dat plaaslike omstandighede eiesoortige eise aan die vraag na onderwys vir begaafde leerlinge stel, en dat die voorsiening wat 'n bepaalde onderwysdepartement vir die onderwys van begaafde leerlinge maak 'n eiesoortige karakter moet hê (RGN, 1986:35).

Die Transvaalse Onderwysdepartement voorsien onderwysgeleenthede vir begaafde leerlinge deur middel van buitekurrikulêre sentrums. Die buitekurrikulêre sentrums in Pretoria, Johannesburg, Boksburg en Potchefstroom word beskou as die geskikste wyse om deur middel van buiteskoolse onderwysbedrywighede in die besondere onderwysbehoeftes van begaafde leerlinge te voorsien. Die Transvaalse Onderwysdepartement maak van die fasiliteite by die onderwyskolleges en universiteite gebruik. Een van hierdie sentrums is in 'n plattelandse gebied geleë, naamlik by die Onderwyskollege te Potchefstroom.

1.2 **Motivering**

Spesiale programme word aan begaafde leerlinge by die vier genoemde sentrums aangebied. Die programme stel bepaalde doelstellings en om hieraan te beantwoord het die leerlinge inligting nodig. Hierdie inligtingsbehoefte kan deur die biblioteekfasiliteite van verskillende biblioteektipes bevredig word.

Die rede waarom hierdie studie onderneem is, is omdat dit as van belang beskou word deur onderwysowerhede, die ouers van begaafde leerlinge en die gemeenskap, dat metodes gevind moet word om te verseker dat begaafde leerlinge hulle volle potensiaal bereik en nie deur eksterne faktore tot onderprestering gebring word nie (Taylor en Van der Westhuizen, 1983:22).

Die biblioteek behoort 'n belangrike rol in begaafdekindonderwys en in die potensiaalbereiking van begaafde leerlinge te speel, deurdat dit die inligtingsbronne wat noodsaaklik is, tot die beskikking van hierdie leerlinge stel. Die biblioteek vervul 'n uiters belangrike ondersteunende rol in begaafdekindonderwys. Die enigste beperking op hierdie leerlinge behoort hulle eie vermoëns te wees en nie die tekort aan inligting nie.

Indien daar nie voldoende voorsien kan word in die begaafde leerling se inligtingsbehoefte nie, kan dit bydra tot onderprestering, frustrasie en nie-potensiaalbereiking.

Die nadelige gevolge van onderprestering by begaafde leerlinge affekteer veel meer as net die bepaalde individue maar kring baie wyer uit. Onderprestering word volgens Gallagher (1988:107) vir die hele gemeenskap waarvan die begaafde leerlinge deel is en wat op hom staat maak, 'n probleem. Die gemeenskap wil graag resultate sien op die

insette wat dit gelewer het soos die finansiering van begaafdekindonderwys deur die belasting wat betaal word en onderprestering deur hierdie leerlinge veroorsaak teleurstelling en die vraag of begaafdekindonderwys die koste werd is.

1.3 **Probleemstelling en doelstelling**

Die doel van hierdie studie is om 'n bydrae te lewer ten opsigte van die kennis van die inligtingsprobleem van begaafde leerlinge.

Begaafde leerlinge word op grond van hulle begaafdheid deur die onderwysowerhede in Transvaal geidentifiseer as 'n eiesoortige groep. Die spesiale verrykingsprogramme wat buitekurrikulêr aan hierdie leerlinge aangebied word, veroorsaak dat leerlinge spesiale inligtingsbronne benodig vir die suksesvolle voltooing van hierdie programme. Die volgende vrae ontstaan daarom:

a) Hoe voorsien die onderwysowerhede self in die inligtingbehoeftes van hierdie geïdentifiseerde groep?

b) Watter ander opvoedkundige instansies is daar wat in hierdie behoeftes kan en wil voldoen?

Die inligtingsbehoeftes van die begaafde leerling val uiteen in twee vlakke:

a) Volgens Taylor en Van der Westhuizen (1983:13) beleef die begaafde kind vanweë sy begaafdheid sy wêreld meer omvattend en op 'n breër vlak as die ander kinders. As sodanig toon hy 'n besondere weetgierigheid. Die vraag ontstaan of die skoolmediasentrum (kyk 1.5.5) alleen in die nood vàn die begaafde leerling kan voorsien.

b) As gevolg van die programme wat by die sentrums,vir begaafde leerlinge in die Transvaal aangebied word, ontstaan daar inligtingsbehoeftes by die leerlinge wat by hierdie programme inskakel. Die programme self hoef nie skoolvakke te wees nie (TOD, 1986a:185) en die skoolmediasentrums hoef nie voorsiening vir die aankoop van inligtingsbronne bronne vir hierdie programme te maak nie (TOD, 1989:89). Die moeilikheidsgraad van die bronne wat vir die bestudering

van die programme aanbeveel word is gewoonlik ingewikkelder en temas gaan gewoonlik wyer as wat in 'n skoolmediasentrum aangetref word.

Daar moet dus vasgestel word wat werklik die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge is en in watter mate en deur watter biblioteke hierdie inligtingsbehoeftes bevredig kan word, want uiteindelik sal beskikbare fasiliteite en die leerlingbehoeftes met mekaar versoen moet word ten einde 'n toereikende onderwysprogram vir begaafde leerlinge te voorsien.

1.4 **Hipotese**

Die volgende twee hipoteses word met hierdie studie ondersoek:

1.4.1 *Andersoortige behoeftes*

Begaafde leerlinge se inligtingbehoeftes is andersoortig as dié van ander leerlinge en kom voor op twee vlakke

a) Die programme van die buitekurrikulêre sentra vir begaafde leerlinge stel bepaalde doelstellings en om hieraan te beantwoord het die leerlinge inligting nodig.

b) Begaafde leerlinge besit 'n breër algemene belangstelling as ander leerlinge. Hierdie faset word nie in die studie behandel nie aangesien dit aspekte soos ontspanningslees betrek wat hier nie ter sprake is nie.

1.4.2 *Onvoldoende biblioteekvoorsiening*

Bestaande biblioteekvoorsiening aan begaafde leerlinge kan moeilik voldoende wees.

1.4.3 *Tentatiewe oplossings*

Die probleem van die voorsiening in die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge kan moontlik soos volg opgelos word:

a) Samewerking tussen biblioteke en die sentrums vir begaafde leerlinge. Dit sal vir die begaafde leerlinge van groot hulp en nut wees as die verskillende biblioteektipes soos by voorbeeld die skoolmediasentrums en die sentrums vir begaafde leerlinge kan saamwerk sodat daar kennis en begrip vir hulle eiesoortige probleme en behoeftes kan wees.

b) Die aanskafbeleid van biblioteke wat hulle tot die beskikking van begaafde leerlinge stel kan rekening hou met die behoeftes van hierdie leerlinge.

c) Verskillende biblioteektipes kan hulle self tot die beskikking van begaafde leerlinge stel.

d) Meer gespesialiseerde dienste en fasiliteite kan tot die beskikking van begaafde leerlinge gestel word.

1.5 **Begripsbepaling**

Voordat die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge in oënskou geneem word, is dit duidelikheidshalwe nuttig om enkele begrippe wat in verband daarmee gebruik word, nader te omskryf.

1.5.1 ***Begaafdheid***

Begaafdheid word gewoonlik volgens bepaalde kenmerke of kriteria omskryf. Die kriteria vir die bepaling of omskrywing van begaafdheid verskil van land tot land en van gemeenskap tot gemeenskap. Volgens Neethling (1984:16) is die mees algemene en mees gebruikte omskrywing van begaafdheid die een wat vervat is in die *U.S. Office of Education Report* van 1972 (Afrikaans deur Neethling):

"Begaafde en talentvolle kinders is kinders wat deur kundige persone geïdentifiseer is en as gevolg van hulle besondere potensiaal, latent of gedemonstreer, in staat is om uitmuntend te presteer. Hierdie leerlinge het behoefte aan gedifferensieerde onderrigprogramme en/of -geleenthede wat verder strek as die gewone skoolprogram en wat geleenthede daar kan stel vir die realisering van eie moontlikhede en vir die lewer van 'n besondere bydrae tot die gemeenskap. Diè leerlinge openbaar die potensiaal of

beskik oor die vermoë om ten opsigte van enige van die volgende aspekte of 'n kombinasie daarvan te presteer:

algemene intellektuele vermoë
spesifieke akademiese aanleg
kreatiewe of produktiewe denkvermoë
leierskapsmoontlikhede
visuele en vermaaklikheidskunste
psigomotoriese vermoë."

In 1978 is 'n wetsontwerp deur die Kongres van die V.S.A. aanvaar waarvolgens bogemelde omskrywing soos volg gewysig is:

"Gifted and talented children mean children who are identified at the pre-school, elementary, or secondary level as posessing demonstrated or potential abilities that are evidence of high performance capability in areas such as intellectual, creative, specific academic, or leadership ability, or in the performing and visual arts, and who by reason thereof, require services or activities not ordinarily provided by the school" (RGN, 1986:27).

Die Transvaalse Onderwysdepartement gee die volgende definisie van hoogbegaafde leerlinge: "'n Hoogbegaafde leerling kan omskryf word as 'n kind/persoon met besondere potensiaal of vermoë om op verskeie terreine, of op slegs een terrein, buitengewoon hoog te presteer" (TOD, 1986a:186).

Op grond van die voorafgaande definisies van begaafdheid, is die diversiteit van die manifesteringswyses van begaafdheid duidelik. Die behoefte aan spesiale onderwysprogramme vir die voorsiening van spesiale onderwysbehoeftes kom ook na vore.

1.5.2 *Begaafde onderpresteerders*

Taylor en Van der Westhuizen (1983:22) stel onderprestasie soos volg: "Enige kind wat nie skolasties presteer soos hy behoort te doen in terme van sy prestasie-potensiaal nie, is 'n onderpresteerder." Du Toit en Van der Merwe (1966:374) sien die onderpresteerder as iemand wat nie ten volle gebruik maak van vermoëns wat hy wel besit nie. Hy is tot beter prestasie in staat as wat hy wel lewer. Voeg 'n mens by hierdie omskrywing die

begrip *begaafde* dan word met begaafde onderpresteerder verwys na 'n leerling wat in vergelyking met ander leerlinge uitsonderlike en uitmuntende prestasies behoort te lewer, maar wat nie na die mate waartoe sy prestasiepotensiaal hom in staat stel, presteer nie (Taylor en Van der Westhuizen, 1983:22).

Die Transvaalse Onderwysdepartement identifiseer ook hoogbegaafde onderpresteerders soos volg: "Leerlinge wat ten spyte van 'n besondere vermoë, potensiaal of persoonskwaliteite, nie blyke van hoogbegaafdheid openbaar nie" (TOD, 1986a:186).

Volgens Taylor en Van der Westhuizen (1983:23) is sosio-ekonomiese faktore, 'n vreemde kultuurmilieu en geografiese geïsoleerdheid oorsake van onderprestering by begaafde leerlinge. In hierdie studie val die klem egter op een van die struikelblokke wat in die weg van begaafde leerlinge geplaas word naamlik die ontoeganklikheid tot inligtingsbronne

1.5.3 ***Inligtingstegniek***

Die vaardigheid of bedrewenheid in die gebruik van verskillende hand- en gerekenariseerde bibliografiese bronne wat dien as hulpmiddel vir verwysing na primêre inligtingsbronne.

1.5.4 ***Duitse benamings*** van staatstrukture, instansies en vakrigtings sal vir doeleindes van hierdie skripsie in Duits weergegee word.

1.5.5 ***Mediasentrum***

Die term mediasentrum word onderskei van biblioteek deurdat 'n mediasentrum ook oudio-visuele materiaal bo en behalwe materiaal soos boeke, koerante en tydskrifte huisves, uitleen en administreer.

Vanaf 1 Januarie 1979 is dit die beleid van die TOD dat elke skool 'n eie mediasentrum moet inrig (TOD, 1979:2). Met die omskepping van die skoolbiblioteek in 'n mediasentrum word wegbeweeg van die tradisionele benadering dat oudiovisuele apparatuur en programmatuur slegs 'n 'hulpmiddel' vir die onderwyser is. Dit impliseer dat die skoolmediasentrum, benewens boeke en ander gedrukte materiaal, ook ander opvoedkundige media as bronne van inligting versamel en vir gebruik beskikbaar stel.

Die klem val dus op 'n verskeidenheid media wat deur onderwysers en leerlinge gebruik kan word.

Teenoor die skool wat die term *mediasentrum* gebruik, gebruik kollege- , universiteits- en openbare biblioteke nog die term *biblioteek*.

1.5.6 *Onderrig/onderwys*

Om die begrip onderrig aan te toon moet daar kortliks verwys word na die verwante begrippe *opvoeding* en *onderwys*. Smit (1986:8) stel dit so dat opvoeding die breë en oorkoepelende begrip is wat te doen het met die hele mens. "Dit wil die natuurlike groei van die opvoedeling wysig, rig en kanaliseer sodat hy 'n selfstandige en volwasse mens sal word wat in ooreenstemming met die eise van die behoorlike sal lewe" (Gunter, 1964:16). Onderwys is volgens die siening van bogemelde skrywer hoofsaaklik op een aspek van die mens gerig, naamlik die verstand. Gunter sê: "Onderwys is eintlik 'n deel of aspek van opvoeding; opvoeding sluit onderwys in".

Die begrip *onderrig* is volgens Gunter (1964:17) meer spesifiek en formeel as onderwys en veronderstel altyd 'n vaste uitgangspunt, doel en metode. Daarom kan daar byvoorbeeld gepraat word van die *onderrig* in Geskiedenis. Taylor en Van der Westhuizen (1983:31) sê: "Die begrip onderrig het betrekking op die handeling van 'n volwassene wat daarop gemik is om aan die hand van sekere inhoude 'n kind te onderrig (laat-leer) as gevolg waarvan die kind aktief betrokke raak by die gebeure deur te leer sodat hy 'n behoorlike volwassene kan word."

1.6 **Afbakening van die terrein**

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die ondersoek tot die volgende beperk word:

a) 'n Bepaling van die inligtingsbronne en biblioteekfasiliteite wat beskikbaar is vir begaafde leerlinge in Potchefstroom en Heidelberg, Wes-Duitsland.

(Hierdie studie konsentreer op die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge in Potchefstroom, Transvaal en is nie 'n vergelykende studie ten opsigte van die verskillende provinsies se programme vir begaafde leerlinge nie.)

b) 'n Vergelyking word getref tussen die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge in Potchefstroom en in Heidelberg, Wes-Duitsland omdat hierdie twee gebiede geografies en demografies baie met mekaar in gemeen het. Albei die areas is akademies-opvoedkundige sentrums met elk 'n universiteit, 'n onderwyskollege en 'n hele aantal primêre- en sekondêreskole.

* Vanwee die praktiese situasie, omdat die navorser in Potchefstroom woonagtig is, en die sentrum hier ook van die fasiliteite en kundigheid van die universiteit, die onderwyskollege en ander instansies gebruik kan maak, is Potchefstoom as studieobjek geneem.

* Heidelberg is vanwee die praktiese situasie gekies omdat die navorser vir ses maande in Heidelberg woonagtig was. In Heidelberg is daar hoogsgekwalifiseerde persone beskikbaar, van onder meer die **Universität Heidelberg** en die **Pädagogische Hochschule**, wat op 'n deeltydse basis deel neem aan die onderrig vir begaafde leerlinge.

Hierdie twee gebiede het dus baie in gemeen en dit kan nuttig wees om te vergelyk hoe die inligtingbehoeftes van begaafde leerlinge gehanteer word en watter fasiliteite tot hierdie leerlinge se beskikking gestel word. Die voor en nadele van bestaande praktyke in die twee gebiede kan teen mekaar opgeweeg word.

1.7 Metodes van ondersoek

1.7.1 *Literatuurstudie*

'n Studie van relevante literatuur word vir die doeleindes van hierdie studie onderneem ten opsigte van elk van die volgende aspekte:

a) 'n omskrywing van begaafdheid.

b) die beleid ten opsigte van onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge in onderskeidelik die Transvaal en Baden-Württemberg.

c) skoolmediasentrum-voorsiening in onderskeidelik Potchefstroom en Heidelberg, Wes-Duitsland.

1.7.2 *Empiriese navorsing*

'n Empiriese ondersoek word uitgevoer om die hipoteses te ondersoek.

1.7.2.1 *Metodes*

Twee metodes word gebruik, te wete die analitiese metode en die metode van onderhoudvoering.

1.7.2.1.1 Analitiese metode

Volgens Stoker (1969:85) is *analise* die uiteensetting van die samestellende dele van 'n geheel met die oog op die verkryging van kennis. Sintese of interpretasie is die verbinding van die samestellende dele tot 'n geheel met die oog op die verkryging van kennis. Deur analise word die samestellende faktore wat relevant is vir die verstaan van die verskynsel, geïsoleer.

Die analitiese metode word gebruik om die programme van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in onderskeidelik Potchefstroom en skole in Heidelberg te ontleed met die doel om te bepaal:

i. Watter tipe bronne deur begaafde leerlinge benodig word.
ii. Watter ingewikkeldheidsgraad van bronne benodig word.

1.7.2.1.2 Onderhoudvoering

Gerigte onderhoude aan die hand van gestruktureerde vraelyste (kyk bylae B) word met instansies en biblioteke gevoer om vas te stel watter biblioteke tot die beskikking van begaafde leerlinge is, wat hulle lidmaatskapvereistes, diensleweringsbeleid en fasiliteite is. Die gestruktureerde vraelyste word as onderhoud*sgids* gebruik. Hierdie metode van ondersoek word gevolg omdat die ondervraer, soos Cilliers (1965:90) dit stel, haar eie bydrae tot die onderhoud tot die minimum beperk en haarself daarvan weerhou om leiding aan die respondent te gee, maar tog steeds die onderhoud spesifiek terugvoer tot die besondere onderwerp wat bestudeer word.

Gerigte onderhoude sal met die volgende biblioteke en instansies gevoer word (sien ook 1.7.2.2):

i. Biblioteke.

Potchefstroom: Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Onderwys, die biblioteek van die Onderwyskollege Potchefstroom, die Openbare Biblioteek, skoolmediasentrums.

Heidelberg: **Universitätsbibliothek Heidelberg, Pädagogische Hochschule, Stadsbücherei Heidelberg**, skoolmediasentrums.

ii. Instansies.

In Transvaal: Onderwysmediadiens, Sentrum vir Begaafde Leerlinge.

In Baden-Württemberg: **Landesverband Baden-Württemberg im Deutschen Bibliotheksverband; Deutsches Bibliotheksinstitut; Ministerium für Kultus und Sport Baden-Württemberg.**

Al bogenoemde instansies is betrokke by inligtingvoorsiening aan begaafde leerlinge hoewel hulle nie self oor biblioteke beskik nie.

1.7.2.2 *Steekproefneming*

Gestratifiseerde steekproefneming is gebruik om biblioteke te kies waarmee onderhoude gevoer is (kyk 1.7.2.1.2).

Volgens Cilliers (1965:106) is die doel van steekproewe om algemene stellings ten opsigte van die empiriese werklikheid te formuleer. Afleidings uit waarnemings wat ten opsigte van slegs 'n beperkte aantal eenhede gemaak is, kan uitgebrei word tot die hele klas waartoe die eenheid behoort. Dit is dus geregverdig om uitbreidings of veralgemenings te maak indien die eenheid wat waargeneem is, verteenwoordigend is van die hele klas of universum waartoe dit behoort (Cilliers, 1965:107).

In hierdie studie is die universum biblioteke en kan in sub-stratums verdeel word op grond van die feit dat verskillende instansies oor biblioteke beskik naamlik:

	Biblioteek	Potchefstroom	Heidelberg
1)	universiteitsbiblioteek	1	1
2)	onderwyskollege biblioteek	1	1
3)	openbare biblioteek	1	1
4)	instituutbiblioteek	-	1
5)	skoolmediasentrums	13	14

In ooreenstemming met Cilliers (1965:108) het elke substratum 'n gelyke kans op insluiting in die steekproef. 'n Gestratifiseerde ewekansige steekproef word gedoen. Hierdie metode is wenslik aangesien die verskillende strata 'n interne homogeniteit besit wat belangrik is vir 'n volledige beeld van die studieveld. Die bogenoemde verskillende sub-strata is egter nie almal ewe groot nie. Om te verseker dat die uiteindelike totale steekproef steeds verteenwoordigend bly, is die aantal eenhede uit elke stratum in verhouding tot die relatiewe grootte van elke stratum. Uit sub-stratums 1 tot 4 is elkekeer die een bestaande biblioteek in elke gebied gekies. Die proporsionele seleksie vir die sub-stratum skoolmediasentrums is op grond van die volgende gegewens gedoen:

Skoolmediasentrums	Potchefstroom	Getal beg. ll.	Heidelberg	Getal beg. ll.
Sekondêre skole	6	102	13	206
Primêre skole	7	53	1	20

(beg. ll. = begaafde leerlinge)

Vier sekondêre skole en twee primêre skole is uit die Potchefstroom gebied gekies vir die steekproef en vyf sekondêre skole en een primêre skool vir die Heidelberg gebied. Die primêre skool in Heidelberg wat ingesluit is in die steekproef is deel van die Hasenleiser Gesamtschule (5.2.5.2.2).

HOOFSTUK 2. BEGAAFDE LEERLINGE


2.1 Inleiding

Die literatuurstudie waarvan melding gemaak is in 1.7.1 sluit 'n studie rakende aspekte soos die omskrywing van begaafdheid, kategorieë van begaafde leerlinge en die beleid ten opsigte van onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge in Transvaal en **Baden-Württemberg** in. In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van die inligting wat deur die literatuurstudie ingewin is.

2.2 Kenmerke van begaafdheid

Wanneer die begrip begaafdheid ter sprake kom, moet eerstens in gedagte gehou word dat dit om 'n wesenlike kwaliteit van die kind (mens) as persoon gaan. Volgens Neethling (1984:97) kan die vermoë of potensiaal wat 'n kind as begaaf laat kwalifiseer, nie verdwyn of minder word nie. Die kind en sy persoonskwaliteit, dit wil sê ook begaafdheid as 'n besondere kwaliteit, staan nie los van mekaar nie maar is 'n totaliteit (RGN, 1986:24).

Renzulli (1978:182) beklemtoon die interafhanklikheid van, en die wisselwerking tussen die drie komponente van wat hy noem die "three ring conception" of die oorkoepelende drie-sirkel konsep van begaafdheid. Hierdie drie komponente dra in hoofsaak by tot die aktualisering van die kind se potensiële vermoë. Navorsing op kreatief-begaafde persone het aangetoon dat nie een enkele eienskap aangelê kan word om begaafdheid te identifiseer nie. Dit is eerder 'n kombinasie van eienskappe (Renzulli, 1977:33). Hierdie kombinasie bestaan uit:
a) bo-gemiddelde intelligensie b) taaktoegewydheid (intrinsieke gemotiveerdheid) en c) kreatiwiteit.



Voorstelling van Renzulli (1977) se *Drie-sirkel Konsep*

Figuur 1

Wanneer daar na die komponente van begaafdheid soos hierbo genoem gekyk word, moet aanvaar word dat 'n IK-syfer van 130+ as 'n redelike veilige maatstaf van bo-gemiddelde intellektuele vermoë aanvaar kan word. Ongeveer 2,28% van die skoolbevolking in die Republiek toets bokant 130 en dit is ook die syfer wat die Transvaalse Onderwysdepartement as identifiseringskriterium aanbeveel (RGN, 1986:39). Taaktoegewydheid is "...die intrinsieke motivering wat 'n dryfkrag word tot uitsonderlike prestasie, wat bydra tot die afbreek van grense, wat die kind beperkinge laat oorkom en waar harde werk die middel tot 'n einddoel is" (Viljoen, 1984:7). Kreatiwiteit, hoewel moeilik definieerbaar en meetbaar, het te doen met die deurbreek van grense, met oorspronklike denke, innovering, met onkonvensionele denke wat kan lei tot nuwe hipoteses en ongewone strukture en oplossings (Neethling, 1984:18).

Elkeen van die genoemde komponente is ewe belangrik en die een moet nie meer as die ander beklemtoon word nie. Bo-gemiddelde intelligensie alleen is dus nie voldoende vir 'n leerling om sy potensiaal te bereik nie. 'n Positiewe houding, wilsterkte, doelgerigte en volgehoue leergierighied is voorvereistes vir die aktualisering van sy superieure vermoëns (Taylor en Van der Westhuizen, 1983:30). Hierdie leergierigheid moet voortdurend geprikkel word deur die daarstel en die beskikbaarstel van inligting. Kinders wat 'n interaksie tussen die drie komponente toon, het 'n wye verskeidenheid

opvoedkundige geleenthede en dienste nodig wat gewoonlik nie deur die gewone onderrigprogramme en fasiliteite voorsien word nie (Smit, 1986:69).

Die mees algemene persoonlikheidseienskappe van die begaafde leerling wat in skoolverband opgemerk word is die volgende:

* 'n Uitsonderlik hoë verstandsvermoë en 'n konstante hoë prestasie in alle vakke.
* 'n Uitsonderlik goeie taal-, wiskundige, kuns-, musiek- of meganiese vermoë en konstante uitsonderlik hoë prestasie op die betrokke terrein.
* 'n Besondere redeneervermoë.
* Oorspronklike kreatiewe denke.
* Goeie menseverhoudinge.
* Uitstekende prestasie in sekere sportsoorte.
* Besondere kennis en vaardighede.
* Goeie konsentrasie- en deursettingsvermoë.
* Weetgierigheid. Stel unieke en sinvolle vrae en beskik oor 'n wye algemene kennis.
* Vermoë om logies en analiserend te dink en te redeneer.
* Onafhanklike denke, optrede en werkverrigting.
* Besonder verbeeldingryk. Openbaar oorspronklikheid om probleme op te los en beskik oor 'n wye verskeidenheid van idees (TOD, 1986:187)

Mönks (1986:41) beskryf naas Renzulli se drie-sirkel konsep wat die inherente einskappe van begaafde leerlinge beskryf, ook eksterne werklikhede soos sosio-ekonomiese faktore, waarbinne begaafde leerlinge hulle bevind en wat 'n invloed op die ontwikkeling en ontplooiing van hierdie kinders het.

2.3 Kategorieë van begaafde leerlinge

Drie kategorieë begaafde leerlinge word deur die TOD (1986a:186) onderskei:

(1) Verstandelik begaafde leerlinge: Leerlinge wat in alle vakke konsekwent uitsonderlik hoog presteer. Die TOD maak vir hierdie kategorie van begaafde leerlinge in skoolverband voorsiening deurdat hierdie leerlinge alle vakke op hoër graad, en/of meer as die vereiste ses vakke mag aanbied (TOD, 1986a:184).

(2) Spesifiek begaafde leerlinge: Leerlinge wat net in een vak of skoolaktiwiteit konsekwent uitsonderlik hoog presteer. Die TOD maak vir hierdie kategorie van begaafde leerlinge in skoolverband voorsiening in die magneetskole vir kuns, ballet en musiek (TOD, 1986a:184).

(3) Begaafde/spesifiek begaafde onderpresteerders: Leerlinge wat ten spyte van 'n besondere vermoë potensiaal of persoonskwaliteit, nie blyke van begaafdheid openbaar nie. Die TOD beskou hierdie leerlinge nie as 'n homogene groep nie aangesien onderprestering van tydelike aard kan wees. Begaafde/spesifiekbegaafde onderpresteerders word as individeuele gevalle hanteer deur of die onderwyservoorligter of die Opvoedkundige Hulpdiens (TOD, 1986a:348).

Benewens die bogenoemde wyses waarop die TOD vir die drie kategorieë van begaafde leerlinge voorsiening maak, is buitekurrikulêre sentra tot stand gebring om verdere geleentheid te bied aan veral akademies begaafde leerlinge om hulle kennis en vaardighede uit te brei (TOD, 1986a:184).

2.4. **Onderwysvoorsiening vir begaafde leerlinge in Transvaal**

2.4.1 *Inleiding*

Onderwysbeplanning en onderwysvoorsiening vir Blankes geskied in Suid-Afrika op 'n nasionale grondslag deur die *Departement van Onderwys en Kultuur* (Volksraad) met 'n beleid van gedifferensieerde onderwys wat spruit uit die feit dat alle mense gelykwaardig is, maar dat hulle op grond van onder andere verstandsvermoë, aanleg, belangstelling en emosionaliteit, kwalitatief van mekaar verskil. Hierdie individuele verskille tussen mense en dus ook kinders, noodsaak gedifferensieerde onderwys om leerlinge die geleentheid te bied om ooreenkomstig hul vermoëns onderwys te ontvang (RGN, 1986:6).

Onderwysvoorsiening vir begaafde leerlinge geskied in Suid-Afrika binne en aanvullend tot die hoofstroomonderwysbedeling. "Formele voorsiening van onderwys aan begaafde leerlinge is alleen moontlik as differensiasiestrategieë geïmplementeer word. Differensiasie kan gekwalifiseer word as onderwyskundige maatreëls om individuele leerlinge die geleentheid te gee om hulle vermoëns maksimaal te verwerklik" (RGN, 1986:580).

Daar bestaan verskillende onderwysvorme deur middel waarvan die onderwys van begaafde leerlinge binne en aanvullend tot die onderwysstelsel georganiseer kan word. Die RGN het in sy *Verslag van die werkkomitee: onderwys vir hoogbegaafde leerlinge* (1986:111) die volgende onderwysvorme, soos dit in verskillende lande toegepas word, geïdentifiseer:

(1) Spesiale skole

Spesiale skole verskaf onderwys aan begaafde leerlinge wat in al hulle vakke uitsonderlik hoog presteer.

(2) Magneetskole

Magneetskole maak vir begaafde leerlinge van 'n bepaalde streek of van 'n stad spesiale voorsiening vir die onderwys in een of twee areas van die kurrikulum, byvoorbeeld kuns en musiek.

(3) Magneetklasse

Magneetklasse word saamgestel uit begaafde leerlinge wat op 'n deeltydse grondslag saamgegroepeer word om onderwys in spesifieke vakke te ontvang.

(4) Buitekurrikulêre sentrums

Buitekurrikulêre sentrums verskaf op 'n naskoolse grondslag deurlopend verrykte onderwysprogramme op 'n gesistimatiseerde wyse aan leerlinge om aanvullend tot die vakke op skool, verrykende leerervarings in 'n verskeidenheid vakgebiede aan begaafde leerlinge te verskaf.

(5) Gevorderde plasing

Met gevorderde plasing word bedoel dat begaafde leerlinge reeds op skool kursusse in universiteitsvakke kan volg en krediete verwerf wat hulle in staat stel om na skoolverlating met gevorderde kursusse vir graadstudie voort te gaan.

(6) Somer-/winter-/vakansieskole aan tersiêre-onderwysinrigtings.

Spesiale onderwysprogramme met 'n verrykingstrekking word deur tersiêre-onderwysinrigtings gedurende skoolvakansies aangebied waarby begaafde leerlinge van skole in 'n bepaalde gebied betrek word.

(7) Verrykingsonderwys in die gewone klas

Verrykingsonderwys vir begaafde leerlinge in die gewone klas beteken dat aan 'n individuele leerling of 'n groep leerlinge in die klas meer gevorderde werk gegee word om deur middel van leerervaringe die leerlinge probleemoplossingstrategieë te laat verken.

(8) Spesialis-onderwyser.

Aan skole waar die getalle begaafde leerlinge 'n pos bykomend tot die diensstaat regverdig, word spesialis-onderwysers (gekeur en opgelei vir die onderwys van begaafde leerlinge) aangestel vir die onderwys van hierdie leerlinge (RGN, 1986:582)

2.4.2 *Onderwysvorme vir begaafde leerlinge in Transvaal*

Die Transvaalse Onderwysdepartement omskryf die onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge in sy *Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie* (1986a:184) soos volg: "Dit is in landsbelang dat die unieke moontlikhede van elke leerling ten volle ontwikkel word. Omdat die begaafde leerling se besondere onderwysbehoefte nie geïgnoreer mag word nie, is verdere geleentheid *binne en buite* die normale skoolprogram geskep om te verseker dat daar in hierdie spesifieke behoeftes voorsien word." Onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge in Transvaal geskied vervolgens op verskillende maniere:

a) spesiale magneetskole vir leerlinge met 'n hoë aanleg vir kuns, ballet en musiek,
b) rekenaarwetenskap as eksamenvak,
c) kurrikulumuitbouing: alle vakke op hoër graad en/of meer as die vereiste ses vakke
d) buitekurrikulêre sentrums vir begaafde leerlinge (RGN, 1986:52).

2.4.3 *Identifisering van begaafde leerlinge in Transvaal*

Die doel met die identifisering van begaafde leerlinge in Transvaal is om sulke leerlinge op opvoedkundigverantwoordbare wyse uit te ken. Vroegtydige uitkenning of identifisering van begaafde leerlinge is belangrik met die oog op die inskakeling van 'n spesifieke onderwysprogram ten einde onderprestasie, frustrasie en gedragsprobleme te voorkom (TOD, 1986a:187).

2.4.3.1 *Kriteria vir die identifisering van begaafde leerlinge*

(1) Leerlinge se verstandsmoontlikheid

Die verstandsmoontlikheid gee 'n beeld van 'n leerling se moontlike of verwagte skolastiese prestasievlak. 'n IK-snypunt van 130 word deur die TOD aanbeveel.

(2) Leerlinge se skolastiese prestasie

'n Konstante gemiddelde skolastiese prestasie van 85% word vir primêreskool-leerlinge en 80% vir sekondereskool-leerlinge deur die TOD voorgestel.

(3) Resultate van aanleg- en bekwaamheidstoetse

Veral met betrekking tot die spesifiek begaafde leerling (in byvoorbeeld kuns, musiek of drama) kan die resultate van aanleg- en bekwaamheidstoetse met vrug gebruik word. Die resultate is ook nuttig wanneer die leerlinge se skolastiese prestasie en verstandsmoontlikheid met mekaar geverifieer moet word, veral wanneer dit gaan om 'n moontlike onderpresteerder.

(4) Die ouers se evaluering

Met behulp van onderhoude en vraelyste, kan die volgende volgens die TOD aangaande die begaafde leerling bepaal word:

Die ouderdom waarop die kind begin praat het, selfstandig begin sit en begin loop het. By begaafde leerlinge geskied dit in 'n vroeër stadium as by die gemiddelde leerling.

Die tempo waarteen taalverwerwing plaasgevind het. Weer eens geskied dit in 'n vroeër stadium en teen 'n vinniger tempo as by die gemiddelde leerling.

(5) Die portuurgroep se evaluering

Volgens die TOD kan 'n kort vraelys wat deur leerlinge wat in in dieselfde klas is, ingevul word om begaafde leerlinge te help identifiseer. Leerlinge is in baie gevalle beter waarnemers as wat algemeen aanvaar word, en hulle is in baie gevalle terdeë bewus van hulle klasmaats se vermoëns (TOD,1986a:189).

(6) Klas-/vakonderwyser se evaluering as kriterium

Aangesien die klas-/vakonderwyser elke leerling se prestasie, belangstelling, aanleg en persoonlikheid die beste ken, kan sy evaluering en kennis van die leerling met groot vrug gebruik word.

(7) Kriteria vir identifisering van die spesifiek begaafde leerling

Die leerling wat besonder goed presteer in een of meer skoolvakke (byvoorbeeld wiskunde en /of wetenskap), sang musiek, ballet, skilderkuns, beeldhoukuns, redenaarskap, sport, ens. kan as 'n spesifiek begaafde beskou word. Volgens die TOD (1986a:190) is dit belangrik om daarop te let dat 'n spesifieke begaafdheid nie noodwendig in alle gevalle met 'n hoë verstandsmoontlikheid gepaard gaan nie.

2.4.4 *Grense van die sentrums vir begaafde leerlinge*

Amptelike voorsiening vir begaafde leerlinge in Transvaal sien soos volg daar uit: Geselekteerde leerlinge van skole wat nader as 100 km van 'n buitekurrikulêre sentrum vir hoogbegaafde leerlinge geleë is, woon die sentrum weekliks by:

(1) Noord Transvaal (Pretoria).
Leerlinge van skole binne die Noord-Transvaalstreek, sowel as Komprehensiewe Eenheid in Rustenburg.

(2) Oosrand (Elspark).
Leerlinge van skole binne die Oosrandstreek, sowel as in Komprehensiewe Eenhede Alberton, Heidelberg-Nigel, Germiston-Noord en die skole in die Meyerton-gebied.

(3) Sentraalrand (Johannesburg)
Leerlinge van skole in die Sentraalrand-streek,, (behalwe Komprehensiewe Eenheid Germiston-Noord), sowel as in Komprehensiewe Eenheid Suidrand, Roodepoort, Krugersdorp en Randfontein.

(4) Wes-Transvaal (Potchefstroom)

Leerlinge van skole in die Wes-Transvaalstreek, sowel as in Komprehensiewe Eenhede Carletonville, Vanderbijlpark en die skole in die Vereeniging-gebied (TOD, 1986a:192.2).

Die buitekurrikulêre sentrums vir hoogs begaafde leerlinge is tot stand gebring om verdere geleentheid te bied aan veral akademies hoogsbegaafde leerlinge om hulle kennis, vaardighede en talente uit te brei. Dit bied na skoolure en tydens vakansies onderrig aan geselekteerde begaafde leerlinge en die verrykingsonderrig is sodanig beplan dat dit die kurrikulêre program van die skool aanvul en leerlinge die geleentheid bied om in 'n akademiese atmosfeer te assosieer met ander begaafdes (TOD, 1986a:185).

2.5 Onderwysvoorsiening vir begaafde leerlinge in Baden-Württemberg (Wes-Duitsland).

2.5.1 *Inleiding*

In elk van die elf **Bundesländer** van die **Bundesrepublik Deutschland** val die openbare of staatskole onder die **Kultusminister** van die spesifieke **Bundesland.**

Die verskillende soorte staatskole is in die hele **Bundesrepublik** dieselfde.

Alle leerlinge wat die staatskole besoek gaan vir vier jaar na die **Grundschule** met ander woorde vanaf 6 jaar tot 10 jaar. Aan die einde van die vierde skooljaar word 'n eksamen afgelê. Na aanleiding van hierdie eksamenpunt, maar ook die leerling se algemene prestasie oor die afgelope vier jaar, word die leerling aanbeveel na een van die volgende skooltipes:

i. **Gymnasium.** Vanaf klas 5 tot 13. Hier moet twee en soms drie verpligte, vreemde tale geneem word. **Abitur,** of te wel klas 13 is 'n voorvereiste vir toelating tot 'n Universiteit. Slegs ongeveer 20% van alle sekondêreskool-leerlinge kwalifiseer vir toelating tot die **Gymnasium**

ii. **Realschule.** Vanaf klas 5 tot 10. Hier moet een verpligte vreemde taal geneem word en die leerinhoude is nie op dieselfde ingewikkeldheidsgraad as diè van

die **Gymnasium** nie. 40% van alle sekondêreskool-leerlinge kwalifiseer vir toelating tot die **Realschule**.

iii. **Hauptschule.** Vanaf klas 5 tot 9. Een vreemde taal kan geneem word maar is nie verpligtend nie. 40% van alle sekondêreskool-leerlinge kwalifiseer vir toelating tot die **Hauptschule** (Führ, 1979:61).

2.5.2 *Identifisering van begaafde leerlinge in Baden-Württemberg*

Die identifisering van begaafde leerlinge het in die **Bundesrepublik Deutschland** 'n lang en ingewikkelde politieke geskiedenis waarvan kennis geneem moet word om die huidige houding en gesindhede teenoor begaafde kinders en hulle behoeftes te verstaan.

In die **Bundesrepublik Deutschland** bestaan daar op die oomblik geen amptelike beleid in verband met òf die identifisering van begaafde leerlinge òf die voorsiening van spesiale onderwysprogramme aan begaafde leerlinge nie (Baden-Württemberg Ministerium für Kultus und Sport, 1988:12). Daar bestaan volgens Urban (1982:9) egter twee redes waarom dit vir die **Bundesrepublik Deutschland**, soos vir ander lande, belangrik is om met die tema *hoogsbegaafd* besig te wees. Die eerste rede is dat die hoogsbegaafde mens deur die eeue heen, weer en weer die onderwerp van belangstelling van onder andere natuurwetenskaplikes, politici en filosowe was. Die swaartepunt van belangstelling is dikwels verskillend by die verskillende benaderings. Die tweede rede daarvoor is dat die heersende bewussynstand van die hedendaagse mens en die samelewing waarbinne hy fungeer, 'n bepalende invloed het op die verskillende uitgangspunte waarmee die begaafde en sy wêreld betrag word.

Wat vir Duitsland van voor die Tweede Wêreldoorlog as begaafd gegeld het, hoef dit nie nou meer te wees nie, en wat vir Suid-Afrika as begaafd geld hoef nie vir Duitsland te geld nie. Dat daar wel so 'n potensiaal in elke land bestaan, is seker en gewis, maar hoe elke samelewing dit hanteer gaan verskil. Urban stel dit soos volg: "Die Komplexität und Differziertheit ökonomisch-wirtschaftlicher und kultureller Systeme auf nationaler und internationaler Ebene nimmt zu. All diese Probleme verlangen für ihre Bewältigung heute und vor allem in Zukunft ein wachsendes Potential von Menschen, die über hervorragende intellektuelle und kreative sowie allgemein humane Fähigkeiten verfügen. Kein Staat, dessen Handlungsmaxime das gegenwartige und zukunftige Wohl aller seiner Burger im internationalen Kontext darstellt, kann es verantworten oder sich leisten, *einen*

grossen Teil der intellektuellen, schöpferischen und sozialen Fähigkeiten seiner Kinder unentdeckt und ungefördert zu lassen" (my kursivering) (Urban, 1982:9).

2.5.3 ***Beleid ten opsigte van onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge***

2.5.3.1 *Sosiale gelykheid*

Gedurende die Derde Ryk, net voor die Tweede Wêreldoorlog het die **Nationalsozialismus** in Duitsland hoogty gevier. Hierdie oordrewe nasionale gevoel van die Duitse volk wat hulle self as die **Herrenvolk** en beter as alle ander volke betrag het, het tot gruweldade en gevolglik die ondergang van hierdie ryk gelei. In die na-oorlogse Duitsland vind 'n mens nou nog hierdie vrees daarvoor dat een groep mense dalk kan dink hulle is beter as ander en daarom is hulle hipersensitief vir enige teken van sosiale ongelykheid (Heller, 1986:67).

Hierdie vrees vir sosiale ongelykeberegtiging vind ons dan ook in hulle onderwysbeleid: " Das Prinzip der Förderung aller Schülerinnen und Schüler mit dem Leitsatz der *optimalen Entwicklung der individuellen Fähigkeiten* jedes einzelnen Menschen muss das Ziel der Schule sein und *nicht Elitebildung oder Auslese*" (my kursivering) (Gewerkschaft Erziehung und Wissenschaft, 1989:3). Die identifisering van begaafde leerlinge as 'n groep op hulle eie word deur die meeste Duitse politici en opvoedkundiges as juis die vorming van so 'n elitegroep gesien (Feger, 1986:139).

2.5.3.2 *Gelyke kansebeginsel*

Mönikes (1984:155) het bevind dat dit volgens Duitse wetgewing die demokratiese **Grundrecht** van elke mens is om onderwys te ontvang wat in ooreenstemming met sy behoeftes, vermoëns en belangstellings is. Elke kind kan in Duitsland, op grond van die grondwet, aanspraak maak op die besmoontlike uitbouing van sy vermoëns. Verder word daar ook nog in die *Internationalen Charta der Rechte des Kindes* die volgende as voorwaarde gestel "...die Verwirklichung gleicher Bildungs- und Entwicklungschancen für alle Kinder" (Urban, 1982:10).

Bogenoemde uitsprake moet dan ook op begaafde kinders van toepassing wees, maar in Duitsland was die gedagte dat begaafde leerlinge ook die reg het op die optimale uitbou van sy vermoëns, tot onlangs toe nog vreemd. Waarskynlik is hierdie gedeeltelike gebrek

aan begrip te verklaar vanuit 'n eensydige verklaring van die **Chancengleichheitsprinzip** (gelyke kansebeginsel) (Heitzer, 1984b:41). Idenburg (1967:163) wys daarop dat onder gelyke kanse verstaan word dat aan alle kinders, afgesien van verskillende sosio-ekonomiese vlakke van die ouers of van geografiese geïsoleerdheid, gelyke geleenthede gegee moet word om hulle hoogste sport te bereik.

Daar gaan egter al meer stemme op dat die beginsel van *gelyke kanse* in die praktyk nie net eensydig in werking gestel moet word nie, maar dat dit ook die hoogsbegaafde ondersteun. Die doel kan tog nie wees om elke mens in presies dieselfde toestand as alle ander te verplaas nie "...sondern die freie und faire Chance für jedes Individuum, die speziellen Fähigkeiten und Begabungen zu entwickeln, mit denen es ausgestattet ist" (Urban, 1982:10).

Urban (Spies, 1984:18) noem Wes-Duitsland, as dit kom by die identifisering en onderrig van begaafde leerlinge, 'n **unterentwickeltes Land**. Dit is op die oomblik nie landsbeleid om begaafde leerlinge te identifiseer nie (Mönikes, 1984:154). Sommige privaatskole doen dit tog, byvoorbeeld **Jugenddorf-Christophorusschule Braunschweig** (Eichholz, 1984:65). By uitsondering word begaafde leerlinge in die **Gymnasium** geïdentifiseer om hulle dan in **Arbeitsgemeinshaften** verdere geleenthede tot ontplooiing van hulle begaafdheid te gee, bo en behalwe die gewone skoolwerk (Uszkurat, 1984:165).

In 'n onderhoud deur die navorser met die Rektor van die **Pädagogische Hochschule Heidelberg**, het dit dan ook aan die lig gekom dat daar op die oomblik geen opleiding aan onderwysstudente gegee word met die oog op die opvoeding van begaafde leerlinge nie.

HOOFSTUK 3. INLIGTINGSBEHOEFTES VAN BEGAAFDE LEERLINGE

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van die literatuurstudie (1.7.1) veral ten opsigte van die besondere behoeftes van begaafde leerlinge. In hierdie hoofstuk word ook verslag gedoen van die inligting wat verkry is deur die analitiese metode (1.7.2.1.1) wat gebruik is om die programme van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom en programme vir begaafde leerlinge in Heidelberg te ontleed. Die twee aspekte word met mekaar in verband gebring om te bepaal watter tipe bronne deur begaafde leerlinge benodig word en watter ingewikkeldheidsgraad van bronne benodig word.

3.2 Besondere behoeftes van begaafde leerlinge

Die eerste vraag wat by 'n mens opkom is: Het die begaafde leerling besondere behoeftes wat anderssoortig is as diè van ander leerlinge? Daar kan geredeneer word dat hy juis in 'n bevoorregte posisie is as gevolg van sy verstandelike of kreatiewe potensiaal en dat spesiale programme en onderwysvoorsiening bedekte akademiese seleksie of onregverdige bevoordeling van die indiwidu bo ander leerlinge is. Gallagher (1988:112) beweer dat dit natuurlik en menslik is om te voel dat geen spesiale voorsiening vir begaafde leerlinge nodig is nie, aangesien hulle in alle geval bo sal uitkom. Taylor en Van der Westhuizen (1983:48) haal egter navorsingsgegewens aan wat die teendeel bewys naamlik dat die begaafde leerling ten spyte van 'n besondere vermoë, nie op sy eie tot volle ontplooiing kan kom nie en dat begaafde leerlinge sonder die nodige begeleiding dikwels onderpresteerders is.

In die geval van spesiale onderwys is dit meer dikwels die liggaamlik gestremde en die verstandsgestremde leerlinge as die begaafde leerling wat die simpatie opwek (Gallagher, 1988:107). Begaafde leerlinge lyk op die oog af asof hulle,oor die weg sal kom sonder spesiale konsiderasie. Meyer (1983:17) het dan ook gevind dat spesiale onderwys in Suid-Afrika meer aandag aan leerlinge met leergestremdhede gee as aan begaafde leerlinge. Begaafde leerlinge word volgens Meyer (1983:17) as vanselfsprekend deur die gemeenskap aanvaar en word aan buitengewone hoë eise onderwerp, dikwels sonder hulp.

3.2.1 *Spesiale hulp*

In teenstelling met wat die algemene opvatting mag wees, presteer begaafde leerlinge nie sonder hulp nie. Aan die ander kant toon begaafde leerlinge wat wel onderrig in die spesiale programme soos aangebied by 'n buitekurrikulêre sentrum vir begaafde leerlinge ontvang het, 'n besondere verbetering in hulle selfbegrip, verhoudinge met ander en akademiese en kreatiewe prestasies. In die onderrig aan begaafde leerlinge is hulp die wagwoord en daarom is hulp in die ontsluiting van die werklikheid en die aanvaarding van verantwoordelikhede belangrik. Ter ondersteuning hiervan is die beskikbaarstelling en die toeganklikmaking van inligting belangrik sodat begaafde leerlinge tot volle selfontplooiing kan kom (Taylor en Van der Westhuizen, 1983:16).

Die begaafde leerling is affektief net so hulpbehoewend as enige ander kind (Neethling,1984:39). Hy is besonder afhanklik van erkenning en aanvaarding en hy het 'n behoefte aan vertroue in hom as volwaardige mens. Persone wat met hierdie leerlinge werk moet hulle nie as 'n bedreiging sien nie maar albei partye moet tot die besef kom dat prestasie nie outomaties kom as die potensiaal daar is nie en dat sukses alleen bereik word deur harde werk (Gallagher, 1988:111). Persone en instansies soos biblioteke kan spesiale hulp aan begaafde leerlinge verleen indien hulle bewus is van die spesiale behoeftes, soos byvoorbeeld die behoefte aan spesiale inligtingsbronne, van begaafde leerlinge

3.2.2 *Differensiestrategieë*

Ten spyte van die feit dat daar in skole in Suid-Afrika erkenning verleen word aan die feit dat indiwiduele verskille tussen leerlinge bestaan, word leerlinge steeds saam gegroepeer, word metodes en media so gekies dat almal in 'n groot groep betrek kan word en word almal aan dieselfde leervolgorde onderwerp (Viljoen, 1984:1). Die *leervolgorde* soos Viljoen dit noem bestaan daaruit dat dieselfde verpligte leerinhoude behorende tot 'n gegewe vak, op 'n bepaalde vlak en qor 'n bepaalde tydperk aan leerlinge van 'n spesifieke standerd aangebied word (RGN, 1986:378).

Die TOD maak van differensiasiestrategieë gebruik as onderwyskundige maatreëls om individuele leerlinge en ook begaafde leerlinge die geleentheid te gee om hulle vermoëns maksimaal te verwerklik (RGN, 1986:580). Die vier moontlike differensiasiestrategieë wat wel toegepas kan word in begaafdekindonderwys, is versnelling, verryking,

individualisering en groepering. Elkeen van hierdie strategieë vereis 'n breër en uitgebreider bronneversameling as wat vir die gemiddelde leerling voldoende is.

3.2.2.1 *Versnelling*

Die doel van versnelling is volgens die RGN (1986:580) om aan begaafde leerlinge die geleentheid te bied om basiese kennis vinnig te verwerf om sodoende gouer die skoolprogram te voltooi en gouer tot hoër vlakke van abstraksie en probleemoplossing te kom. Daar bestaan verskillende vorme van versnelling byvoorbeeld standerdversnelling, vakversnelling, gevorderde plasing en vroeë skooltoelating. Laasgenoemde word deur die TOD toegepas en bestaan daar uit dat 'n kind tot graad een toegelaat kan word as hy voor 30 Junie van sy eerste skooljaar ses word.

Versnelling is gebaseer op die vermoë van begaafde leerlinge om nuwe inligting baie vinniger as die gemiddelde leerling te kan verwerk (Taylor en Van der Westhuizen, 1983:70). Inligting wat normaalweg vir 'n sekere ouderdomsgroep geskik is, word waar versnelling toegepas word, ook vir jonger leerlinge beskikbaar gestel aangesien die tempo waarteen kennis verkry word, versnel.

3.2.2.2 *Verryking*

Met verryking word bedoel die aanvulling van die kurrikulum deur middel van programme wat die geleentheid bied aan begaafde leerlinge tot 'n diepere ondersoek van 'n onderwerp of 'n studieterrein wat nie in die gewone skoolkurrikulum voorkom nie en wat die moontlikheid daarstel vir denkaktiwiteite en kreatiwiteitsbeoefening op 'n hoë vlak. Verrykingsprogramme is ingestel op die vermoë van die begaafde leerling om tot abstrakte veralgemenings te kom, om probleme indringend te ondersoek, om onder leiding van die onderwyser te analiseer, te sintitiseer en te evalueer (Taylor en Van der Westhuizen, 1983:74).

Die hoër denkvlakke soos evaluering, sintesevorming en ontleding wat die begaafde kind kenmerk, bring mee dat die inligting vir begaafde leerlinge verskil in breedte en diepte van diè van gewone leerlinge.

3.2.2.3 *Individualisering*

Op grond van die feit dat leerlinge (alle mense) van mekaar verskil met betrekking tot hulle vermoëns, is dit 'n nasionale strewe in die R.S.A. om aan elke kind die onderwysgeleentheid te gee om sy potensiaal ten volle te verwesenlik (RGN, 1986:581). Wanneer daar in die onderwys geïndiwidualiseer word, word daar volgens Taylor en Van der Westhuizen (1983:76) rekening gehou met die indiwidualiteit van elke leerling. Dit beteken dat die belangstelling, vermoë, leerstyl, gesindhede, voor-, en afkeure van leerlinge in berekening gebring word. Vir die onderrig van begaafde leerlinge staan hierdie fasette sentraal in die onderrigsituasie (RGN, 1986:581).

Die begaafde leerling se besondere vermoëns en sy uniekheid ten opsigte van een of ander aspek of in die algemeen, plaas die klem op sy indiwidualiteit. Volgens Taylor en Van der Westhuizen (1983:76) is individualisering in die onderwys van begaafde leerlinge, gerig op onderwysvoorsiening wat die leerlinge in staat stel om *selfstandig* aan die onderwysgebeure deel te neem.

Die klem wat hierdie onderwysstrategie op selfwerksaamheid, onafhanklike denke en kreatiwiteit plaas, vereis die beskikbaarstel van inligting wat die leerlinge in staat stel tot selfontdekking.

3.2.2.4 *Groepering*

Die RGN (1986:580) sien groepering as die bymekaarbring van leerlinge in onderrigsituasies volgens bepaalde kriteria. Groepering van begaafde leerlinge kan volgens uitsonderlike prestasies in *al hulle vakke* in aparte homogene klasse gegroepeer word. Spesifiek begaafde leerlinge kan ook in *enkele vakke* volgens prestasie en vermoëns homogeen gegroepeer word om in die individuele onderwysbehoeftes van spesifiek begaafde leerlinge te voorsien

3.2.3 ***Behoefte aan inligting***

Die verskillende onderwysstrategieë soos verryking en individualisering en onderwysvorme soos buitekurrikulêre sentrums vir begaafde leerlinge, vereis 'n wye verskeidenheid van werkvorme wat by die behoeftes van begaafde leerlinge inskakel en ook die beskikbaarstel van inligting en inligtingsbronne om aan hierdie behoeftes te

voldoen. Die voorsiener van inligting moet dus aspekte soos die geleentheid om selfstandig te werk, groter keuse van stof om 'n besondere konsep te begryp en te verklaar, eie en aangepaste evalueringsmetodes, klemverskuiwing van eksamengerigte leer na probleemoplossende leer in ag neem, wat alles daarop neer kom dat begaafde leerlinge andersoortige en meer inligtingsbronne benodig as wat vir gewone leerlinge die geval is.

"Begaafde leerlinge is natuurlike gebruikers van biblioteke en positiewe houdings teenoor biblioteke is belangrik" (Viljoen, 1984:15). Onnodige belemmering of beperkinge soos dat begaafde leerlinge nie lid van 'n biblioteek mag word nie of dat sekere bronne wat benodig word nie deur 'n biblioteek aangeskaf mag word nie, moet dus uit die weg geruim word. Biblioteekvoorsiening moet van so 'n aard wees dat begaafde leerlinge die minimum tyd hoef te gebruik om die materiaal te vind en die maksimum tyd om dit te gebruik.

Viljoen (1984:15) stel dit pertinent dat meer en beter fasiliteite tot die beskikking van begaafde leerlinge gestel moet word: "By die begaafde leerling is die appèl wat die normale klaskamerbronne tot hom rig, gou uitgeput. Hy het dus 'n behoefte aan 'n goedtoegeruste bronnesentrum, 'n groter en beter toegeruste biblioteek, rekenaars, taallaboratorium en so meer, wat hy kan aanwend om hom op die pad van volle verwesenliking van sy potensiaal voort te help."

Die kardinale vraag is of die begaafde leerling voordeel trek uit die spesiale programme wat die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom aanbied indien die inligtingsbronne wat vir hierdie programme benodig word nie beskikbaar is nie. 'n Duur onderneming sonder die gewenste resultate is onaanvaarbaar. Dit moet met ander woorde 'n volledig en goed toegeruste program wees met al die nodige voorsiening aan behoeftes en nie net halwe of gedeeltelike voorsiening nie. Dit sluit dus die voorsiening en beskikbaarstelling van inligtingsbronne in.

3.3 Programme van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge, Potchefstroom

3.3.1 *Rigtings wat aangebied word*

Die TOD maak deurgaans van die term *programme* gebruik as na die sillabusse vir buitekurrikulêre sentrums verwys word. Die doel hiervoor is om dit te onderskei van die sillabusse vir die gewone skoolkurrikulums (RGN, 1986:377).

Spesiale programme met verryking as doel word vir die buitekurrikulêre sentrums vir begaafde leerlinge in Transvaal deur die Transvaalse Onderwysdepartement opgestel. 'n Komitee vir elke vakgebied stel 'n program op en die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom, soos die ander drie sentrums van die TOD, maak hiervan gebruik. Die programme sien soos volg daar uit:

Seniorprimêre-onderwysfase (standerd 2,3,4).

Tematiese studies uit die volgende nege vakke:

- Engels
- Afrikaans
- Bybelkennis
- Geskiedenis
- Aardrykskunde
- Wetenskap
- Wiskunde
- Musiek
- Kuns en Drama.

Leerlinge in standerd 2 tot 4 ontvang een uur per week onderrig in al nege vakgebiede.

Juniorsekondêre-onderwysfase (standerd 5,6,7).

Hier maak leerlinge 'n keuse uit twee groepe vakke. Uit elke groep vakke word een vak gekies en die leerlinge ontvang dan onderrig vir een uur per week in elk van die gekose vakke.

Groep A:

Staatkundige en Wysgerige Studie
Taal- en Literatuurstudie in Afrikaans of Engels
Skeppende en Uitvoerende Kunste
Kommunikasiestudie
Geld- en Bankwese

Groep B:

Informatika (Rekenaarstudie)
Elektroniese Studie
Sterrekundige Studies
Petrochemiese en Geologiese Studie
Materiaalkunde

Seniorsekondêre-onderwysfase (standerd 8,9,10).

Leerlinge kies een vak uit enige van die twee genoemde groepe (A en B) en onderrig in die gekose vak duur twee uur per week.

Onderrig vind altyd aan die hand van leerinhoude plaas en leerinhoude binne die konteks van begaafdekindonderrig aan die sentrums vir begaafde leerlinge word kwalitatief ten opsigte van leerinhoude aan leerlinge binne die normale skoolkurrikulum aangepas. Die programme van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom is in ooreenstemming met Taylor en Van der Westhuizen (1983:32) se stelling: "Begaafdekindonderrig het veral betrekking op daardie onderrig wat te make het met die voorsiening van leeraktiwiteite wat kwalitatief verskil van die wat in die gewone kurrikulum aan die orde is, met die doel om die intellektuele en ander vermoëns wat begaafdes van ander leerlinge onderskei, op 'n sistematiese wyse te ontwikkel. Enige sodanige onderrig moet daadwerklike en doeltreffende ingryping behels ten einde leeraktiwiteite te inisieer wat verder strek as dié van leerlinge wat gewone onderwys ontvang."

Die programme van verrykingsonderrig wat by die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom aangebied word, oorvleuel nie onnodig met die skoolprogram nie, maar begrippe, veral dit wat vir verdere studie uiters geskik is, word stewig gevestig (Stone, 1989:3). Die klem val op die ontwikkeling van kreatiewe denke,

insig, probleemoplossing, wetenskaplike ondersoeke en die verbreding van algemene kennis (TOD, 1986a:185).

3.3.2 *Ontleding van programme*

3.3.2.1 *Tematiese studies* (senior primêre-onderwysfase, standerd 2,3,4)(TOD, 1986b)

In die program vir Tematiese Studies word beklemtoon dat binne die grense van die gewone skool met 'n junior en senior primêreskool-fase, gedifferensieerde onderwys nie aan die hand van gedifferensieerde sillabusse geskied nie. Daar word van die onderwyser in die gewone skool verwag om dieselfde sillabusse op verskillende wyses in verskillende moeilikheidsgrade aan die leerlinge bekend te stel. Met die program vir onderrig aan begaafde leerlinge aan die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge, word gepoog om binne die raamwerk van gedifferensieerde onderwys verdere aandag aan die besondere vermoëns en behoeftes van begaafde leerlinge in die seniorprimêre-skoolfase te gee. Die doel van die program is om die leerlinge op 'n metakognitiewe vlak, aanvullend tot die gewone skool, te onderrig en op te voed (TOD, 1986b:3).

In die program vir Tematiese Studie word dit as doelwit gestel om 'n belangstelling by die begaafde leerlinge te wek in aktuele temas in 'n verskeidenheid vakgebiede en onbekende studiegebiede wat nie normaalweg voorkom in die skoolkurrikulum van die besondere standerd waarin die leerlinge is nie. Van hierdie gebiede is byvoorbeeld die waarskynlikheidsteorie in wiskunde, translasie by transformasie en Oosterse musiek. Daar is egter geen bronne oor hierdie onderwerpe gevind in enige van die laerskoolmediasentrums wat besoek is nie. Dit bevestig die vermoede dat leerlinge wat inligting oor hierdie onderwerpe soek van ander biblioteekfasiliteite as die laerskoolmediasentrum gebruik moet maak of dat die nodige bronne deur die laerskoolmediasentrum aangeskaf moet word.

Dit word as didaktiese riglyn in die program vir Tematiese studie gestel, dat leerlinge toepaslike apparatuur en programmatuur gereeld behoort te gebruik, en dat leerlinge toegang behoort te hê tot 'n goed toegeruste naslaanbiblioteek. Leerlinge moet volgens die program "...georiënteer word ten opsigte van die meer gesofistikeerde ontsluitingstegnieke wat by kollege- en universiteitsbiblioteke toegepas word" (TOD, 1986b:7) Hierdie instansies stel egter nie hulle ontsluitingsapparatuur geredelik tot die beskikking van laerskoolleerlinge nie (kyk 4.7.1 en 4.7.2).

In die program vir standerd 2,3 en 4 word 'n bibliografie verskaf van boeke en films wat in die onderrig gebruik kan word. Die beginsel van selfstudie van die indiwiduele leerling word beklemtoon en aanbevelings met betrekking tot spesifieke naslaanwerke word gemaak. Die meeste van hierdie aangeduide bronne is in die verskillende primêre skole beskikbaar.

Die volgende programme word in die junior- en seniorsekondêre-onderwysfases aangebied. (Standerd 5,6,7,8,9 en 10).

3.3.2.2 *Staatkundige en Wysgerige Studies* (TOD, 1986e)

Die doelstelling hier is om belangstelling te wek in gebiede en temas wat normaalweg nie in die skoolkurrikulum voorkom nie. Verwysings na persone soos Polibius, Auguste Comte, Heidegger en ander (37 in totaal met die opsie dat die lys uitgebrei kan word) dien as vèrtrekpunt vir leerlinge om self verdere leeswerk te doen. 'n Uitgebreide naslaanversameling word hiervoor benodig wat nie in die kleiner skoolmediasentrums voorkom nie.

In standerd 7 word wetenskaplike strukture as tema behandel en praktiese werk in inligtingversameling wat sal lei tot doelgerigte biblioteekgebruik word aanbeveel.

In hierdie program is daar geen spesiale bibliografie van aanbevole media nie.

3.3.2.3 *Taal- en Literatuurstudie* (TOD, 1986f)

Die werkswyse in hierdie program bestaan uit die bybring van literêre teoretiese kennis aan die hand van ondersoeke van talle voorbeelde geskied. Dit word as noodsaaklik beskou dat die leerlinge die nodige kennis moet verkry om gehalte te kan onderskei. Dit impliseer gekontroleerde wydlees van biblioteekbronne, eerstens onder leiding van die onderwyser en dan deur selfstandige ondersoek van die leerlinge. Geen taalwetenskaplike studierigting is in die program opgeneem nie, maar die funksies van struktuurelemente word ondersoek en toegepas.

By die behandeling van prosa en poësie word heelwat titels van werke in die program genoem, maar dit word beskou as voorgestelde en nie as voorgeskrewe werke nie. Die beskikbaarheid van bronne speel hier dus 'n rol.

Die ondersoek van die aanwending van taalmiddele en styltegnieke aan die hand van prosastukke, toon aan dat biblioteke doelgerig geïntegreer behoort te word in die werkprogram.

'n Omvattende bibliografie word in elke afdeling van prosa, poësie en drama gegee. Die ondersoek gedoen by die verskillende sekondêre skole in Potchefstroom, het egter getoon dat aanbevole werke van ondermeer T.T.Cloete en Antjie Kroch nie in die mediasentrums of in die Mediagids voorkom nie. Leerlinge sal dus aangewese wees op alternatiewe biblioteekfasiliteite.

Ook in die programme vir Engels Eerste Taal word 'n wyer leeservaring voorgestel as wat in die gewone skool aangebied word en die program stel verder voor dat leerlinge die behandelde tekste fisies voor hulle moet hê terwyl dit behandel word.

3.3.2.4 *Skeppende en Uitvoerende Kunste* (TOD, 1986g)

Die program se leerinhoude sluit die vermoë om te evalueer in en leerlinge doen dit aan die hand van media soos televisieprogramme, films, koerantberigte, poësie, prosa en geskrewe dramateks te. Die sukses van hierdie program hang af van die integrering van verskillende media en die ondersteunende rol van die mediasentrum word beklemtoon. Dit is die doelwit van die program om die kind te prikkel om as uitvloeisel van die les te lees en navorsing te doen. 'n Goed toegeruste biblioteek is hiervoor 'n vereiste.

Die bibliografie wat voorkom is meer gerig op gebruik deur die onderwyser. In die geval van die hoër standerds (standerd 9 en 10) word 'n reeks letterkundige en speel-tekste as hulpbronne vir drama aanbeveel wat as 'n bibliografie beskou kan word.

3.3.2.5 *Kommunikasiestudie* (TOD, 1986h)

Die doelstelling van die program is om leerlinge se kennis van, en vaardighede in gebiede wat nie formeel deur die skoolkurrikulum gedek word nie, uit te brei. Onderwerpe soos interpersoonlike kommunikasie en visuele geletterdheid word behandel

en dit is deur middel van besoeke aan skoolmediasentrums vasgestel dat hoërskoolmediasentrums wel bronne oor hierdie onderwerpe het maar nie laerskoolmediasentrums nie, sodat die standerd 5 leerlinge, wat ook hierdie vak neem, van alternatiewe biblioteekfasiliteite gebruik moet maak.

Dit word verder as doelstelling van die program gestel om leerling tot verrykende studie aan te moedig, om nuttige en interessante agtergrondkennis te verwerf deur aanvullende leesstof, en om hom bekend te maak met die begrip van divergente en konvergente denke. Die program verskaf 'n omvattende lys van 16mm films (46 in totaal) wat gebruik kan word in die onderrig en wat van die Departement van Onderwys en Kultuur bestel kan word. 'n Bibliografie word verdeel in boeke wat geskik is vir gebruik deur leerlinge, boeke vir algemene lees- en studiedoeleindes en boeke wat deur onderwysers benut kan word in lesvoorbereiding.

3.3.2.6 *Geld-en Bankwese* (TOD, 1986c)

Hierdie program word sedert die begin van 1989 aangebied.

In die onderrigbenadering vir Geld-en Bankwese word die stimulering van selfstandige denke aanbeveel deur wyd oor aktuele ekonomiese vraagstukke te lees en mediasentrums behoort aktuele leesstof vir hierdie doel beskikbaar te stel.

Die ontwikkeling van navorsingsvaardighede wat kan lei tot doeltreffende wetenskaplike metodes om probleme op te los, word beklemtoon. Die ontwikkeling van navorsingsvaardighede soos onder andere die gebruik van tydskrifindekse binne die vakgebied, kan slegs deur middel van integrering met 'n mediasentrum geskied. Tydskrifindekse kom nie in enige van die skoolmediasentrums voor wat besoek is nie, en alternatiewe biblioteke sal dus gebruik moet vir die aanleer van hierdie vaardighede.

Binne hierdie program word dit as van kardinale belang beskou dat leerlinge die probleemoplossingsituasie sal sien as een waar die probleem nagevors moet word en inligting versamel moet word.

Geen bibliografie word gegee nie.

3.3.2.7 *Informatika* (TOD, 1986i)

Die teoretiese agtergrond vorm 'n klein gedeelte van hierdie program en die klem val eerder op die bybring van praktiese rekenaarvaardighede. Rekenaarhandleidings wat die verskillende rekenaartale soos PASCAL, BASIC en LOGO en rekenaartegnieke verduidelik, word nie genoem nie.

Die teoretiese agtergrond vereis egter 'n grondige kennis van begrippe soos algoritmes, matrikse en logiese veranderlikes, wat die gebruik van inligtingsbronne noodsaak. Na aanleiding van die besoeke aan die verskillende hoër- en laerskoolmediasentrums in Potchefstroom, is egter gevind dat slegs skole waar rekenaarwetenskap as skoolvak aangebied word, rekenaarbronne aanskaf word. Begaafde leerlinge wat Informatika by die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge neem en verbonde is aan skole waar die vak nie onderrig word nie, moet dus van alternatiewe biblioteekfasiliteite gebruik maak.

3.3.2.8 *Elektroniese Studie* (TOD, 1986j)

Die ontsluiting van kennis wat kundigheid en vaardigheid insluit, vind sò plaas dat leerlinge se belangstelling gewek word in gebiede wat nie normaalweg in die skoolkurrikulum voorkom nie. Die kundigheid moet verkry word uit bronne wat nie normaalweg vir gebruik in skoolmediasentrums gekeur word nie, omdat dit buite die skoolkurrikulum val.

Die teoretiese deel van die program dien as riglyn vir die werkskema vir eksperimentele, demonstratiewe en praktiese werk. Bronne wat nodig is vir die teoretiese agtergrond word nie genoem nie, maar die ingewikkeldheidsgraad van die werk beklemtoon dit dat leerlinge toegang tot 'n goed toegeruste naslaanbiblioteek moet hê.

3.3.2.9 *Sterrekundige Studie* (TOD, 1986d)

Die ontwikkeling van 'n wetenskaplike benadering by die leerlinge word ook verkry deur kennisname van vorige navorsing in sterrekunde en verwante wetenskappe soos wiskunde. Die inligtingsbronne in 'n biblioteek moet doelgerig en voordelig hiervoor geïntegreer word. "Foto's, prente, diagramme, atlasse, beskrywings in boeke en ander naslaanbronne kan effektief aangewend word" (TOD, 1986d:3).

Sterrekunde is nie 'n vak wat in die gewone skoolkurrikulum voorkom nie en daarom is die meeste van die bronne wat in die bibliografie van die program gegee word, nie in die skoolmediasentrums wat besoek is aanwesig nie. Sterrekunde is wel 'n stokperdjie van heelwat gewone skoolleerlinge, maar die ingewikkeldheidsgraad van die bronne wat hiervoor in aanvraag is, verskil van dié wat vir die onderrig van die begaafde leerlinge nodig is. Dit is opvallend dat die meeste van die aanbevole bronne vir hierdie program slegs in die biblioteek van die PU vir CHO beskikbaar is.

Verder val die klem op waarneming en die ontwikkeling van vaardighede in die hantering van instrumente en tegnieke en die vertolking van bevindinge.

3.3.2.10 *Petrochemiese en Geologiese Studie* (TOD, 1986k)

Die doelstelling van hierdie program is onder andere om basiese begrippe in verband met energie by die leerlinge tuis te bring en om leerlinge te voorsien van die geologiese agtergrond wat nodig is om die aarde en sy natuurlike hulpbronne - veral die energiebronne - beter te verstaan.

Basiese begrippe word opgevolg met inleidende anorganiese chemie asook 'n meer uitgebreide deel organiese chemie. Dit word aanbeveel dat 'n breë spektrum van bronnemateriaal soos tydskrif- en koerantartikels in die onderrig gebruik word.

'n Bibliografie of *behoeftelys* bestaande uit 14 boeke, 5 tydskriftitels, 'n skyfiereeks en pamflette word gegee. Dit word ook in die program aanbeveel dat die bronne vir elke sentrum aangekoop sal word. Steekproewe by die verskillende skoolmediasentrums het aangetoon dat die bronne nie daar beskikbaar nie.

3.3.2.11 *Materiaalkunde* (TOD, 1986l)

Navorsingsmetodiek as instrument vir die versekering van effektiewe uitvoering van navorsingswerk word beklemtoon. In die doelstellings word aanbeveel dat leerlinge tersaaklike gegewens uit inligtingsbronne moet kan versamel, selekteer en evalueer. Gedurende die laaste drie jaar van die program word die gebruik van wiskundige modelle behandel en in die program word verwys na die belangrikheid van die teoretiese onderbou hiervoor. 'n Verskeidenheid gepubliseerde en ongepubliseerde bronne word


genoem wat tot die beskikking van die begaafde leerlinge geplaas moet word om doeltreffende begaafdekindonderrig te verseker. Nie een van die bronne is egter in enige van die mediasentrums wat besoek is beskikbaar nie.

3.3.3. *Samevatting*

In 'n aantal programme kom pertinente aanduidings en voorstelle in sowel die doelstellings as die programinhoude, ten opsigte van die gebruik van media voor. Die beginsel van selfstandige studie en navorsing word in verskillende programme beklemtoon deur aanbevelings met betrekking tot naslaanwerk, selfwerksaamheid en leerlingdeelname. Uit die ontleding van die programme word dit ook duidelik dat die leerlinge toegang moet hê tot goed toegeruste biblioteke.

'n Lys van 270 bronne wat uit al die programme van die Buitekurrikulêre Sentum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom verkry is, is in die katalogusse van elk van die gekose biblioteke in Potchefstroom gekontroleer om vas te stel hoeveel van die aanbevole bronne elke biblioteek in sy besit het.

In watter mate die aanbevole bronne wel tot die beskikking van die begaafde leerlinge is, kan afgelees word van die balkgrafiek in figuur 2. Dit gee 'n aanduiding van die persentasie bronne wat elke biblioteek in sy besit het van die bronne soos aanbeveel in die programme van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge.



Voorkoms van aanbevole bronne in biblioteke in Potchefstroom
figuur 2

Uit hierdie balkgrafiek kan afgelees word dat die grootste persentasie van die aanbevole bronne vir die programme vir die juniorsekondêre- en seniorsekondêre-onderwysfase beskikbaar is in die biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit (57%) gevolg deur die biblioteek van die Potchefstroomse Onderwyskollege (43%), en die Openbare Biblioteek met (39%). Die hoërskoolmediasentrums (18%) voorsien dus sleg in 'n baie klein mate in die behoeftes van die begaafde leerlinge en laerskoolmediasentrums (7%). Laerskoolmediasentrums behoort te voorsien in die inligtingbehoeftes van begaafde leerlinge in die seniorprimêre-onderwysfase wat die programme van die Tematiese Studies (sien 3.3.2.1) bywoon. Die standerd 5-leerlinge val egter reeds in die

juniorsekondêre-onderwysfase en hoewel hulle nog in die laerskool is, en dus van die laerskoolmediasentrum gebruik maak, neem hulle van die gekose vakke soos uiteengesit in 3.3.1. Die implikasie hiervan is dat begaafde standerd 5 leerlinge eintlik saam met die begaafde hoerskoolleerlinge gereken word en hulle dus ook toegang tot hoërskoolmediasentrums behoort te hê, wat nie die geval is nie.

Hieruit is dit dus duidelik dat skoolmediasentrums nie alleen in die inligtingbehoeftes van begaafde leerlinge kan voorsien nie maar dat ander biblioteke ook 'n positiewe rol kan speel in die totale opvoedingsprogram van hierdie leerlinge.

3.4 Programme vir begaafde leerlinge in Heidelberg, Wes-Duitsland

3.4.1 *Programme binne die kurrikulum*

Soos reeds onder 2.3 aangedui is die **Gymnasium** die skooltipe waar die grootste persentasie begaafde leerlinge in Wes-Duitsland gekonsentreer is. Die **Schulgesetz von Baden-Württemberg** stel dit soos volg: "Das Gymnasium vermittelt für Schüler mit entsprechenden Begabungen und Bildungsabsichten eine breite und vertiefte Allgemeinbildung, die zur Studierfähigkeit führt" (Baden-Württemberg, 1988:i). Na die vierde klas lê alle leerlinge 'n eksamen af op grond waarvan hulle dan na die verskillende skooltipes aanbeveel word na gelang van hulle prestasie-vermoë. Slegs ongeveer 20% van alle skoolleerlinge word na 'n **Gymnasium** aanbeveel. Dit is dus moontlik om te sê dat dit hoogs waarskynlik is dat begaafde leerlinge in die **Gymnasium** te lande sal kom.

Die **Oberstufe** of senior fase van die **Gymnasium** is klasse 11 tot 13. Die klem word hier eerder op die verbreding en die verdieping van kennis gelê en nie soseer op die spesialisasie in enkele vakke nie. Duits, twee of drie vreemde tale, geskiedenis, wiskunde en natuurwetenskap is dus almal verpligte vakke vir **Abitur** (13de skooljaar) met 'n verskeidenheid van keusevakke soos musiek, kuns, aardrykskunde, etiek.

In die 12de en 13de skooljaar word die onderrig in die verskillende vakke verdeel in **Grundkurse** (basiese opleiding) en **Leistungskurse** (gevorderde opleiding). Leerlinge neem dan twee vakke op gevorderde vlak en die res op basiese vlak. Dit is veral in die vakke wat as gevorderde opleiding geld waar die begaafde leerling geken en gestimuleer

word. Die leerling van die **Abitur** kies self watter twee vakke hy op die gevorderde vlak wil neem. Die onderskeid in die aanbieding van vakke op gevorderde of basiese vlak is soos volg:

"**Grundkurse** dienen der allgemeinen Orientierung im Bereich eines Faches sowie der Sicherung einer breiten Grundbildung. Die Grundkurse vermitteln Einblicke in grundlegende Verfahrensweisen und prinzippielle Erkenntnisse über ein Fachgebiet sowie Methoden selbständigen Arbeitens.

"**Leistungskurse** dienen in besonderem Masse der allgemeinen Studienvorbereitung. Sie sollen in wissenschaftliche Methoden, Fragenstellungen und Denkweisen einführen und erweiterte Kenntnisse vermitteln" (Baden-Württemberg, 1988:2).

Hierdie **Leistungskurse** maak gebruik van verryking as onderwysstrategie en dit is veral die verkryging van wetenskaplike navorsingsmetodes binne 'n spesifieke vakgebied wat vir die leerling gedurende hierdie tyd baie belangrik is. Gedurende hierdie periodes wat deel is van die gewone skoolrooster, word hy blootgestel aan 'n wye en uiteenlopende veld van inligtingsbronne en gesigspunte. Hierdie bronne is vir die leerlinge van die **Gymnasien** in Heidelberg beskikbaar by die groot verskeidenheid van biblioteke wat tot hulle beskikking is.

Daar bestaan twee tipes **Gymnasien**, naamlik die **Algemeinbildende Gymnasium** (Algemene Gimnasium) wat 'n voorvereiste is vir toelating tot 'n Universiteit en die **Beruflichen Gymnasium** (Beroepsgimnasium) wat 'n voorvereiste is vir toelating tot 'n **Fachgebundene Hochschule** (Universiteite wat in 'n spesifieke rigting spesialiseer) (Führ, 1979:115). In die **Beruflichen Gymnasium** word veral klem gelê op beroepsgerigte vakke, waar van die vakke soos biologie en geskiedenis in kombinasie met beroepsgerigte vakke soos volg geneem kan word: Biologie en Landbouwetenskap; Chemie en Dieetkunde; Wiskunde en Rekenaarwetenskap; Geskiedenis en Gemeenskapskunde. Om 'n vakgebonde Universiteit te kan besoek moet **Abitur** aan 'n ooreenstemmende **Beruflichen Gymnasium** gedoen word. Die vier beroepsrigtings wat in Baden-Württemberg aan **Beruflichen Gymnasien** aangebied word is:

a) **Agrarwissenschaftliche Richtung.** (Landbouwetenskaplike rigting).

b) **Haushalts- und ernährungswissenschaftlice Richtung.** (Huishoudkunde en Voedingswetenskap).

c) **Technische Richtung.** (Tegniesewetenskap).

d) **Wirtschaftswissenschaftliche Richtung.** (Ekonomie).

Gespesialiseerde inligting is nodig vir die **Leistungkurse** van die verskillende beroepsgimnasiums en is meer navorsingsgerig as inligting wat benodig word deur leerlinge van die **Grundkurse.**

3.4.2 *Arbeitsgemeinschaften*

Arbeitsgemeinschaften (Klubs of verenigings) wat deur die **Gymnasien** georganiseer word voorsien in 'n groot mate in die spesiale behoeftes van begaafde leerlinge. Hierdie **Arbeitsgemeinschaften** word in die namiddag aangebied en onderwysers of ander persone wat 'n spesiale belangstelling het bied dit aan of lewer 'n praatjie. Onderwerpe soos die rekenaar, houtblaasinstrumente, astronomie of 'n taal soos Russies of Spaans word aangebied. Hierdie vak kan as dit 'n taal is, en reeds vanaf die 10de klas geneem word, in die twaalfde en dertiende jaar ook as 'n gewone eksamenvak verder geneem word. Dit dui op die kwaliteit van die onderrig in die **Arbeitsgemeinschaft** wat ook beoordeel word, weliswaar nie aan die hand van eksamens nie, maar punte word tog toegeken. Enige leerling kan aan die **Arbeitsgemeinschaft** deelneem en nie net begaafdes nie, maar dit is dikwels so dat belangstelling en begaafdheid gepaard gaan. Begaafde leerlinge word ook op grond van hulle besondere prestasie deur die onderwysers geïdentifiseer en aanbeveel vir deelname aan 'n **Arbeitsgemeinschaft** (Heitzer, 1984a:10).

By die **Bunsen-Gymnasium** in Heidelberg is een van die temas wat in die **Arbeitsgemeinschaft** aangebied word dan ook **Begabtenförderung** wat daaruit bestaan dat die leerlinge sekere temas oor 'n tydperk behandel. Die temas word willekeurig deur die onderwyser wat die klasse aanbied, in oorleg met die leerlinge gekies. Die skoolhoof moet egter die temas goedkeur. Oor die afgelope paar jaar is temas soos die leer van Paradoksie in Wiskunde, die rol van die EEG in Europa, en die vrou in die kerk behandel, almal temas wat nie gedurende gewone lesure behandel word nie en waarvoor daar ook nie geskikte bronne in die skoolmediasentrum is nie.

Uit onderhoude met van die onderwysers wat die klasse aanbied, het dit aan die lig gekom dat leerlinge aanbeveel word na inligtingsbronne wat nie geredelik in skoolmediasentrums voorkom nie. Die leerlinge maak gebruik van die **Universitätsbibliothek Heidelberg** maar die grootste getal koop self die bronne aan. Hierdie tendens kom oral in Wes-Duitsland voor aangesien Wes-Duitsland so 'n welvarende en ekonomies sterk land is. Onderwys is geheel en al gratis en bo en behalwe die gratis handboeke is boeke relatief goedkoper in Duitsland as in Suid-Afrika. Dit is vir ouers van begaafde leerlinge natuurlik om heelwat boeke wat hulle kinders mag nodig kry self aan te skaf. Die inligtingsbronne word wel vir die begaafde leerling beskikbaar gestel, maar nie noodwendig in 'n biblioteek nie.

3.5 Gevolgtrekking

Begaafde leerlinge in die twee gebiede Potchefstroom en Heidelberg het die vermoë om 'n groot verskeidenheid inligting en bronne produktief en effektief te benut indien dit beskikbaar is en hulle gelei en hulle belangstelling gewek word.

Die tipe materiaal wat vir begaafde leerlinge beskikbaar moet wees, moet nie net breër nie maar ook andersoortig wees met die oog op fleksibiliteit van interpretasie, en veelsydigheid. Dit moet uiteenlopende denkrigtings kan stimuleer, oorspronklikheid en kreatiwiteit kan aanwakker eerder as om net feite te verskaf wat gememoriseer kan word. "Materials should challenge gifted students to employ higher levels of thinking such as analysis, synthesis, and evaluation. Materials should provide students with opportunities to draw conclusions, to generalize, and to suggest other applications" (Jay, 1982:16).

Die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement is tans om sover dit die skoolmediasentrum betref, te voorsien in die inligtingsbehoeftes van die leerlinge soos uiteengesit in die kurrikulums van die Transvaalse Onderwysdepartement. Daar word nie spesifiek aandag gegee aan die behoefte aan gespesialiseerde inligtingsbronne soos benodig deur die leerlinge van die sentrums vir begaafde leerlinge nie. Die implikasie hiervan is dat begaafde leerlinge aangewese is op die inligtingsbronne van ander biblioteke wat egter in die meeste gevalle nie toeganklik vir leerlinge is nie.

In **Baden-Württemberg** laat die **Ministerium für Kultus und Sport Baden-Württemberg** en die **Landesinstitut für Erziehung und Unterricht Stuttgart** dit aan

die diskresie van die verskillende skole oor of hulle 'n mediasentrum wil inrig. Biblioteek samewerking tussen skoolmediasentrums en ander biblioteke maak 'n groot voorraad gespesialiseerde inligtingsbronne aan begaafde leerlinge beskikbaar.

HOOFSTUK 4. INLIGTINGSVOORSIENING AAN BEGAAFDE LEERLINGE IN POTCHEFSTROOM

4.1 Inleiding

Die empiriese ondersoek waarvan melding gemaak is onder 1.7.2 sluit 'n praktiese ondersoek in na die sentra vir begaafde leerlinge en die beskikbare biblioteke vir begaafde leerlinge in die gekose gebiede. Dit word ter plaatse uitgevoer deur gerigte onderhoude aan die hand van gestruktureerde vraelyste. Waarneming speel uiteraard 'n belangrike rol. In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van inligting wat deur diè empiriese ondersoek ingewin is slegs met betrekking tot die Potchefstroomgebied, terwyl in hoofstuk 5 weer van die ander gekose gebied, Heidelberg in Wes-Duitsland, verslag gedoen word.

4.2 Algemeen

Potchefstroom word as 'n plattelandse gebied gereken. Birnbaum, soos aangehaal deur Smit (1986:20) stel dit dat daar in plattelandse gebiede beperkte toegang tot gemeenskapsbronne en kontakpersone is omdat daar in hierdie gebiede minder museums, biblioteke, teaters, universiteite en laboratoriums as in die stede is.

Die grootte van die geografiese gebied wat die bepaalde gemeenskap huisves oefen egter wel 'n bepalende invloed uit op die struktuur waarbinne begaafdekindonderwys voorsien word. Die groot afstande wat gemeenskappe en skole in geografies-geïsoleerde gebiede skei, is 'n faktor waarmee wel deeglik rekening gehou moet word. Die ligging van opvoedkundige inrigtings soos kolleges en universiteite behoort in aanmerking geneem te word aangesien dit 'n invloed het op die beskikbaarheid van inligtingsbronne (Oberholzer, 1983:19). Waar die sentrum vir begaafde leerlinge naby sulke inrigtings geleë is, is dit wenslik dat dit vir die leerlinge van hierdie sentrums moontlik sal wees om vân hulle fasiliteite gebruik te maak.

4.3 Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge

4.3.1 *Dagskool*

Die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom bedien die hele Wes-Transvaal en ouers bring die leerlinge wat tot hierdie sentrum toegelaat is een keer

per week, soms oor groot afstande, na hierdie sentrum. Dit is dus wenslik dat leerlinge van hierdie sentrum, ook dié wat van die omgewing op 'n gereelde basis na Potchefstroom kom, toegang tot soveel as moontlik van die fasiliteite kan bekom.

Aangesien daar spesiale sentrums vir begaafde leerlinge in Transvaal is, lê die buitekurrikulêre onderrig van die begaafde leerlinge wat binne hierdie streke val, primêr op die weg van hierdie sentrums.

Die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom is in 1982 begin. Verrykingsprogramme in ooreenstemming met die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement word by die sentrum aangebied "... om die intellektuele vermoëns van die toekomstige leiers van ons land verder te stimuleer. Van groter belang as die kennis wat verwerf word, is die gepaardgaande karaktervorming, gesonde studiegewoontes en die stimulering en ontwikkeling van denkprosesse van begaafde leerlinge" (Onderwyskollege Potchefstroom, 1985:1).

Die sentrum bied klasse aan op 'n weeklikse basis na skoolure vir leerlinge van standerd 2 tot 10. Die programme word aangebied deur vakkundige persone verbonde aan plaaslike tersiêre opvoedkundige inrigtings. Daar is tans 350 leerlinge verbonde aan die sentrum, komende van 22 hoërskole en 40 laerskole (kyk bylae A).

Die sentrum volg 'n beleid waarin die teoretiese kennis nie van die praktiese kundigheid geskei word nie, maar eerder gelyktydig verwerf word. Leerlinge word aangemoedig, en selfs verplig om toerusting te hanteer om sodoende kundigheid met vaardigheid aan te vul in die verwerwing van navorsingstegnieke (Onderwyskollege Potchefstroom, 1985:1). Die sentrum beskik alreeds oor 'n groot voorraad toerusting en apparaat om die vakke doeltreffend te onderrig maar vir die verkryging van kennis van navorsingsmetodes in die verskillende vakke, moet grootliks op die voorrade van ander biblioteke gesteun word.

Die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom reël ekskursies en besoeke aan instansies, maar maak ook voorsiening vir rolprent -en skyfievertonings, video- en televisieprogramme en verskeie soorte praktiese werk. Die lokale en apparatuur word deur die Onderwyskollege Potchefstroom beskikbaar gestel. Die leerlinge van die sentrum mag egter nie van die biblioteek van die Onderwyskollege gebruik maak nie.

4.3.2 *Vakansieskool*

Om dit vir die begaafde leerlinge van die omgewing meer moontlik te maak om die sentrum by te woon, word daar jaarliks gedurende die wintervakansie 'n vakansieskool aangebied. Hierdeur word die gebrek aan kontak met mede-begaafdes opgehef en sosialisering word bevorder.

Aansoeke om toelating tot die vakansieskole word afsonderlik van ander aansoeke tot die Buitekurrikulêre Sentrums vir Begaafde Leerlinge gehanteer. Leerlinge wat om die een of ander rede nie tydens die vorige program van identifisering oorweeg is nie, of wat verder as 'n radius van 100 kilometer van Potchefstroom af woon, word vir die vakansieskool oorweeg. Daar vind slegs vakansieskole in Pretoria en Potchefstroom plaas. Die Potchefstroom-gebied sluit leerlinge van skole in die Wes-Transvaal- en Suid-Transvaal streek wat aan bostaande vereistes voldoen in, sowel as die Bethal-, Secunda-, Ermelo-, Standerton-, en Volksrusgebiede (TOD, 1986:192.3).

Dit stel die leerlinge ook in staat om met groter biblioteke en hulle fasiliteite kennis te maak aangesien die begaafde leerlinge van die vakansieskool wel van die fasiliteite van die biblioteek van die Onderwyskolege Potchefstroom gebruik mag maak. Dit is slegs vir presensie-gebruik en die bronne mag nie uitgeneem word nie. Dit is maar een manier waarop beter geleenthede tot toegang tot inligtingsbronne geskep kan word.

4.3.3 *Mediasentrum*

Sentrums vir begaafde leerlinge beskik nie oor mediasentrums soos deur die Transvaalse Onderwysdepartement aan skole voorsien nie en beskik ook nie oor die pos media-onderwyser nie. Dit word egter as sinvol en in belang van die onderrig van die begaafde leerlinge beskou dat elke sentrum sy eie mediasentrum daar sal stel uit eie fondse (TOD, 1982:51).

Die sentrumhoof van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom koop gedrukte media (boeke, tydskrifte, pamflette, brosjures) en oudiovisuele programmatuur (transparante, skyfiereekse, strookfilms, klankopnames) asook oudio-visuele apparaat (projektors, bandopnemers, kameras) uit sentrumfondse na goeddunke aan. Die gedrukte media bestaan tans uit ongeveer 600 bronne wat aangekoop

is na aanleiding van die behoeftes van die dosente wat die programme aanbied en word apart van die ander media in 'n biblioteek gehuisves. 'n Eenvoudige uitleenstelsel vir die dosente is ontwerp en begaafde leerlinge het ook toegang tot hierdie biblioteek maar mag nie boeke of tydskrifte uitneem nie. Volgens die sentrumhoof gebruik die leerlinge die biblioteek tans slegs sporadies aangesien die voorraad meer 'n onderwysersversameling is, daargestel as hulp vir die dosente in hulle lesvoorbereiding.

4.4 **Onderwysmediadiens**

Die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n Onderwysmediadiens daargestel wat die departementele beleid vir en die doelstellings met mediasentrums en mediagebruik omskryf en in 'n raadgewende hoedanigheid optree (TOD, 1986a:342-347). Die Onderwysmediadiens maak 'n aantal aanbevelings in sy *Inligtingstuk vir mediasentrums en mediagebruik in skole* (1989) wat betrekking het of behoort te hê op inligtingvoorsiening aan begaafde leerlinge. Nadere ontleding hiervan is nodig.

4.4.1 *Integrering*

Die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement is: "Elke skool behoort 'n mediasentrum in te rig en dit doelgerig met die opvoedkundige program te integreer" (TOD, 1989:1). Hierdie opvoedkundige program waarna verwys word is dus die hele opvoedkundige program van die skool en sluit die breër opvoeding van die kind soos sport en kulturele aksies in.

Die doelstelling van die Transvaalse Onderwysdepartement (1989:1) om 'n dinamiese en doeltreffende mediadiens te voorsien wat die kurrikulum met media vir onderrig en leer ondersteun, stel dit egter nie duidelik of die kurrikulum van die buitekurrikulêre sentrums vir begaafde leerlinge ook hierby ingesluit is nie.

4.4.2 *Mediakomitee*

Die mediakomitee wat by elke skool saamgestel word en "...wat die doeltreffende gebruik van onderwysmedia en die funksionering van die mediasentrum beplan" (TOD, 1989:4) kan op daadwerklike wyse die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge in ag neem en help om daarin te voorsien. Dit is egter op die oomblik nie die geval by die verskillende skole in Potchefstroom wat besoek is nie.

Die mediakomitee se samestelling is op aanbeveling van die Transvaalse Onderwysdepartement (1989:4) soos volg: Die hoof as professionele leier is die voorsitter van die mediakomitee met die adjunk-hoof as sekundus. Die departementshoofde vir vakke en skoolfases, vakverteenwoordigers, media-onderwyser en 'n assistent-media-onderwyser is vanselfsprekend lede. In groter skole kan ook subkomitees vir bepaalde projekte benoem word. Sodoende kan personeellede wat spesifiek in mediagebruik en die mediasentrum belangstel of 'n besondere aanleg het, byvoorbeeld in kuns, fotografie, of voordragkuns, ook betrek word en die verantwoordelikheid gedeel word. Dit sou egter die behoeftes van begaafde leerlinge kon dien, indien hier melding was van verteenwoordigers van die sentrum vir begaafde leerlinge wat ook op die mediakomitee kan dien om inspraak te verkry. Die belange van die begaafde leerlinge wat by die sentrums vir begaafde leerlinge onderrig ontvang en wat vir die verkryging van inligtingsbronne grootliks op die skoolmediasentrums aangewese is, sou op hierdie wyse aandag kon geniet.

Die mediakomitee bepaal die skoolmediabeleid as deel van die skoolbeleid met inagneming van eie omstandighede en geïdentifiseerde behoeftes (TOD, 1989:5). Die sentrums vir begaafde leerlinge se belange behoort ook hier spesiaal gemeld te word aangesien die sentrums vir begaafde leerlinge deel van die Transvaalse Onderwysdepartement se opvoedingsprogram is.

Volgens die *Inligtingstuk vir mediasentrums en mediagebruik* (TOD, 1989:6) delegeer die mediakomitee verantwoordelikhede en koördineer werkprogramme, maar ook hier sou dit wenslik wees dat die besondere behoeftes van begaafde leerlinge spesiale vermelding sou ontvang. Sillabusontleding van programme vir begaafde leerlinge en 'n aanskafbeleid wat met die gepaardgaande inligtingsbehoeftes rekening hou, behoort die verantwoordelikheid van die mediakomitee te wees. Dit is egter nie die geval in enige van die skole wat in Potchefstroom besoek is nie.

Die mediakomitee doen 'n behoeftebepaling van al die aspekte van die mediasentrum en mediagebruik, sodat volledige gegewens beskikbaar is en behoeftes waarvoor begroot moet word, goed gemotiveer kan word (TOD, 1989:22). Die behoeftes waarvoor begroot moet word, behoort die inligtingsbehoeftes van die begaafde leerlinge in te sluit, maar dit word nêrens as sodanig duidelik genoem nie. Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement doen die mediakomitee 'n kort- en langtermynbeplanning vir

insluiting in die mediabegroting en motiveer dit. Die mediakomitee beraam wat die per capita-toekenning gaan beloop, bepaal watter bydrae uit die skoolfonds nodig gaan wees om in die behoeftes van die mediasentrum te voorsien en inisieer projekte vir die uitbou van die mediavoorraad (TOD, 1989:22). Begaafde leerlinge wat die sentrums vir begaafde leerlinge besoek, is vir die grootste deel van die skooldag deel van die gewone skoolopset en daarom ingereken in die per capita-toekenning wat die skool ontvang. 'n Gedeelte van hierdie toewysing kan met vrymoedigheid aan die besondere behoeftes van die begaafde leerlinge toegestaan word.

4.4.3 *Mediavoorraad*

"Die mediavoorraad is die bepalende faktor in die gehalte van mediadienste en mediagebruik in 'n skool. Die media in die mediasentrum is ingestel op gebruik in die onderwys en moet geselekteer word om *bepaalde onderwysdoelstellings* te bereik" (my kursivering) (TOD, 1989:28). Hierdie omskrywing maak dit duidelik dat die skoolmediasentrum ook 'n definitiewe taak het ten opsigte van die bereiking van die onderwysdoelstellings van begaafdekindonderwys wat deel is van die groter onderwysdoelstelling.

In die Mediagids (5 uitgawes jaarliks) word 'n keur van media wat deur die Onderwysmediadiens geëvalueer is, opgeneem en aan skole bekend gestel, waaruit 'n seleksie vir eie behoefte gemaak kan word. Die keuring van media met die oog op opname in die Mediagids geskied na aanleiding van sillabus- en kurrikulumontleding van die verskillende vakke. Skole kan ook media wat na hulle mening in die skoolmediasentrum nuttig gebruik kan word, aan die keurkomitee van die Onderwysmediadiens voorlê (TOD, 1989:32). In 'n onderhoud met die Hoof van die Onderwysmediadiens het dit geblyk dat weinig van die bronne wat spesiaal in die programme van die Buitekurrikulêre Sentrums vir Begaafde Leerlinge aanbeveel word, al aan die keurkomitee van die Onderwysmediadiens voorgelê is. Die rede hiervoor blyk te wees dat die persone wat die klasse vir die begaafde leerlinge aanbied, oorwegend aan buite-instansies verbonde is en dus nie direk met die Onderwysmediadiens of met die skoolmediasentrum kontak het nie.

Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement by monde van die Onderwysmediadiens, geld in die skoolmediasentrum die beginsel van hoë gebruikersfrekwensie, en bronne wat nie intensief gebruik word of nog gebruik gaan word nie, word in die eerste plek nie

aangeskaf nie of word onttrek (TOD, 1989:43). Hierdie beginsel bemoeilik egter die aanskaf van inligtingsbronne vir begaafde leerlinge, aangesien daar in elke skool slegs 'n relatiewe klein aantal begaafde leerlinge is wat die verskillende vakke soos aangebied deur die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge neem (sien bylae A). Hoë gebruikersfrekwensie behoort in die geval van die inligtingsbehoeftes van die begaafde leerling nie die belangrikste aanskafkriterium te wees nie.

4.4.4 *Buitekurrikulêre mediagebruik*

Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement kom buitekurrikulêre mediagebruik soos volg tot sy reg: "Die mediakomitee en die betrokke onderwysers voorsien ook in die behoeftes vir buitekurrikulêre mediagebruik, bv. sport en ontspanning, kulturele aktiwiteite en persoonlike behoeftes en belangstellings (TOD, 1989:89). Buitekurrikulêre aktiwiteite word hier gesien as georganiseerde sport- en kulturele aktiwiteite soos debatsvereniging of wiskunde-olimpiade en die betrokke onderwyser is die verteenwoordiger op die mediakomitee. Hier is dus nie sprake van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge nie en daar is ook nie 'n onderwyser wat die Sentrum op die mediakomitee kan verteenwoordig nie.

4.5 Skoolmediasentrums

4.5.1 *Inleiding*

4.5.1.1 *Die Skool*

Die skool staan in diens van die gemeenskap vir wie se kinders dit bedoel is maar kan slegs die gemeenskapsbehoeftes bevredig in die mate wat die gemeenskap bereid is om sy verantwoordelikheid ten opsigte van die onderwys te aanvaar - ook die onderwys van die begaafde kind uit sy geledere (Meyer, 1983:24). Hierdie aanvaarding van verantwoordelikheid deur die gemeenskap bestaan ook daaruit om te help om begaafde leerlinge in die posisie te plaas om die optimum van hulle potensiaal te bereik.

Die gemeenskap is egter nie bereid om onvoorwaardelik by te dra tot begaafdekindonderwys nie, maar koester bepaalde verwagtinge en stel sekere vereistes betreffende onderwys aan begaafde leerlinge, alvorens 'n bydrae daartoe gemaak word (Oberholzer, 1983:96).

Volgens Stone (1989:3) moet die begaafde leerling die verantwoordelikheid aanvaar dat hy sy vermoëns en talente sal aanwend om te bou aan die voortbestaan en lewenskwaliteit van die gemeenskap. Sy talente maak hom dus 'n dienaar van die gemeenskap. "Begaafdheid vereis dus 'n bepaalde gesindheid teenoor die lewe, naamlik die gesindheid van dienslewering. 'n Gelowige se gawes is nie bloot spesiale genadegawes ter bevordering van eie belang nie, maar is eerder gawes wat beskikbaar gestel moet word tot naastediens. Die begaafde het meer gekry en daarom moet hy meer gee" (Stone, 1989:3).

Die insette wat die gemeenskap bereid is om te maak sal afhang van die uitsette wat terugontvang word. Die gemeenskap se behoeftes word deur onder andere mannekragbehoeftes bepaal. Begaafde leerlinge is potensiële universiteitstudente en uiteindelik dokters, ingenieurs wat weer hulle talente gaan terugploeg ten goede van die welsyn van die gemeenskap met die besondere vooruitsig dat vanweë hulle begaafdheid hulle juis die aangewese persone sal wees om die probleme en vraagstukke wat daar in die verskillende gebiede bestaan, op te los. Volgens Urban (1982:16) het die gemeenskap net so 'n groot behoefte aan die talente van die begaafde leerling as wat die begaafde leerling die hulp en ondersteuning van die gemeenskap nodig het.

Begaafdekindonderwys is 'n langtermynbelegging, en 'n werklike beroepsuitlewing van hierdie kinders kom eers op 'n laat stadium sodat dit nie as 'n kitsoplossing vir hoëvlak-mannekragbenutting of ekonomiese knelpunte gesien moet word nie (Meyer, 1983:33). 'n Openheid en bereidwilligheid van die gemeenskap om aktief medewerkers aan die uitbou van die potensiaal van hierdie leerlinge te wees, sal as 'n langtermynbelegging gesien kan word.

4.5.1.2 *Mediasentrum*

Die hoofdoelstelling van die onderwys is om leerlinge te help om selfgeaktualiseerde volwassenes te word en dit is dan ook die hoofdoelwitte van die skoolmediasentrum as hulpgewende instansie. Hierdie opvoedkundige doelstelling pas in by die hele benadering tot begaafdekindonderwys, want die begaafde is by uitnemendheid daartoe in staat om selfstandig te werk en het ook gewoonlik die drang tot selfverwesenliking (Neethling, 1984:39).

Die opvoedkundige doelwitte van skoolmediasentrums is juis daarop gemik om in die buitengewone behoeftes, soos dié van die begaafde kind, te voorsien, deur onderrigleergeleenthede wat nie in die gewone klaskamer beskikbaar is nie, media-ervarings en dus geleenthede vir selfstandige, selfgerigte studie daar te stel, en om biblioteeknaslaanvaardighede te ontwikkel (Smit, 1986:71). Hierdie studie het egter aangetoon dat die mediasentrums volgens die situasie soos dit tans is nie daarin slaag om in die buitengewone inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge te voorsien nie.

Een van die hoof oorsake waarom mediasentrums dit moeilik vind aan die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge te voorsien is omdat die grootte en die toerusting van die mediasentrum ten nouste saamhang met die geld wat deur die Onderwysdepartement, skoolkomitee, ouers en ander donateurs beskikbaar gestel word. Toekennings is gebaseer op leerlinggetalle en kleiner skole se skoolmediasentrums is derhalwe noodwendig swakker toegerus as dié van groter skole (TOD, 1989:22). Dit is met ander woorde vir kleiner skole uiters moeilik om duur inligtingsbronne vir begaafde leerlinge aan te koop.

'n Skoolmediasentrum wat wil voorsien in die behoeftes van sy begaafde leerlinge sal oor besondere fasiliteite soos databasisse en IBL-fasiliteite moet beskik. Dit het duidelik geword dat begaafde leerlinge ook behoefte het aan toerusting en fasiliteite wat slegs op nie-formele vlak beskikbaar is. In sulke gevalle kan die skool as koördineerder optree om die leerlinge by sulke onderwyshulpbronne uit te bring.

4.5.1.3 *Die media-onderwyser*

Die media-onderwyser moet die rol van 'n onderrigleier speel wat die begaafde kind kan help in die opspoor van bronne, bronneverwysings, die maak van opsommings, die saamstel van feite en die daarstel van die uiteindelike produk. Om dit te verwesenlik sal daar op 'n beplande wyse navorsingsbegeleiding aan die begaafde leerling gebied moet word (Smit, 1986:44). Hy is dus die aangewese persoon om leerlinge in te lei in die beginsels van navorsingsmetodologie. Relevante akademiese verryking vereis dat goeie bronne beskikbaar is in die vorm van 'n goedtoegeruste mediasentrum, dat daar goeie skakeling met die Transvaalse Onderwysdepartement en die Onderwysmediadiens moet wees, dat die skool se eie mediasentrum goed georganiseer en as inligtingsentrum gebruik kan word. Die media-onderwyser speel hierin 'n bepalende rol.

Die media-onderwyser het ook die besondere verantwoordelikheid dat hy 'n pedagoog is en die leerling kan help in die vertolking van gegewens en om hom te steun tot omvattender verantwoordelikheidsaanvaarding van sy begaafdheid.

Die vraag ontstaan of skole bewus genoeg is van die spesifieke behoeftes van begaafde leerlinge en of die skoolmediasentrums daaraan aandag verleen. Die ideaal word soos volg gestel deur Ellen Jay: "Today's library media teachers are indeed trained as teachers, as well as specialists in acquiring, organizing and utilizing information resources. Their expertise is not limited to the materials actually housed within the walls of a school's library media center because, through the resource sharing network in which they are now involved, they can tap into many wider resources locally, even at the state and national level. Highly specialized collections of materials - journals, printouts, maps and documents, among others - can be searched and consulted by gifted students, available through their own school library media center from industry, universities, state and national archives" (1982:13). Hierdie gespesialiseerde inligtingsdiens deur middel van tegnologie en samewerking is tans nie moontlik in die geselekteerde skole nie en daar sal na metodes gesoek moet word om so veel as moontlik toepaslike inligtingsbronne wel aan begaafde leerling beskikbaar te stel.

4.5.2 *Skoolmediasentrums in Potchefstroom*

Soos uiteengesit in 1.7.2.2 is die volgende ses skole in Potchefstroom gekies vir onderhoudvoering en analisering van inligtingsbronne in die skoolmediasentrums. Die inligting wat vervolgens verstrek word, vloei dus voort uit die empiriese ondersoeke.

4.5.2.1 *Hoërskool Gimnasium Potchefstroom*

Aantal skoliere	:1040
Aantal onderwysers	:65
Biblioteek geopen	:sedert 1953 skoolbiblioteek sedert 1979 mediasentrum
Mediasentrum oppervlakte	:550 vk/m. Uitleenafdeling, katalogus, werksruimte vir media- onderwyser, tydskrifafdeling, studie- en leesruimte 50 vk/m ouditorium

Voorraad 1988	Vakliteratuur	8,061
	Verhalende literatuur	3,789
	Tydskrifte	79
	Plate	73
	Video's	49
Swaartepunt van versameling	:Afrikaanse letterkunde	
Uitleen vir 1988	:1,678 media-eenhede	
Toewysing vir 1988	:Per capita. R 1,700	
	Skoolfonds R 700	
Openingstye	:Pouses en middae 15:00 tot 16:30	
Personeel	:1 Media-onderwyser	
	Leerlinghulp	

Opmerkings:

Hierdie skool het die grootste aantal leerlinge wat die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge bywoon van al die skole in die area (kyk bylae A). Nogtans kom daar volgens die media-onderwyser nie pertinent navrae van hierdie leerlinge in verband met die werkprogramme wat by die sentrum aangebied word nie. Die media-onderwyser het deur middel van ondervinding vasgestel dat die bronne wat deur die begaafde leerlinge benodig word vir hulle studies by die Buitekurrikulere Sentrum vir Begaafde Leerlinge nie in die skoolmediasentrum beskikbaar is nie, en verwys leerlinge met navrae wat nie bevredig kan word nie, na òf die Openbare Biblioteek òf die biblioteek van die Potchefstroomse Onderwyskollege.

Begaafde leerlinge van die skool wie se ouers aan die Potchefstroomse Universiteit of aan die Potchefstroomse Onderwyskollege verbonde is, het deur middel van hulle ouers toegang tot die biblioteke van bogenoemde instansies en het op hierdie wyse indirekte toegang tot bronne wat vir die ander begaafde leerlinge nie moontlik is nie.

Van die onderwysers van die skool wat as dosente by die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge optree, maak wel van die fasiliteite van die skoolmediasentrum gebruik deurdat hulle films of ander oudiovisuele programmatuur vanaf die Nasionale Filmoteek aanvra. Die skool is 'n geregistreerde lid van die Nasionale Filmoteek se uitleendienste.

Met die beskikbare fondse kan daar nouliks voldoen word aan die inligtingsbehoeftes van leerlinge binne die kurrikulum met die oog op integrering en geselekteerde bronne vir stokperdjies en buitemuurse aktiwiteite. Dit is dus nie moontlik om bronne soos benodig deur die begaafde leerlinge aan te koop nie.

4.5.2.2 *Hoërskool Ferdinand Postma Potchefstroom*

Aantal skoliere	:250	
Aantal onderwysers	:20	
Biblioteek geopen	:1979 as mediasentrum	
Mediasentrum oppervvlakte	:100 vk/m. Uitleenafdeling, katalogus, werksruimte vir media-onderwyser, studie- en leesruimte.	
Voorraad 1988	:Vakliteratuur	4884
	Verhalende literatuur	2302
	Transparante	77
	Video's	102
Swaartepunt van versameling	:Elektronika	
Uitleen vir 1988	:3,722	
Toewysing vir 1988	:Per capita pR 700	
	Skoolfonds R 700	
Openingstye	:Oggende voor skool 30 min, pouses en middae 14:45 tot 16:00.	
Personeel	:1 Media-onderwyser	
	1 Media-assistent	
	Leerlinghulp	

Opmerkings:

Hierdie is 'n relatiewe klein hoërskool, hoofsaaklik omdat elektronika as verpligte vak in die vakkeuse-pakket vereis word. Die skoolmediasentrum het ongeveer 28 boeke per leerling en veral navrae wat verband hou met elektronika kan hier in 'n mate beantwoord word. Die vak soos dit in die skool aangebied word, maak egter grootliks gebruik van handboeke en dit is merendeels elementêre elektronikaboeke, soos aanbeveel deur die *Mediagids*, wat deur die mediasentrum aangekoop word. Die leerlinge van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge wat die vak Elektroniese Studie neem,

gebruik nie die bronne in die skoolmediasentrum nie, omdat dit te elementêr is vir hulle doeleindes.

Die uitgebreide pamflet- en knipselversameling word veral gebruik vir navrae in verband met stokperdjies soos sterrekunde en buitekurrikulêre aktiwiteite van die skool soos skaak. Dit voorsien egter nie in die inligtingbehoeftes van die leerlinge van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge nie.

Die media-onderwyser doen wel per geleentheid aansoek by die keurkomitee van die Onderwysmediadiens om bronne te laat keur wat nie op die mediagids verskyn nie. Hierdie bronne is egter merendeels oor aspekte van plaaslike belang soos die geskiedenis van Potchefstroom of bronne vir die skaakklub wat meer ingewikkeld is as dié wat reeds in die *Mediagids* voorkom.

4.5.2.3 *Hoër Volkskool Potchefstroom*

Aantal skoliere	:1100	
Aantal onderwysers	:64	
Biblioteek geopen	:1953 skoolbiblioteek	
	1979 omskep as mediasentrum	
Mediasentrum oppervlakte	:300 vk/m. Uitleenafdeling, katalogus, werksruimte vir media-onderwyser, tydskrifafdeling, lees- en studieruimte.	
	50 vk/m oudiovisuele ruimte.	
Voorraad 1989	:Vakliteratuur	5321
	Verhalende literatuur	3564
	Tydskrifte	43
	Plate	12
	Kasette	18
	Video's	42
Swaartepunt van versameling	:Jeuglektuur, kurrikulumvakke	
Uitleen vir 1988	:3,573 boeke	
Toewysing vir 1989	:Per capita R 2,175	

	Skoolfonds R 2,500
Openingstye	:Pouses, en middae 15:00 to 16:30
Personeel	:1 media-onderwyser
	leerlinghulp
	onderwysers hulp per geleentheid.

Opmerkings:

Die media-onderwyser vind dat die begaafde leerlinge in 'n baie groot mate hulle self help in die mediasentrum. Hulle maak gebruik van die kennis wat hulle gedurende mediagebruikersleiding opgedoen het en relatief min navrae kom na haar toe deur. Dit kom egter wel voor dat sekere gestelde navrae nie beantwoord kan word nie en dat bronne nie beskikbaar is nie, en dan word die leerlinge na die Openbare Biblioteek of Universiteitsbiblioteek verwys. In gesprekke met van die begaafde leerlinge het die media-onderwyser vasgestel dat hierdie leerlinge nie in die eerste plek van die skoolmediasentrum gebruik maak nie, maar "daaroor" kyk omdat die ingewikkeldheidsgraad van die bronne nie aan hulle behoeftes voldoen nie, hulle andersoortige materiaal soek en die bronne nie gespesialiseerd genoeg is nie.

Die media-onderwyser is van mening dat 'n verteenwoordiger van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge op die mediakomitee van die skool 'n positiewe rol sal kan speel in die identifisering en aanbeveling van bronne met die oog op aankope vir die mediasentrum. Die bronne, indien hulle nie in die *Mediagids* voorkom nie, kan dan aan die keuringskomitee van die Onderwysmediadiens voorgelê word. Stelselmatig kan daar dan 'n versameling opgebou word wat aan die behoeftes van die begaafde leerlinge sou kon voorsien.

4.5.2.4 *Potchefstroom High School for Girls*

Aantal skoliere	:385
Aantal onderwysers	:20
Biblioteek geopen	:1905 as skoolbiblioteek
	1979 as mediasentrum
Mediasentrum oppervlakte	:300 vk/m. mediasentrum.
	Uitleenafdeling, katalogus,
	werksruimte vir media-onderwyser,
	studie- en leesruimte.

	160 vk/m oudiovisuele sentrum	
Voorraad 1988	:Vakliteratuur	4482
	Verhalende literatuur	2346
	Tydskrifte	50
	Plate	33
	Video's	42
Swaartepunt van versameling	:Kuns, Tswane, Frans.	
Uitleen vir 1988	:2,824	
Toewysing vir 1988	:Per capita R 700	
	Skoolfonds R 700	
Openingstye	:Pouses en middae 15:00 tot 16:00	
Personeel	:1 Media-onderwyser	
	Leerlinghulp	
Opmerkings:		

85% van die skoolkinders is koshuisinwoners en die skoolmediasentrum is die enigste biblioteek wat tot hierdie leerlinge se beskikking is. Selfwerksaamheid en selfstandige studie, eie belangstelling en ontspanning is almal aspekte waarvoor hierdie mediasentrum voorsiening moet maak. Heelwat bronne buite die kurrikulum om heen word aangeskaf en navrae van begaafde leerlinge word daadwerklik opgevolg deurdat bronne aangekoop word om dit wel te kan beantwoord.

4.5.2.5 *Laerskool Mooirivier*

Aantal skoliere	:550	
Aantal onderwysers	:31	
Biblioteek geopen	:1979 as mediasentrum begin.	
Mediasentrum oppervvlakte	:140 vk/m. Uitleenafdeling, katalogus, werkruimte vir media-onderwyser,studie- en leesruimte. 80 vk/m ouditorium	
Voorraad 1989	:Vakliteratuur	3042
	Verhalende literatuur	2140
	Tydskrifte	10

	Plate	35
	Kasette	69
	Video's	30
Swaartepunt van versameling	:Jeuglektuur, geskiedenis.	
Uitleen vir 1988	:1,585 media-eenhede Bloklenings na junior afdeling.	
Toewysing 1988	:Per capita R 700 Skoolfonds R 700	
Openingstye	:Pouses en middae 14:00 tot 15:30	
Personeel	:1 Media-onderwyser Leerlinghulp	

Opmerkings:

Hierdie laerskool het 'n relatief groot aantal leerlinge wat die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge besoek (kyk bylae A). Die skoolmediasentrum het ongeveer 9 bronne per leerling beskikbaar en die media-onderwyser vind dat die meeste navrae van die begaafde leerlinge vanaf standerd 2, wat hulle self identifiseer, wel met die bestaande bronne bevredig kan word. Die bronne wat deur die onderwysers aangevra word vir aankope vir die mediasentrum, word almal benodig vir integreringstake binne die kurrikulum. Die media-onderwyser het geen manier om vas te stel wat die behoefte van die begaafde leerlinge is nie, behalwe deur die vrae wat van tyd tot tyd direk aan haar gerig word. Veral die standerd 5-leerlinge se navrae wat nie deur die mediasentrum beantwoord kan word nie, word na die biblioteek van die Potchefstroomse Onderwyskollege of die Openbare Biblioteek verwys.

4.5.2.6 *Laerskool Bailliepark*

Aantal skoliere	:707
Aantal onderwysers	:35
Biblioteek geopen	:1979 as mediasentrum
Mediasentrum oppervlakte	:150 vk/m. Uitleenafdeling, katalogus, werksruimte vir media-onderwyser, studie- en leesruimte. 50 vk/m oudio-visuele afdeling.
Voorraad 1988	:Vakliteratuur 3278

	Verhalende literatuur	3272
	Transparante	158
	Video's	30
Swaartepunt van versameling	Jeuglektuur, geskiedenis.	
Uitleen vir 1988	:2,752	
Toewysing vir 1989	:Per capita R 1,000	
	Skoolfonds R 400	
Openingstye	:Gedurende aktiwiteitsperiodes, pouses, middae 13:00 tot 15:00.	
Personeel	:1 media-onderwyser, Leerlinghulp.	
Opmerkings:		

Klem word by hierdie mediasentrum gelê op hoë frekwensie-gebruik en slegs bronne wat as sodanig geïdentifiseer is, word aangekoop. Integreringstake en selfstudietake wat verband hou met die kurrikulum word gedurende die aktiwiteitsperiode gedoen. Bronne wat bo en behalwe die wat beskikbaar is, benodig word, word deur die media-onderwyser persoonlik of deur ander onderwysers by ander biblioteke uitgeneem en tot die beskikking van die leerlinge gestel vir presensiegebruik.

4.6 **Openbare biblioteek**

Die Openbare Biblioteek staan in diens van die hele gemeenskap waarvoor dit ingestel is en is daarom ook tot die beskikking van elke leerling, ook die begaafde leerling. (Openbare Biblioteekdienste word ook verskaf aan anderskleuriges maar sal nie hier in berekening gebring word nie). Begaafde leerlinge vorm egter nie 'n spesiale geïdentifiseerde groep nie maar val vir ledetal-statistiekdoeleindes onder een van die volgende kategorieë:

Ledetal (Blankes)

Volwassenes	6,702
Studente	1,355
Hoërskoolleerlinge	1,778
Kleuter en Laerskoolleerlinge	3,483
Ander	728

Totaal	14,046

Skoolkinders maak dus ongeveer 38% uit van die ledetal van die Openbare Biblioteek.

In die *Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie* (1986a:347) word die gebruik van die Openbare Biblioteek deur leerlinge soos volg aanbeveel: " Leerlinge behoort bekend gestel te word aan die dienste wat openbare biblioteke verskaf en aangemoedig te word om aan te sluit vir voorsiening in persoonlike leesbehoeftes en belangstellings, aanvullend tot die mediasentrum. Dit kan egter nie van openbare biblioteke verwag word om dienste aan die leerlinge van al die skole in die bepaalde omgewing ten koste van dienste aan eie gebruikers te bied nie. Dit is noodsaaklik dat die mediasentrum self in die behoeftes van die skool voorsien. Werkopdragte mag nie aan leerlinge gegee word om tuis uit te werk met die veronderstelling of aanbeveling dat openbare biblioteke gebruik word nie." Wat hier aanbeveel word is egter nie wat in die praktyk geskied nie. 95% van die 5,739 navrae wat in 1988 deur die Openbare Biblioteek gehanteer is, het van leerlinge gekom met navrae in verband met skoolopdragte. Dit kan aangeneem word dat van die navrae ook van begaafde leerlinge gekom het aangesien van die media-onderwysers getuig het dat hulle van die navrae van begaafde leerlinge wat hulle nie kon beantwoord nie, na die Openbare Biblioteek verwys het.

Van die 23 personeellede van die biblioteek, lewer 3 op 'n afwisselende basis inligtingsdiens en plaas die aantal navrae van skoolleerlinge groot druk op hierdie afdeling. Die rede vir die groot aantal navrae wat na die Openbare Biblioteek deurkom, kan gesoek word in die onvoldoende bronne wat in die skoolmediasentrums beskikbaar is, die langer ure wat die Openbare Biblioteek oop is (Maandag tot Vrydag 9:00 tot 20:00 en Saterdae 9:00 tot 13:00) en die minder skolastiese atmosfeer wat daar heers en die feit dat die leerlinge dit nie met die skool assosieer nie. Ook die begaafde leerling gebruik om bogenoemde redes eerder die Openbare Biblioteek.

Die voorraad van ongeveer 130,000 boeke is soos volg verdeel:

Voorraad 1989	
Afrikaans fiksie	25,034
Engels fiksie	24,893
Nie-fiksie	37,727
Afrikaanse jeugfiksie	16,778

Engelse jeugfiksie	13,604
Jeug niefiksie	9,708

Die openbare funksie naamlik die voorsiening van ontspanningslektuur kom hierin duidelik na vore aangesien 64% van die voorraad verhalende lektuur is. Volgens figuur 2 kan dan ook gesien word dat net ongeveer 40% van die inligtingsnavrae van die begaafde leerling beantwoord kan word.

Die Openbare Biblioteek beskik oor beperkte lees en studieruimte wat dikwels gedurende spitstye probleme veroorsaak. Fotokopieer fasiliteite is beskikbaar maar leerlinge mag nie van die interbiblioteeklenings bebruik maak nie.

Die Openbare Biblioteek sien die diens aan begaafde leerlinge as van sekondêre belang en 'n onnodige belading van hulle dienste aangesien daar wel alternatiewe in die vorm van skoolmediasentums is en sou dus eerder sy diens aan bejaardes of ander groepe wou uitbrei.

4.7 Tersiëre inrigtings

4.7.1 *Onderwyskollege Potchefstroom* (P.O.K.)

Die volgende persone mag registreer om lid van die Kollegebiblioteek te word:

P.O.K. studente.
P.O.K. diensdoende personeel (dosente, biblioteek- en administratiewe personeel).
P.U. vir C.H.O. studente en dosente (bewys van registrasie by die Ferdinand Postma-Biblioteek van die P.U. vir C.H.O. word verlang).
Diensdoende Onderwysers (E nommer word verlang).

Skoolkinders mag nie as gebruikers registreer of enige materiaal uitneem nie, maar hulle mag wel in die biblioteek naslaanwerk doen, aangesien toegang ongekontroleerd is. Beperkte inligtingsdiens word aan leerlinge verskaf deurdat die inligtingspersoneel prioriteit verleen aan die navrae van die geregistreerde gebruikers en nie aan leerlinge nie. Slegs een persoon uit 'n personeel van 11 lewer inligtingsdiens wat 1988 op 3,000 te staan gekom het. Hieruit is dit duidelik dat die bestaande personeel nie enige verhoogde navraagdruk sal kan hanteer sonder om die kwaliteit van diens in te boet nie. In die

produksiesentrum, wat deel uitmaak van die biblioteek, word ook hulp verskaf aan leerlinge met die vervaardiging van programmatuur soos klankskyfieprogramme. Leerlinge moet egter hulle eie materiaal verskaf. Leerlinge mag nie van die diens van interbiblioteeklenings gebruik maak nie maar fotokopieer-fasiliteite teen die heersende tariewe is tot hulle beskikking.

Die voorraad van die biblioteek van die P.O.K. vir 1989 is soos volg:

Boeke	95,000
Tydskriftitels	345
Klankkasette	217
Video's	55
Prente	6,596
Resensies	9,831
Transparante	994

Die biblioteek beskik oor 'n ruim leeskamer met sitplek vir 200 persone en studeerhokkies vir 60 persone.

Die aantal geregistreerde gebruikers van die biblioteek van die P.O.K. is jaarliks gemiddeld 1,500, wat beteken dat daar ongeveer 63 boeke per persoon beskikbaar is. As dit vergelyk word met die ideaal wat vir skoolmediasentrums gestel word naamlik 10 boeke per leerling, is dit duidelik dat die voorraad van die biblioteek van die P.O.K. die getal begaafde leerlinge as geregistreerde gebruikers behoort te kan akkommodeer (TOD, 1989:44).

Die versameling van die biblioteek van die P.O.K. is toegespits op die opleiding van onderwysers vir die preprimêre- en primêre-onderwysfases. Bronne word aangeskaf vir sowel die akademiese- as die metodiekvakke, soos dit op die onderwyskollege aangebied word. Hierdie vakgebiede korreleer nie noodwendig met die vakke soos aangebied by die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge nie, maar daar is tog raakpunte soos tussen Rekenaarstudies en Informatika en tussen Technika en Elektroniese Studies.

Bronne word nie slegs met die oog op die kurrikulum van die verskillende vakgebiede van die P.O.K. aangeskaf nie, maar breër en selfstandige studie deur dosente en onderwysers oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe word geantisipeer.

Volgens figuur 2 is dit duidelik dat die biblioteek van die P.O.K. oor 43% van die bronne wat deur die begaafde leerlinge benodig word beskik, wat 'n relatief hoë persentasie is as dit met byvoorbeeld die hoërskool mediasentrums vergelyk word.

4.7.2 ***Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*** (PU vir CHO)

Die biblioteek van die PU vir CHO is die grootse biblioteek in Potchefstroom en omgewing met 'n voorraad van 580,884 media-eenhede.

Die voorraad van die biblioteek van die PU vir CHO is soos volg:

Boeke	413,979
Staatspublikasies	49,344
Tydskrifte	2,738
Ander media	114,823

Die getal geregistreerde gebruikers van 6,232 is soos volg saamgestel:

Studente	5,470
Dosente en ander personeel	422
Buitegebruikers	340

Skooliere en dus ook begaafde leerlinge kan nie as lede by hierdie biblioteek registreer nie en toegang word ook beperk deur middel van 'n elektroniese kaartstelsel. Buiteleners kan 'n toegangskaart op aanvraag teen R20 bekom en dit sal moontlik binnekort na R100 per buitegebruiker opgeskuif word. Die doel hiervan is om die voorraad en dienste vir eie gebruikers beskikbaar te stel aangesien finansiële toewysings en personeelvoorsiening nie meer 'n altruïstiese gemeenskapsdiens veroorloof nie.

Gedurende 1988 het 4 personeellede 11,990 navrae gehanteer en is die biblioteek in sy huidige opset nie in staat om 'n verhoogde navraagdruk as gevolg van ongeveer 300 begaafde leerlinge te hanteer nie.

Dit is egter opvallend dat 57% van die bronne wat deur begaafde leerlinge benodig word, by hierdie biblioteek beskikbaar is (figuur 2). Dit is die hoogste persentasie van beskikbare bronne maar hierdie biblioteek is die minste toeganklik vir begaafde leerlinge.

4.8 Gevolgtrekking

Inligtingvoorsiening aan begaafde leerlinge in Potchefstroom geskied hoofsaaklik deur die Openbare Biblioteek en in 'n mindere mate deur die verskillende skoolmediasentrums hoofsaaklik omdat begaafde leerlinge toegang tot hierdie biblioteke het. Die biblioteek van die Onderwyskollege Potchefstroom verleen wel toegang vir begaafde leerlinge maar geen dienste nie. Die biblioteek van die PU vir CHO lê beperkinge op toegang tot sy biblioteek en sluit begaafde leerlinge feitlik heeltemal uit.

Nie een van die biblioteke maak voorsiening vir die aanskaf van bronne vir begaafde leerlinge nie weens drie redes:

a) biblioteke dra nie kennis van watter bronne deur begaafde leerlinge benodig word nie

b) biblioteke voorsien slegs in die behoeftes van eie geregistreerde gebruikers wat die begaafde leerlinge uitsluit (behalwe in die geval van skoolmediasentrums).

c) weens finansiële redes skaf biblioteke slegs bronne aan waarvoor daar 'n hoë gebruikersfrekwensie bestaan.

Dit is ook gevind dat daar beperkte samewerking tussen die verskillende biblioteke in Potchefstroom bestaan en is begrens tot die volgende gebiede:

a) Studente en doserende personeel van die Onderwyskollege en die PU vir CHO mag as gebruikers registreer by albei die instansies se biblioteke en ook by die Openbare biblioteek.

b) Interbiblioteeklenings is moontlik vir volwassenes by alle biblioteke.

Hierdie beperkte samewerking sluit in albei gevalle die belange van die begaafde leerlinge uit.

HOOFSTUK 5. INLIGTINGSVOORSIENING AAN BEGAAFDE LEERLINGE IN HEIDELBERG, WES-DUITSLAND

5.1 Inleiding

Die empiriese ondersoek in Heidelberg, Wes-Duitsland is op dieselfde wyse uitgevoer as in Potchefstroom teneinde vergelykbare resultate te bekom. Die volgende inligting spruit uit die empiriese ondersoek voort:

5.2 Verskillende biblioteektipes

Verskillende biblioteektipes in Heidelberg stel hulle dienste en voorraade tot die beskikking van begaafde leerlinge.

5.2.1 *Universitätsbibliothek Heidelberg*

Die **Universitätsbibliothek Heidelberg** is tot die beskikking van alle persone met slegs een toelatingsvereiste naamlik 'n geldige verblyfpermit vir Duitsland. "Der Antrag auf Zulassung ist persönlich unter Vorlage eines amtlichen Lichtbildausweises mit gültiger Wohnsitzangabe für die Bundesrepublik Deutschland einschliesslich Berlin (West) zu stellen. Die Universitätsbibliothek versucht, Ihnen so *unbürokratisch* und schnell wie unter den gegebenen Vorausstzungen möglich, zu der benötigen Literatur zu verhelfen" (my kursivering) (Ruprecht-Karl-Universität, 1988:ii). Daar word geen ouderdomsbeperking gelê nie en geen inskrywingsgelde word gevra nie. Dit is soos die biblioteek self sê: "Kostenlose Benutzung für jedermann". Hierdie biblioteek, tesame met sy takbiblioteek in **Neuenheimer Feld** is tot die beskikking van alle skoolleerlinge (nie slegs dié in Heidelberg nie) en dus ook vir die begaafde leerling.

Vir sekere gespesialiseerde dienste byvoorbeeld **Fernleihe** (IBL) word daar wel 'n dienstarief gevra maar die diens is ook tot die beskikking van skoliere.

Die grootse gedeelte van die versameling is in geslote magasyne en kan deur middel van aanvraagvorms of direk deur middel van die rekenaar aangevra word. Daar is in sowel die hoofbiblioteek in die **Altstadt** as by die takbiblioteek in **Neuenheimer Feld**, beide 'n kaartkatalogus en 'n gerekenariseerde katalogus met die naam HEIDI.

Die Universiteit besit 43 Institute waarvan die biblioteekvoorrade op 'n gesamentlike katalogus verskyn, met aanduiding van die standplaas. Hierdie voorrade is egter slegs vir die Instituutpersoneel beskikbaar en slegs onder spesifieke voorwaardes vir presensie gebruik deur buitestanders beskikbaar. Skoolkinders het hier geen toegang nie.

5.2.2 *Deutsch-Amerikanisches Institut*

> "The library of the **German-American Institute Heidelberg** is a public facility of the Schumann Society. Within the terms described in the rules below, everyone is authorized to use the library facility and to borrow any of the media (books, magazines, pamphlets, and audio-visual materials)" (Deutsch-Amerikanisches Institut, 1988:1). Die volgende registrasievoorwaardes geld:
>
> a) Duitse burgers moet persoonlik registreer en 'n geldige identifikasiekaart of paspoort toon.
> b) Uitlanders moet 'n geldige verblyfpermit wat ten minste ses maande geldig is en 'n geldige paspoort toon.
> c) Persone onder 18 moet skriftelik toestemming om te mag registreer van hulle ouers verkry. (Deutsch-Amerikanisches Institut, 1988:2).

Skoliere en dus ook begaafde leerlinge van Heidelberg kan met ander woorde by hierdie biblioteek registreer.

Alle media (behalwe die naslaanwerke) kan uitgeleen word en reservering van materiaal is ook moontlik. "Items from other American Houses or German-American Institutes which are not in the collection here may be borrowed through this Library" (Deutsch-Amerikanisches Institut, 1988:3). Die begaafde leerling het op hierdie wyse wye toegang tot materiaal.

Die Instituut se biblioteekversameling bestaan hoofsaaklik uit Amerikaansgepubliseerde werke wat die geskiedenis en moderne leefwyse van Amerika weergee.

5.2.3 *Pädagogische Hochschule Heidelberg*

Die biblioteek van hierdie **Pädagogische Hochschule** wat deel van die **Universität Heidelberg** is, is slegs tot die beskikking van die volgende persone: " Die Bibliothek der Pädagogischen Hochschule Heidelberg entleiht an alle Angehörigen der Hocschule und der Universität Heidelberg, an Lehrer und Lehramtskandidaten sowie an wissenschaftlich Arbeitende aus Heidelberg und der engeren Region" (Pädagogische Hochschule Heidelberg Bibliothek, 1988:2). Geen skoolkinders mag hier registreer nie en het dus geen toegang tot die voorraad wat grootliks uit filosofie, psigologie, pedagogiek en sosiologie bestaan nie.

Daar is ook 'n **Schulbuchsammlung** (skoolhandboekversameling) wat bestaan uit 'n versameling van al die handboeke in die verskillende vakke wat in Baden-Württemberg gebruik word.

5.2.4 *Stadtbücherei Heidelberg* (Openbare biblioteek)

Die **Stadtbücherei Heidelberg** is vir alle inwoners van die stad beskikbaar, ook vir die "ausländische Mitburger" wat net vir 'n korter tyd van ses maande daar woon. Vir registrasie by hierdie biblioteek is 'n identiteitsdokument of 'n paspoort nodig. Uitlanders met 'n paspoort wat tydelik in Heidelberg woon, moet ook 'n bewys van hulle aanmelding wat by die stadsowerhede gedoen is, kan voorlê. Kinders tot 14 jaar het die skriftelike verlof van hulle ouers nodig om te mag registreer. Minderjarige kinders vanaf 14 moet 'n kinderidentiteitsdokument waarop die woonadres voorkom, kan voorlê.

Die gebruik van die biblioteek is gratis en alle persone, ook die kinders, mag van die interbiblioteekfasiliteite gebruik maak waar 'n heffing van DM 1 (R1.50) per aanvraag gevra word. Kostes wat egter deur die uitlener gehef word moet deur die gebruiker betaal word. Alle universiteitsbiblioteke, die **Badischen Landesbibliothek** en die **Württembergischen Landesbibliothek** vra geen IBL-kostes van die lener nie.

Die **Stadtbücherei Heidelberg** het ook nog twee takbiblioteke in voorstede van Heidelberg naamlik in Rohrbach by die **Hasenleiser Gesamtschule** (sien 5.2.5.2.2) en in Emmertsgrund. Die biblioteek het ook nege boekbusse wat elkeen twee maal per week nege punte bedien. Hierdie haltepunte is almal by skole geleë met die doel om

afwisselend in die oggende en in die namiddag vir die skoolkinders beskikbaar te wees. Die grootste persentasie leerlinge gebruik egter die boekbus vir ontspanningslektuur.

Wat wel interessant is, is die mate van samewerking tussen die **Stadtbücherei Heidelberg** en die **Universitätsbibliothek Heidelberg.** Hulle beskou hulle self dan ook as biblioteekvennote met elk sy eie terrein. Die **Stadtbücherei** konsentreer meer op ontspanningsliteratuur en letterkunde en adverteer soos volg: "Haben Sie's schon mal mit unserer Partnerbibliothek probiert? Auch die Universitätsbibliothek Heidelberg können Sie benützen. Manches, was Sie bei uns nicht finden, bekommen Sie vielleicht dort. Sie können auch Bücher in der UB bestellen und bei uns abholen" (Stadtbücherei Heidelberg, 1989:3).

In die **Universitätsbibliothek Heidelberg** is 'n **Gesamtkatalog** van alle biblioteke in Heidelberg; dit is die **Universitätsbibliothek**, die biblioteke van die 32 Institute, en die **Stadtbücherei Heidelberg.** Op hierdie wyse kan 'n bron maklik gelokaliseer word en die samewerking en die opset van die verskillende biblioteke maak die geleentheid om by die gewenste bron uit te kom, soveel groter.

5.2.5 *Skoolmediasentrums*

5.2.5.1 *Inleiding*

5.2.5.1.1 Die Skool

In die verskillende **Bundesländer** van die **Bundesrepublik Deutschland** val die openbare- of staatskole onder die **Kultusminister** (Minister van kultuur) van die spesifieke **Bundesland.** Daar is elf **Bundesländer** waarvan Baden-Württemberg een is.

Elke staatskool wat in 'n groot mate outonoom is, besluit self of hy 'n biblioteek wil hê of nie. Die beskikbaarheid van geld speel hier 'n groot rol en die skool is geensins verplig om 'n biblioteek in te rig nie. Die geldelike verpligtinge van die staatskole in Heidelberg word soos volg gereël:

a) Onderwysers se salarisse word deur die betrokke **Bundesland** betaal.

b) Die skoolgebou word deur die **Bundesland** voorsien.

c) Ander onkostes soos handboeke, sporttoerusting, die onderhoud van die gebou en die salarisse van die administratiewe personeel word deur die stad betaal (met ander woorde die stadsraad). Elke skool ontvang 'n sekere bedrag per leerling soos deur die betrokke stadsraad bepaal. Die skool wend dit dan na goeddunke aan vir die opvoeding van die leerlinge.

In 'n gesprek met doktor Erhard Rumpf, voormalige hoof van die **Waldorf Gymnasium** Heidelberg, het dit geblyk dat biblioteekboeke by die meeste skole onder op die lys van aankope staan. Die gevolg is dan ook dat welvarende stede meer geld aan die skole kan beskikbaar stel as kleiner, minder welvarende stede. Dit het 'n direkte invloed op die biblioteekvoorsiening. "Kommunale Schulträger (Gemeinde/Städte) fördern die Schulbibliotheksentwicklung sehr sporadisch, je nach Interesse und Finanzlage" (Hoëbbel, 1988:17). Die probleem is ook dat nóg die **Bundesland** nóg die stad Heidelberg hom op die ou end verantwoordelik voel vir die personeel van die skoolmediasentrums.

Omtrent 15 jaar gelede het die tendens van gekombineerde biblioteke sy verskyning gemaak. Dit is die kombinasie van skool- en openbare biblioteek en die inisiatief hiervoor het van die openbare biblioteekwêreld en nie soseer van die skole se kant af uitgegaan nie. Dit is maar eers onlangs dat skole hulle begin beywer vir eie skoolmediasentrums maar dikwels met groot probleme "...da oft die fachlichen Voraussetzungen fehlen, zentrale bibliothekarische Dienstleistungen nicht - oder nur im kleinen Masse - zu erhalten sind und das Personal nicht eingestellt wird. Der staatliche Schulträger unterstützt den Aufbau eines Schulbibliothekswesens nicht, und es fehlt, jegliche Konzeption des Aufbaus und der kontinuierlichen Förderung von Schulbibliotheken" (Hoëbbel, 1988:12).

5.2.5.1.2 Die Mediasentrum

Skoolmediasentrums in Baden-Württemberg val onder die **Landesinstitut für Erziehung und Unterricht Stuttgart** (LEU) wat 'n onderafdeling van die **Ministerium fur Kultus und Sport Baden-Württemberg** is.

Daar is geen spesifieke skoolmediasentrumstelsel of sentrale adviesraad vir skoolmediasentrums in Baden-Württemberg nie (Heyde, 1988:215) Daar is wel 'n digte

netwerk van openbare biblioteke met vier **Fachstellen für das öffentliche Bibliothekwesen** (takkantore) in Freiburg, Karlsruhe, Reutlingen en Stuttgart, wat in die eerste plek gemoeid is met openbare biblioteke maar in 'n mindere mate ook betrokke is by skoolmediasentrums. 'n Spesiale kantoor vir skoolmediasentrums word by die LEU in die vooruitsig gestel.

Daar is geen formele reëls en regulasies in verband met skoolmediasentums in Baden-Württemberg nie maar die **Ministerium für Kultus und Sport** het twee brosjures gepubliseer as hulp vir onderwysers gemoeid met skoolmediasentrums:

Schulbibliothek und Unterricht en
Lesemotivation - Autorenlesung - Wettbewerbe

By voorskrifte vir die inrigting van skoolgeboue is daar wel sekere standaarde en hieronder is daar voorskrifte vir die inrigting van skoolmediasentrums.

Oorkoepelend vir al die **Bundesländer** is daar die **Deutsches Bibliothekinstitut: Beratungsstelle für Schulbibliotheken** in Berlyn wat as raadgewende orgaan fungeer maar nie voorskriftelik optree nie.

Vroeër was daar in sommige skole wat genoem is 'n onderwyserbiblioteek wat tot die beskikking van onderwysers was maar dit het in onbruik geraak omdat die **Pädagogische Hochschule** se biblioteek so beskikbaar en goed toegerus is. Dan was daar nog klasversamelings in elke klas maar die beskikbaarheid van ander en beter toegeruste biblioteke het die gebruik hiervan ook laat verval.

By groter skole is daar dikwels 'n gekombineerde skoolmediasentrum en openbare biblioteek wat beman word deur bibliotekarisse met spesiale, addisionele opleiding in skoolmediakunde. Die **Hasenleiser Internasionale Gesamtschule** het 'n ooreenkoms met die **Stadtbücherei Heidelberg** aangegaan sodat daar 'n takbiblioteek in die skoolgebou ingerig is wat dan ook deur personeel van die **Stadtbücherei** beman word (sien 5.2.5.2.2).

5.2.5.1.3 Die Media-onderwyser

Aangesien onderwysers deur die **Bundesland** betaal word maar die skoolmediasentrum en sy inhoud deur die stad gefinansier word, is geen een van die twee instansies tans bereid om vir 'n media-onderwyser te betaal nie (Wassner, 1976:41). Die gevolg is dat waar daar een sentrale skoolmediasentrum is, die werk aan 'n onderwyser opgedra word. Hy het meesal geen spesiale biblioteekopleiding nie en die aantal periodes wat hy in die skoolmediasentrum werk (een of twee uur per week) word op sy rooster in berekening gebring.

Die **Fachhochschule für Bibliothekwesen Stuttgart (FHB)** is verantwoordelik vir die opleiding van bibliotekarisse in die **Bundesländer Baden-Württemberg, Bayern** en **Hessen.** Hierdie universiteit is dan ook een van die weinig wat studente spesiaal vir diens in skoolmediasentrums voorberei. "Schwerpunktsetzung und die Nutzung spezieller Lehrangebote innerhalb des Fachstudiums ermöglichen es, sich in gewissem Umfang besonders auf den Dienst an Schulbibliotheken vorzubereiten" (Wassner, 1976:28). Die graad **Diplom-Bibliothekar** word aan hierdie universiteit verwerf en die klem val hier meer op die biblioteekkundige aspekte as op die onderwys-en opvoedkundige aspekte.

5.2.5.2 *Skoolmediasentrums in Heidelberg*

Soos uiteengesit in 1.7.2.2 is die volgende vier skole in Heidelberg gekies vir onderhoudvoering en analisering van inligtingsbronne in die skoolmediasentrums en werksprogramme vir begaafde leerlinge.

5.2.5.2.1 Bunsen-Gymnasium, Heidelberg (Algemeinbildenden Gymnasium)

Soort skool	:**Gymnasium**
Aantal skoliere	:793
Aantal onderwysers	:68
Biblioteektipe	:Skoolmediasentrum (aparte onderwyser-versameling)
Mediasentrum geopen	:1979
Mediasentrum oppervlakte	:150 vk/m
	Uitleenafdeling, katalogus,

	werksruimte vir media-onderwyser,
	geen studie- of leesruimte.
Voorraad 1989	:4,500 boeke
	15 lopende tydskrifte
	2 lopende koerante
Swaartepunte van versameling	:Jeuglektuur, Duitse geskiedenis.
Uitleen vir 1988	:3,000 media-eenhede
Toewysing vir 1989	:DM 3,800 (R 5,000)
Openingstye	:Maan-Sat 10:00-10:20 (pouse)
	(2uur per week)
Personeel	:1 Onderwyser (geen bibl.
	kwalifikasies) slegs gedurende
	3 vry periodes
	5 Leerlinghulp (**Oberstufe**)

Opmerkings:

Die skoolmediasentrum het op die oomblik 'n groot ruimteprobleem. Die skool wat reeds in 1950 gebou is, het nie oorspronklik 'n mediasentrum gehad nie. Die mediasentrum is in 1979 in 'n klaskamer ingerig en sedertdien kon dit nog nie verskuif word nie aangesien die groter ruimtes wat met die kleiner leerlingtal beskikbaar word, telkens aan ander vakgebiede soos wetenskaplaboratoriums toegeken is.

Daar is geen permanente, voltydse media-onderwyser in die mediasentrum nie. Die onderwyser wat tans die mediasentrum in sy vry periodes bestuur, is die Latyn- en Geskiedenisonderwyser wat homself beskikbaar gestel het, veral vanweë sy eie belangstelling in die werk van die skoolmediasentrum. Hy het geen formele biblioteekopleiding nie, maar woon per geleentheid seminare by wat deur die **Deutsches Bibliotheksinstitut: Beratungsstelle für Schulbibliotheken** gehou word.

Dit gebeur wel per geleentheid dat 'n onderwyser 'n klas na die mediasentrum bring om aan hulle te verduidelik hoe om na inligting in 'n mediasentrum of in 'n bron te soek maar geen formele gebruikersleiding word gegee nie. Die mediasentrum word veral gebruik deur individuele leerlinge wat inligting soek vir selfstandige take wat gereeld in alle vakke gedoen word. Volgens die media-onderwyser maak veral die laer klasse, klasse 5-8 (standerd 3-6) van die mediasentrum gebruik. Sy verklaring hiervoor is dat

die beperktheid van die aantal bronne nie vir hierdie leerlinge 'n probleem is nie omdat dit nog nie in so 'n groot mate van hulle verwag word om verskillende benaderingswyses te vergelyk en van verskillende standpunte kennis te neem, soos wat dit wel in die hoër klasse die geval is nie. Daar word met opset gepoog om die katalogus op dieselfde wyse as díe van die **Stadtbücherei Heidelberg** saam te stel sodat dit vir die kinders wel makliker is om met albei katalogi te werk.

Die media-onderwyser koop veral boeke aan wat deur die verskillende vakonderwysers by hom aanbeveel word. Die **Arbeitsgemeinschaften** beveel egter nie boeke vir aankope aan nie, omdat die literatuur wat hulle benodig dikwels te duur en gespesialiseerd is vir die klein begroting van die skoolmediasentrum en sonder veel moeite by 'n ander biblioteek uitgeneem kan word.

Daar is 'n aparte onderwyserversameling wat heeltemal los van die skoolmediasentrum staan, 'n aparte begroting het en ook deur 'n afsonderlike onderwyser bestuur word. Hierin kom boeke en tydskrifte voor wat die onderwysers vir hulle lesvoorbereiding gebruik en ook net deur hulle uitgeneem mag word.

5.2.5.2.2 Hasenleiser Internasionale Gesamtschule (Sprachliches Gymnasium und Friedenserziehung)

Soort skool	:**Gymnasium, Realschule Hauptschule und Grundschule**
Aantal leerlinge	:1800
Aantal onderwysers	:180
Biblioteektipe	:Gekombineerde skoolmediasentrum en openbare biblioteek onder verantwoordelikheid van die stad Heidelberg. Een sentrale, geïntegreerde biblioteek, m.a.w. geen verdeling tussen die voorraad van die skool- en die openbare biblioteek nie Bestuur en beheer lê by die openbare biblioteek
Mediasentrum geopen	:1977
Mediasentrum oppervlakte.	:600 vk/m. Uitleenafdeling,

	katalogus, magasyn verdeel oor drie vloere, kantoor vir bibliotekaris, 48 studieruimtes.	
Voorraad 1988	:Gesamentlike mediavoorraad:	42,818
	vakliteratuur	14,776
	letterkunde	5,424
	kinder-en jeugliteratuur	7,932
	onderwysersversameling	14,686
	tydskrifte	76
	koerante	6
Swaartepunt van versameling	:"Sprachenunterricht und Friedenserziehung" (Internationale Gesamtschule HD, 1988:1).	
Uitleen vir 1988	:35,000 media-eenhede	
Toewysing vir 1989	:Die finansiering geskied van twee kante, gedeeltelik van die skool en gedeeltelik van die openbare biblioteek: openbare bibl. DM 46,000 (R 66,000) skoolbibl. DM 50,000 (R 71,000)	
Openingstye	:Maan-Vry 10 uur per dag (50 uur per week waarvan 26 uur in die middae ook vir die publiek oop is)	
Personeel	:2 **Diplom-Bibliothekar** (gekwalifiseerde bibliotekaresses met spesiale skoolmediasentrum-opleiding) 1 biblioteekassistent 1 halfdag biblioteekhulp	

Opmerkings:

Die besondere van hierdie biblioteek is die kombinasie van skoolmediasentrum en openbare biblioteek en die samewerking wat daar plaasvind. Die stad Heidelberg is verantwoordelik vir die beheer, administrasie en personeel en die skool vir die gebou, toerusting en onderhoud. "Die Schulbibliothek der IGH (Internationale Gesamtschule Heidelberg) ist eine kombinierte Öffentliche und Schulbibliothek und kann daher in ihrem Angebot an Dienstleistungen und in der Struktur ihrers Büchbestandes sowohl der

Freizeitfunktion, die gerade an einer Ganztagschule von grosser Bedeutung für Lehrer und Schüler ist, als auch den schulischen Anförderungen zur Unterstützung und Ergänzung des Unterrichts gerecht werden" (Internationalen Gesamtschule HD, 1988:2).

Dit was interessant om te verneem dat die skool vir een jaar lank slegs 'n presensie-skoolmediasentrum gehad het waar geen boeke uitgeneem mag word nie, met 'n takbiblioteek van die openbare biblioteek wat slegs in die middae vir die publiek oop was, in dieselfde geboukompleks. Daar is egter gou besef dat onnodige duplisering van voorraad plaasvind en deur kragte saam te voeg kon 'n beter en uitgebreider diens gelewer word.

Samewerking met die skool vind veral op die volgende wyses plaas:

a) aanskaf en voorraadbou. Oriëntering ten opsigte van die verskillende en uiters uiteenlopende skoolleerplanne en hulle inhoude verseker dat boekaankope doelmatig geskied. Onderwysers gee ook aanduidings van bronne wat hulle graag aangeskaf wil hê.

b) die bibliotekaresse (wat nie 'n onderwyseres is nie en dus nie as media-onderwyser bekend staan nie) neem deel aan onderwyser- en vakkonferensies om sodoende die inligtingsbehoeftes beter te verstaan.

c) mediagebruikersklasse word deur die bibliotekaresse op 'n georganiseerde wyse aan alle skoolleerlinge gegee.

d) leeslyste en aanwinslyste word aan leerlinge en onderwysers beskikbaar gestel.

e) die onderwyserversameling wat slegs tot beskikking van die onderwysers is, word deur die bibliotekaresses bestuur.

f) integreringsklasse waartydens sekere vakke in die biblioteek aangebied word.

g) buitengewone en spesiale inligtingsbronne word op aanvraag aangekoop en gereserveer vir presensie-gebruik. Dit word genoem "Handapparate zu speziellen Unterrichtsthemen". Hier kom inligtingsbronne vir die begaafde leerlinge ter sprake en kan as gereserveerde versamelings beskou word. "In

diesem Zusammenhang bietet die Bibliothek an, zu speziellen Unterrichtsthemen, Projekten oder Arbeitsgemeinschaften in Zusammenarbeit mit dem Lehrer gezielt Literatur entsprechend den besonderen Anforderungen von Thema und Klassenstruktur anzuschaffen und zusammenzustellen" (Internationalen Gesamtschule HD, 1988:1). Hierdie bronne is dan vir 'n bepaalde tyd nie uitneembaar nie en kan deur enkelgebruikers vir selfstudie of in groepsverband gebruik word.

Aangesien hierdie 'n kombinasie van 'n skoolmediasentrum en 'n openbare biblioteek is, het alle leerlinge in Heidelberg toegang tot hierdie biblioteek en nie net leerlinge van die **Internationale Gesamtschule** nie. Dit is dan ook een rede waarom 'n hele paar van die kleiner skole nie eie skoolmediasentrums het nie maar van die fasiliteite van die **Internationale Gesamtschule** gebruik maak.

5.2.5.2.3 *Wirtschaftsgymnasium*

Soort skool	:**Handelslehranstalt** met die kombinasie **Wirtschaftsgymnasium** en **Willy-Hellpach-Berufsschule**
Aantal skoliere	:**Gymnasium**: 500 **Berufsschule**: 1,500
Aantal onderwysers	:150
Biblioteektipe	:spesiale/studiebiblioteek
Mediasentrum geopen	:Mei 1989
Mediasentrum oppervlakte	:200 vk/m. Uitleentoonbank, katalogus, sistematiese katalogus op rekenaar, beperkte maar goed toegeruste studie- en leesruimte.
Voorraad 1989	:5,000
Swaartepunt van versameling	:Handelsvakke, rekenaarwetenskap en handelsreg
Uitleen 1989	:nog geen statistiek beskikbaar.
Toewysing 1989	:DM 20,000 (R29,000)
Openingstye	:Maan-Vry 13:00-13:30

(3 uur per week)

Personeel :2 onderwysers sonder biblioteek-opleiding
2 leerlinghulp

Opmerkings:

Hierdie is 'n jong biblioteek wat tot stand gekom het met 'n skenking van 4,000 boeke van die **Handelslehranstalt** nadat gevoel is dat bronne aan die leerlinge van die twee skole beskikbaar gestel moet word veral in die lig van die gespesialiseerdheid van die bronne wat benodig word. Die skool bied al die gewone skoolvakke aan plus dan die besondere spesialiseringsvakke wat nie by ander **Gymnasien** aangebied word nie soos **Wirtschaftslehre, Volks- und Betriebswirtschaft, Wirtschaftslehre des Haushalts, Wirtschaftsgeographie, Datenverarbeitung**. In die biblioteek is daar 'n klein en beperkte aantal boeke wat gerig is op die onderrig van die gewone skoolvakke maar die spesialiseringsvakke soos hier bo genoem kry besondere aandag. Die oogmerk van die biblioteek is dan ook om die klem van sy versameling te laat val op, nie soseer die vakrigtings wat deur ander biblioteke gedek word nie, maar om 'n goed toegeruste biblioteek daar te stel vir die vakke wat eiesoortig aan die studieveld van die besondere **Berufliches Gymnasium** is.

Hierdie skoolmediasentrum is dus meer 'n spesiale biblioteek wat spesialiseer in een bepaalde studie- en beroepsrigting en duplisering van bronne wat in ander skoolmediasentrums in Heidelberg beskikbaar, is word vermy. Net soos by die ander skoolmediasentrums in Heidelberg, is hierdie versameling ook tot die beskikking van enige skoolleerling in Heidelberg en val die klem op die beskikbaarstelling van inligting en is die versameling nie net vir eksklusiewe gebruik van daardie skool se leerlinge nie.

5.2.5.2.4 *Technisches Gymnasium*

Soort skool :**Gymnasium** met klem op **Mathematisch- naturwissenschaftlich-technischen Aufgabenfeld** en veral **Elektrotechnik**

Aantal skoliere :400

Aantal onderwysers :37

Biblioteektipe :geen skoolmediasentrum

Opmerkings:

Hierdie skool is op die oomblik in 'n eksperimentele fase. Die lewensvatbaarheid van drie nuwe rigtings in **Berufliches Gymnasien** in Baden-Wurttemberg word sedert 1984 ondersoek: "Drei Richtungen des Beruflichen Gymnasiums werden als Schulversuche geführt, für die besondere Regelungen ergangen sind: die sozialpädagogische Richtung, die naturwissenschaftlich-technische Richtung und das Technische Gymnasium mit Schwerpunkt Elektronik" (Baden-Württemberg, 1988:13).

Die ondersoek is nog aan die gang en hierdie spesifieke **Technisches Gymnasium** in Heidelberg is deel van die eksperiment. In 'n onderhoud met die skoolhoof het dit aan die lig gekom dat dit juis hierdie toedrag van sake is wat veroorsaak dat die skool geen skoolmediasentrum het nie, aangesien dit slegs 'n eksperiment is en geen permanensie gewaarborg is nie. Die leerlinge kry op die oomblik feitlik alle boeke wat hulle mag nodig kry, as handboeke van die staat. Verdere bronne kan sonder moeite deur die leerlinge by die Universiteit of ander biblioteke bekom word.

5.2.5.2.5 *Kurfürst-Friedrich Gymnasium (Sprachliche Gymnasium)*

Soort skool	:**Gymnasium** met swaartepunt tale soos Frans, Latyn, Grieks, Russies.
Aantal skoliere	:500
Aantal onderwysers	:48
Biblioteektipe	:Geen skoolmediasentrum. Onderwyserversameling vir die uitsluitlike gebruik deur onderwysers: 200 boeke en 4 lopende tydskrifte, deur onderwyser administreer.

Opmerkings:

In 'n onderhoud met die skoolhoof het dit aan die lig gekom dat hierdie **Gymnasium** oor geen skoolmediasentrum beskik nie. Die rede hiervoor is dat die skool relatief klein is in vergelyking met ander **Gymnasien** wat almal in kombinasie met ander skooltipes fungeer wat die leerlingtal aansienlik vergroot. Die finansiële toewysing van die stad en **Bundesland** is vir hierdie **Gymnasium** kleiner sodat dit onprakties is om 'n biblioteek vir so 'n klein skool op te rig waar ander biblioteke, ook ander skoolmediasentrums, in elk geval geredelik voor hande is.

Die skoolhoof is ook van mening dat kleiner stadskole nie oor 'n biblioteek hoef te beskik nie (daar is geen amptelike beleid hieromtrent nie) omdat ander biblioteke tot die beskikking van die leerlinge is en duplisering ongewens is, maar dat skole op die platteland goed toegeruste mediasentrums moet besit aangesien dit dikwels die enigste biblioteek vir die hele gemeenskap is.

5.3 **Gevolgtrekking**

Inligtingvoorsiening aan begaafde leerlinge in Heidelberg staan grootliks in die teken van samewerking tussen die verskillende biblioteke om vrye toegang tot inligting te vergemaklik. Begaafde leerlinge kan by alle biblioteke (met die uitsondering van 'n paar instituutbiblioteke) as gebruikers registreer en die enigste registrasiekwalifikasie is inwonerskap in Heidelberg.

Skoolmediasentrums spesialiseer dikwels op 'n gebied byvoorbeeld die **Wirtschaftsgymnasium** in handelsvakke. Duplisering van duur bronne word egter voorkom deurdat hierdie versameling en soortgelyke versamelings tot die beskikking van alle gebruikers, ook begaafde leerlinge, gestel word.

HOOFSTUK 6. BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding

Onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge beteken nie dat dieselfde leerstof net op 'n hoër niveau aangebied word nie, maar dat sake soos kreatiwiteit, intellektuele inisiatief en kritiese denke beklemtoon word. Begaafde leerlinge moet dus nie net ingewikkelder leerstof in die hand gestop word nie maar hulle moet blootgestel word aan keuses en ander prikkels, ook wat hulle inligting betref. Groter selfwerksaamheid sal selfstandige biblioteekgebruik bevorder.

Onderwysbeplanners sal stelsels moet ontwerp wat dit vir alle begaafde leerlinge moontlik sal maak om hulle besondere begaafdhede maksimaal te ontgin. Die Transvaalse Onderwysdepartement maak op die oomblik net gedeeltelik voorsiening vir die inligtingsbehoeftes van die begaafde leerlinge verbonde aan die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge in Potchefstroom deurdat inligtingsbronne wel geidentifiseer word maar daar nie omgesien word of hierdie bronne wel beskikbaar is nie.

6.2 Bevindinge

Die volgende tabel bied 'n oorsigtelike beeld van die bevindinge wat na vore gekom het met betrekking tot die voorsiening van inligting aan begaafde leerlinge en die fasiliteite en dienste wat daarmee verband hou:

FASILITEITE EN DIENSTE	*Potchefstroom*	*Heidelberg*
1. Opvoedkundige sentrum	X	X
1.1 Tersiêre inrigtings		
Universiteit	X	X
Onderwyskollege	X	X
1.3 Sekondêre skole	X	X
1.3 Primêre skole	X	X
2. Onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge		
2.1 Beleid		
Amptelike beleid i.v.m. begaafde leerlinge	X	-
Geen amptelike beleid i.v.m. begaafde leerlinge nie	-	X

FASILITEITE EN DIENSTE	*Potchefstroom*	*Heidelberg*
2.2 Identifisering van begaafde leerlinge		
Alle skole identifiseer begaafde leerlinge	X	-
Net sommige skole identifiseer begaafde leerlinge	-	X
2.3 Formele onderrig aan begaafde leerlinge		
Binne-kurrikulêr	-	X
Sekondêre skole	-	X
Primêre skole	-	-
Na skoolure	-	-
Gedurende skoolure	-	X
Buitekurrikulêr	X	X
Sekondêre skole	X	X
Primêre skole	X	-
Na skoolure	X	X
Gedurende skoolure	-	-
Verenigings vir begaafde leerlinge	-	X
Samewerking met skoolmediasentrum	-	X
Buitekurrikulêre sentrum vir begaafde leerlinge	X	-
Biblioteek	X	-
Samewerking met skoolmediasentrum	-	-
3. Biblioteke		
3.1 Universiteitsbiblioteek	X	X
Toeganklik vir begaafde leerlinge	-	X
3.2 Onderwyskollegebiblioteek	X	X
Toeganklik vir begaafde leerlinge	-	-
3.3 Skoolmediasentrums		
By alle skole	X	-
Net by sommige skole	-	X
Toeganklik vir begaafde leerlinge	X	X
Formele samewerking met openbare biblioteek	-	X
Informele samewerking met openbare biblioteek	X	-
3.4 Openbare biblioteek	X	X
Toeganklik vir begaafde leerlinge	X	X
Samewerking met buitekurrikulêre opleidingsinstansies	-	X

FASILITEITE EN DIENSTE	*Potchefstroom*	*Heidelberg*
4. Inligtingsbehoeftes		
4.1 Verryking	X	X
Spesiale programme	X	-
4.2 Bronne beskikbaar	-	X
Bronne nie beskikbaar nie	X	-
4.3 Spesiale bibliografie	X	-
Geen bibliografie	-	X

Uit die vergelykende tabel blyk dit dat die grootste ooreenkoms tussen die twee gebiede die insluiting van dieselfde tipe tersiêre, sekondêre en primêre opvoedkundige sentra is.

Daar is egter ook beduidende verskille tussen die twee gebiede.

a) Die eerste opvallende verskil is ten opsigte van *biblioteeksamewerking*. Biblioteeksamewerking in Heidelberg bestaan daaruit dat alle leerlinge as gebruikers by die meeste biblioteke mag registreer en die verskaffing van inligting aan enige persoon wat dit benodig, is die hoofdoelstelling. Die feit dat meerdere biblioteke op hierdie wyse saamwerk en beskikbaar is, veroorsaak ook dat die gebruikers verdeel word en nie alle leerlinge slegs een biblioteek gebruik nie.

Daar bestaan met die oog op begaafde leerlinge geen biblioteeksamewerking in Potchefstroom ~~bestaan~~ nie. Daar is slegs tussen die Onderwyskollege, die PU vir CHO en die Openbare Biblioteek samewerking ten opsigte van hulle eie geregistreerde gebruikers wat die belange van die begaafde leerlinge uitsluit. Elke begaafde leerling kan as gevolg van die gebrek aan samewerking slegs as gebruiker registreer by sy eie skoolmediasentrum en die Openbare Biblioteek.

b) Die tweede belangrike verskil handel oor die duplisering van bronne. In Heidelberg word duplisering van duur bronne grootliks beperk deurdat biblioteke wat op sekere gebiede spesialiseer, hulle voorrade tot die beskikking van ander biblioteke se gebruikers stel wat meebring dat laasgenoemde biblioteke dan nie self ook die bronne hoef aan te skaf nie.

Duplisering van bronne vind tussen biblioteke van Potchefstroom plaas aangesien elke opvoedkundige sentrum bronne aanskaf vir die opleiding van sy eie studente/leerlinge en voorsiening maak vir navorsing van sy eie dosente/onderwysers.

c) Die derde verskil is ten opsigte van die aanskaf van bronne spesifiek met die oog op gebruik deur begaafde leerlinge. In Heidelberg skaf skoolmediasentrums gespesialiseerde bronne aan wat deur die begaafde leerlinge in die **Leistungskurse** of **Arbeitsgemeinschaften** benodig word en deur die betrokke onderwysers aan die mediasentrum aanbeveel word.

In Potchefstroom maak nie een biblioteek voorsiening vir die aankoop van bronne vir begaafde leerlinge nie aangesien die biblioteke nie bewus is van die inligtingsbehoeftes van begaafde leerlinge nie en begaafde leerlinge nie as 'n gebruikersgroep identifiseer nie.

d) 'n Vierde verskil handel oor dienste. In Heidelberg, Wes-Duitsland het enige persoon toegang tot enige van die dienste. Veral by rekenaarmatige soektogte is gevind dat gebruikers, en dus ook leerlinge, hulle self help en dat biblioteke hiervoor voorsiening maak. In geeneen van die biblioteke wat in Potchefstroom besoek is en waar leerlinge toegelaat word, mag hierdie leerlinge van die IBL-diens of rekenaarmatige soektogte gebruik maak nie.

6.3 **Aanbevelings**

Op grond van die studie wat gedoen is en op grond van die bevindinge wat gemaak is word die volgende aanbevelings gedoen ten opsigte van inligtingsvoorsiening aan begaafde leerlinge in Transvaal.

6.3.1 *Samewerking*

Onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge stel finansiële eise aan die staat en gemeenskap. Uit die navorsing het dit duidelik geword dat nie net addisionele fasiliteite geskep en toerusting aangeskaf moet word nie, maar dat instansies hulle bronne beskikbaar moet stel om uitgawes so laag as moontlik te hou.

Biblioteeksamewerking bring ook mee dat deur middel van oordeelkundige aanskaf, onnodige en duur duplisering voorkom kan word.

Die totale program vir begaafde onderwys "...will need collaboration with other professionals who would not ordinarily identify themselves with education of gifted students. Such collaboration should be encouraged by public policy initiatives that allow for, encourage, or even mandate the establishment of such relationships" (Gallagher, 1988:112). Daar sal met ander woorde innoverende beleid geformuleer moet word om te bepaal watter instansies verantwoordelikheid aanvaar vir die voorsiening van inligting aan begaafde leerlinge.

Samewerking tussen instansies is prysenswaardig maar watter instansie neem die verantwoordelikheid vir die voorsiening van toerusting, bronne en hulpmiddels vir begaafdekindonderwys? Gallagher (1988:114) sê dat die geskiedenis bewys het dat behoorlike samewerking tussen instansies nie sal plaasvind nie, tensy 'n kreatiewe beleid voorsiening maak vir sowel die ondersteuning van opleidingsaktiwiteite, as middele om dit uit te voer.

Sodanige beleid tot samewerking tussen die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge en die verskillende biblioteke in Potchefstroom behoort deur die Transvaalse Onderwysdepartement geïnisieer te word, aangesien hulle primêr verantwoordelik is vir die onderrig van begaafde leerlinge.

Daar word aanbeveel dat samesprekinge gehou word sodat 'n ooreenkoms bereik kan word en dat begaafde leerlinge deur die Buitekurrikulêre Sentrum voorsien word van 'n registrasiekaart waarmee hulle dan toegang tot al die verskillende biblioteke kan verkry.

6.3.2 *Aanskafbeleid*

Deur middel van die ontleding van die programme vir begaafde leerlinge wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement opgestel is, kan daar vasggestel word watter inligtingsbronne deur die begaafde leerlinge benodig word. Dit word ook aanbeveel dat 'n verteenwoordiger van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge, sitting sal hê op die mediakomitee van skole met leerlinge wat die sentrum besoek. Skoolmediasentrums kan op hierdie wyse geadviseer word oor bronne wat vir begaafde leerlinge aangeskaf kan word.

Waar verskillende biblioteke saam 'n diens lewer, soos in die geval van biblioteke in Heidelberg, Wes-Duitsland, word duplisering tot 'n minimum beperk. 'n Soortgelyke situasie kan tussen samewerkende biblioteke, plaaslik verkry word, indien die biblioteke onderling ooreenkom en die behoeftes van die begaafde leerlinge in ag geneem word.

6.3.3 *Verskillende biblioteke*

Die skep van 'n sentrum-biblioteek om spesiale voorsiening te maak vir begaafde leerlinge is nie aan te bevele nie aangesien dit onnodige duplisering sal veroorsaak en die nodige opgeleide personeel en apparatuur hoë kostes meebring.

Daar word aanbeveel dat moontlikhede ondersoek moet word om die voorrade en dienste van die Universiteitsbiblioteek en die Onderwyskollegebiblioteek tot die beskikking van begaafde leerlinge te stel. Die biblioteke van dié twee instansies is binne een kilometer van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge geleë. Buitendien is dit die begaafde leerlinge wat feitlik sonder uitsondering hulle later vir tersiêre opleiding aanmeld, met die gevolg dat die genoemde instansies self daarby kan baat indien hulle fasiliteite en dienste nou reeds aan die begaafde leerlinge beskikbaar stel.

Dit is verder verkieslik dat *verskillende* biblioteektipes vir begaafde leerlinge toeganklik moet wees aangesien elke instansie 'n verskillende spesialiseringsgebied of -gebiede het, wat 'n groter diversiteit van inligtingsbronne moontlik maak.

6.3.4 *Verskillende dienste*

In geen van die biblioteke in Potchefstroom wat besoek is en waar leerlinge toegelaat word, mag hierdie leerlinge van die IBL-diens of rekenaarmatige soektogte gebruik maak nie. Indien groter samewerking tussen die verskillende beskikbare biblioteke verkry kan word en 'n aanskafbeleid gevolg kan word wat die verskillende bronne beskikbaar stel, sal hierdie dienste tot 'n minimum beperk kan word, maar dit beteken nog nie dat sodanige dienste glad nie tot die beskikking van die begaafde leerlinge gestel moet word nie.

Die uitbreiding van die fasiliteite vir rekenaarmatige soektogte by verskillende instansies, moet ook deur begaafde leerlinge met vrug benut kan word en behoort tot hulle beskikking gestel te word.

6.4 Samevatting

In Heidelberg, Wes-Duitsland het begaafde leerling die voorreg van toegang tot feitlik alle biblioteke. Inligting en inligtingsbronne is vrylik beskikbaar en die hele stelsel is ingestel op diens, met 'n hoë premie op akademiese- en navorsingsuitsette sonder om diskrimenerend ten opsigte van ouderdom te wees. Die Duitse biblioteekopset stel begaafde leerlinge werklik in die geleentheid om alle kennisverbredende geleenthede te benut.

Suid-Afrika en dan meer die spesifiek die Transvaal kan dit nie bekostig dat sy kosbaarste potensiaalbron, naamlik sy begaafde leerlinge nie tot optimale potensiaalverwesenliking gelei word nie en daarom moet alles in werking gestel word om vir die begaafde leerlinge ook wat hulle inligtingsbehoeftes betref, voorsiening te maak.

Indien onderwysowerhede genoemde aanbevelings en riglyne ten opsigte van inligtingsvoorsiening aan begaafde leerlinge in ag neem wanneer onderwys vir begaafde leerlinge beplan word, behoort hierdie leerlinge in die onderwysbestel tot hulle reg te kom.

7. BIBLIOGRAFIE

ADAMS, D.V. 1985. 'n Ondersoek na navorsingsbegeleiding van begaafde leerlinge met spesiale verwysing na die gebruik van die biblioteek. Port Elizabeth. (Skripsie(M.ed.) - UPE.)

BADEN-WÜRTTEMBERG Ministerium für Kultus und Sport. 1988. Leitfaden: Die gymnasiale Oberstufe in Baden-Württemberg. Stuttgart.

BALDWIN, A.Y. 1982. Zum Effekt prozessorientierten Unterricht auf Denkprozesse von Hochbegabte Kindern. (*In* Urban, K.K., *red.* Hochbegabte Kinder. Heidelberg : Schindele.)

BIRFLEY, M. 1980. Implications of gifted/talented characteristics for library media personnel. *Mentor*: 54,April.

BLACK,K. 1980. Library programs for the gifted and talented. *Mentor*: 60,April.

CILLIERS, S.P. 1965. Maatskaplike navorsing: Metodologie, prosedures, tegnieke. Stellenbosch : Kosmo.

DEUTSCH-AMERIKANISCHES INSTITUT. 1988. Rules for using the library of the German American Institute. Heidelberg.

DU TOIT, J.M. & VAN DER MERWE, A.B. 1966. Sielkunde: 'n algemene inleiding. Kaapstad : HAUM.

EICHHOLZ,B. 1984. Ein Projektbericht aus der Jugenddorf-Christophorusschule Braunschweig. (*In* Heitzer, M., *red.* , Hochbegabten in unserem Bildungssystem. Braunschweig : Internationaler Arbeitskreis Sonnenberg.)

ENGELBRECHT, G.C. 1973. 'n Fundamentele pedagogiekbesinning oor die betekenis van die skoolbiblioteek in die opvoeding van die begaafde kind. Pretoria. (Proefskrif(D.Ed.) - UNISA.)

EWERS, M. 1978. Begabungstheorie, Gesellschaft und Erziehung. Frankfurt : Haag und Herchen.

FEGER, B. 1986. The first information and counseling center for the gifted in West Germany. (*In* Heller, K.A., *red.* Identifying and nuturing the gifted. Stuttgart : Hans Huber.

FLACK, J.D. 1986. A new look at valued partnership: the library media specialist and gifted students. *School library media quarterly*, 14(4):175-179.

FÜHR, C. 1979. Das Bildungswesen in der Bundesrepublik Deutschland: ein Überblick. Bonn-Bad Godesberg : Inter Nationes.

GALLAGHER, J.J. 1982. Gesellschaft, Erziehungssystem und differentielle Curricula fur Hochbegabte. (*In* Urban, K.K., *red.* Hochbegabte Kinder. Heidelberg : Schindele.)

GALLAGER, J.J. 1988. National agenda for educating gifted students: Statement of priorities. *Exceptional children*, 55(2):107-114.

GETZELS, J.W. 1982. Probleme finden - die Natur und Entwicklung von Hochbegabung. (*In* Urban, K.K., *red.* Hochbegabte Kinder. Heidelberg : Schindele.)

GEWERKSCHAFT ERZIEHUNG UND WISSENSCHAFT. 1989. Als Student/in in der Gewerkschaft. Karlsruhe.

GUNTER, C.F.G. 1964. Opvoedingsfilosofieë. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

HEIDE, K. 1988. Fachstellen: Veränderungen in der Aufgabenstellung staatlicher Fachstellen für das öffentliche Bibliothekwesen. *Buch und Bibliothek*, 35(3):214-215.

HEITZER, M. 1984a. "Be-Gaben" in der Schule - ein Problemaufriss. (*In* Heitzer, M., *red.* Hochbegabten in unserem Bildungssystem. Braunschweig : Internationaler Arbeitskreis Sonnenberg.)

HEITZER, M. 1984b. Probleme der Begabungs-"Messung". (*In* Heitzer, M., *red.* Hochbegabte in unserem Bildunssystem. Braunschweig : Internationaler Arbeitskreis Sonnenberg.)

HELLER, K.A. 1986. Identification, development and analysis of talented and gifted children in West Germany. (*In* Heller, K.A., *red.* Identifying and nuturing the gifted. Stuttgart : Hans Huber.)

HERTZ, K. & JANECEK, B. 1978. Libraries are important for gifted students. *NASSP Bulletin*: 120-121, Feb.

HOËBBEL, N. 1985. Lehrbriefe: Schulbibliothek (Studienführer). Berlyn : Deutsches Bibliotheksinstitut.

HOËBBEL, N., *red.* 1986 Neue Schulbibliotheken in der Bundesrepublik Deutschland: Dokumentation und Analyse der deutschen Schulbibliotheksentwicklung seit 1970. Berlyn : Deutsches Bibliotheksinstitut.

HOËBBEL, N. 1988. Impressionen einer Schulbibliothekreise. *Schulbibliothek Aktuell*, 88(1):12-27.

IDENBURG, P.J. 1967. Das Ideal der optimalen Entwicklung der Talente. (*In* Ballauff, T.,*red.* Begabungsförderung und Schule. Darmstadt : Wissenschaftliche Buchgesellschaft.)

INTERNATIONALEN GESAMTSCHULE HD. , 1988. Jahresbericht. Heidelberg : IGH.

JAY, M.E. 1982. Library media projects for the gifted. Hamden : Library Professional publication.

LUNDY, J.R. 1982. Zu den psychologischen Bedurfnissen Hochbegabter. (*In* Urban, K.K., *red.* Hochbegabte Kinder. Heidelberg : Schindele.)

MEHLHORN, G. 1987. Man wird nicht als Genie geboren: Ein Plädoyer für die Begabungsentwicklung. Berlyn : Volk und Wissen Volkseigener Verlag.

MEYER, P.S. 1983. Die onderrig van begaafde kinders en die mannekragsituasie in Suid Afrika. (*In* Suid-Afrikaanse Vereniging ter Bevordering van die Opvoedkunde. Begaafdekindonderwys: referate gelewer by die een-en-twintigste kongres van SAVBO gehou op 19, 20 en 21 Januarie 1983 by die Universiteit van Port Elizabeth. Port Elizabeth.)

MIRA, H. 1982. Probleme der Hochbegabung und ihrer Förderung bei Kindern aus einem benachteiligten sozio-ökonomischen Milieu. (*In* Urban, K.K., *red.* Hochbegabte Kinder. Heidelberg : Schindele.)

MÖNIKES, W. 1984. Hochbegabtenförderung aus der Sicht der Bundesregierung. (*In* Heitzer, M., *red.* Hochbegabte in unserem Bildungssystem. Braunschweig : Internationaler Arbeitskreis Sonnenberg.)

MÖNKS, F.J. 1986. The Identification of gifted children. (*In* Heller, K.A., *red.* Identifying and nuturing the gifted. Stuttgart : Hans Huber.)

NEETHLING,K. 1984. Die begaafde kind. Kaapstad : Human & Rousseau.

OBERHOLZER, M.O. 1983. Begaafdekindonderwys en sinvolle maatskappydeelname. (*In* Suid-Afrikaanse Vereniging ter Bevordering van die Opvoedkunde. Begaafdekindonderwys: referate gelewer by die een-en-twintigstee kogres van SAVBO gehou op 19, 20 en 21 Januarie 1983 by die Universiteit van Port Elizabeth. Port Elizabeth.)

ONDERWYSKOLLEGE POTCHEFSTROOM. 1985. Buitekurrikulêre sentrum vir begaafde leerlinge. Potchefstroom : Herald.

OVERDUIN, P.G.J. & DE WITT, N. 1986. Skoolbiblioteekwese in Suid-Afrika: 'n Kritiese evaluering. Bloemfontein : UOVS.

PÄDAGOGISCHE HOCHSCHULE HEIDELBERG BIBLIOTHEK. 1988 Information für benutzer. Heidelberg.

PYLES, J. 1985. The talented and gifted child: how can the library teacher-librarian help? *Journal of the school library association of Queensland*, 17(1):11-15.

RGN
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Ondersoek na die onderwys. Verslag van die Hoofkomitee: Onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1986. Verslag van die werkkomitee: Onderwys vir hoogbegaafde leerlinge. Pretoria.

RENZULLI, J.S. 1977. The enrichment triad model: a guide for developing defensible programs for the gifted and talented. Connecticut : Creative Learning Press.

RENZULLI, J.S. 1978. What makes giftedness? Re-examining a definition. *Phi Delta Kappan*, 60(3):180-184.

RUPRECHT-KARL-UNIVERSITÄT HEIDELBERG. 1988. Benutzungsbestimmungen der Universitätsbibliothek Heidelberg. Heidelberg.

SAFTER, H.T. 1981. Use of the differential guidance for gifted model for differential guidance for the gifted. *Gifted child Quarterly*, 25(4):167-174.

SCHIEFELE, H. 1971. Schule und Begabung. München : Oldenbourg.

SMIT, I.S. 1986. 'n Ondersoek na die probleem van onderwysvoorsiening aan begaafde leerlinge in geografies-geïsoleerde gebiede. Port Elizabeth. (Skripsie (M.Ed.) - UPE.)

SMITH, J. 1980. Media services for gifted students: an overview. *School media quarterly*, 8(3):161-178.

SPIES, W.E. 1984. Hochbegabte - Die neuen Problemkinder? (*In* Heitzer,M., *red.* Hochbegabte in unser Bildungssystem. Braunschweig : Internationaler Arbeitskreis Sonnenberg.)

STADTBÜCHEREI HEIDELBERG. 1989. Wo Wie Was? Eine Information Ihrer Stadtbücherei Heidelberg. Heidelberg.

STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom : Herald.

STONE, H.J.S. 1989. Begaafdheid kry deur ontwikkeling sin. *Mondstuk*, 18(205):3.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TAYLOR, C.A. & VAN DER WESTHUIZEN, C.P. 1983. Die onderrig van die begaafde kind. Durbanville : Uitgewery Boschendal.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1979. Program vir mediagebruikersleiding in die skoolmediasentrum. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1982. Handleiding vir sentrum hoofde. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 a. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 b. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Tematiese studies. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 c. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Geld- en Bankwese. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 d. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Sterrekundige studie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 e. Program vir hoogbegaafde leerling: Staatkundige en wysgerige studie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 f. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Taal- en literatuurstudie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 g. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Skeppende en uitvoerende kunste. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 h. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Kommunikasiestudie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 i. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Informatika. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 j. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Elektroniese studie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 k. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Petrochemiese en geologiese studie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986 l. Program vir hoogbegaafde leerlinge: Materiaalkunde. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1989. Inligtingstuk vir mediasentrums en mediagebruik in skole. Pretoria.

URBAN, K.K. 1982. Einfuhrung. (*In* Urban, K.K., *red.* Hochbegabte Kinder. Heidelberg : Schindele.)

URBAN, K.K. 1984. Hochbegabtenerziehung Weltweit. (*In* Heitzer, M., *red.* Hochbegabte in unserem Bildungssystem. Braunschweig : Internationaler Arbeitskreis Sonnenberg.)

USZKURAT, B. 1984. Zur Förderung von Hochbegabten in Gymnasien. (*In* Heitzer, M., *red.* Hochbegabte in unserem Bildungssystem. Braunschweig : Internationaler Arbeitskreis Sonnenberg.)

VAN DER STOEP, F. & VAN DER STOEP, O.A. 1968. Didaktiese oriëntasie. Pretoria : Academica.

VAN TASSEL, J. 198 . The role of the library in gifted child education. *Illinois Libraries*, 59(7):498-500.

VILJOEN, N.J. 1984. 'n Ondersoek na 'n modulêre onderrigsrtuktuur vir begaafde leerlinge. Port Elizabeth. (Skripsie (M.Ed.) - UPE.)

WASSNER, H. 1976. Blätter zur Berufskunde: Diplom-Bibliothekar an Öffentlichen Bibliotheken. Bielefeld : Bertelsman.

WIECZERKOWSKI, W. 1981. Das hochbegabte Kind. Dusseldorf : Pädagogischer Verlag Schwann.

BYLAE A.

GETALLE - LAERSKOLE	STANDERD 2	3	4	5	TOTAAL	
Carletonville/Fochville						
Rockland Primary	–	–	1	–	1	
Westfields Primary	1	–	1	1	3	
Danie Theron Gedenk	2	–	1	–	3	
Blyvooruitzicht	–	–	2	–	2	
Dagbreek	–	–	2	–	2	
Losberg	–	1	1	4	6	
Fochville	1	2	4	6	13	
Jongspan	–	–	–	5	5	35
	4	3	12	16		
Klerksdorp/Orkney/Stilfontein						
Goudkop	5	6	3	6	20	
Noordvaal	2	2	1	2	7	
Meiringspark	4	2	–	–	6	
Saamtrek	2	1	4	6	13	
Stilfontein	1	–	1	–	2	
Hartbeesfontein	2	1	–	–	3	
President	1	1		1	3	
Driefonteine	–	–	1	1	2	
Klerksdorp Primary	–	–	1	2	3	
P.A. Theron	–	–	–	1	1	
Strathvaal Primary	–	–	1	–	1	
La Hoff	–	–	1	8	9	70
	17	13	13	27		
Lichtenburg	1	2	–	–	3	
Delareyville	–	1	–	–	1	
Ventersdorp	1	–	3	1	5	
Ottosdal	–	–	–	1	1	
Parys	–	–	–	1	1	11
	2	3	3	3		
Vereeniging/Vanderbijlpark						
Voorslag	1	–	–	–	1	
Emfuleni Park	1	1	–	–	2	
Kollege Park	–	1	1	3	5	
Hendrik van der Bijl	–	1	–	–	1	
Parkridge Primary	–	1	–	–	1	
Pinedene Primary	–	–	2	1	3	
D.F. Malherbe	–	–	1	–	1	
Historia	–	–	–	1	1	15
	2	4	4	5		
Potchefstroom						
Generaal Pienaar	1	–	–	–	1	
Hendrik Potgieter	–	2	–	1	3	
M.L. Fick	3	–	4	–	7	
Baillie Park	6	2	5	1	14	
President Pretorius	3	1	2	1	7	
Mooirivier	5	1	5	6	17	
Central Primary	–	–	3	1	4	53
	18	6	19	10		

GETALLE HOëRSKOLE	STANDERD					TOTAAL	
	6	7	8	9	10		
Klerksdorp/Orkney/Stilfontein							
Wesvalia	4	5	3	4	3	19	
Milner High	1	2	1	1	2	7	
Orkney	1	–	–	–	–	1	
Schoonspruit	2	–	1	–	2	5	
Klerksdorp	–	5	1	1	–	7	
Stilfontein	–	1	–	–	–	1	
							40
	8	13	6	6	7		
Vereeniging/Vanderbijlpark							
Overvaal	–	–	1	1	1	3	
Driehoek Hoër	5	–	1	–	–	6	
Suncrest High	1	–	–	–	–	1	
Vanderbijlpark	1	–	1	1	–	3	
Transvalia	–	3	–	–	–	3	16
	7	3	3	2	1		
Carletonville/Fochville							
Carleton Jones	1	–	1	1	–	3	
Wonderfontein	1	5	1	2	–	9	
Carleton Hoër	2	4	2	2	2	12	
Fochville	–	3	1	–	–	4	28
	4	12	5	5	2		
Potchefstroom							
Volkskool	1	9	4	3	7	24	
Ferdinand Postma	5	5	4	1	–	15	
Hoër Tegnies	–	2	–	1	–	3	
Gimnasium	13	14	7	8	2	44	
Boys High	–	1	–	1	2	4	
Girls High	2	6	1	3	–	12	102
	21	37	16	17	11		186 : GROOTTOT

Getal Leerlinge September 1989

St: 2 – 43
3 – 29
4 – 51
5 – 61
6 – 40
7 – 65
8 – 30
9 – 30
10 – 21

370

22 Hoërskole : 186
40 Laerskole : 184

370 (GROOTTOTAAL)

1. Onderhoud met media-onderwyser (Potchefstroom en Heidelberg. Laasgenoemde is deur medium Duits uitgevoer)

1. Statistiese inligting:
   - Aantal leerlinge in die skool
   - Aantal onderwysers in die skool
   - Wanneer het die skool met 'n mediasentrum begin?
   - Wat is die oppervlak van die mediasentrum?
     - Hoe is dit ingedeel?
   - Samestelling van die voorraad
   - Wat is die swaartepunt van die versameling?
   - Uitleenstatistiek
   - Openingstye
   - Personeel (aantal en kwalifikasies)

2. Is daar 'n mediakomitee in die skool?
   - Indien wel, hoe is die samestelling?

3. Is daar enige skakeling tussen die mediasentrum en die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge?

4. Kom leerlinge van die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge met spesifieke navrae vir hulle studies na u toe?

4. Kan u die grootste persentasie van hierdie navrae met bronne beantwoord?

5. Waarheen verwys u die begaafde leerlinge waarvan u die navrae nie kan beantwoord nie?

6. Is daar samewerking tussen die mediasentrum en enige ander biblioteek?

7. Is begaafde leerlinge na u mening in staat om inligtingstegnieke te gebruik?

8. Ondervind u enige probleme met die aanskaf van media?

9. Wie is almal in u skool betrokke by die keuring van media?

10. Hoe sien u die plek van die mediasentrum en media in die onderrig van begaafde leerlinge?

11. Wat is die grootste probleem wat u ondervind met dienslewering aan begaafde leerlinge?

12. Wat sou na u mening die beste manier wees om navrae van begaafde leerlinge te hanteer?

2. Onderhoud met onderwysowerhede en die Buitekurrikulêre Sentrum vir Begaafde Leerlinge (Potchefstroom en Heidelberg. Laasgenoemde is deur medium Duits uitgevoer)

1. Hoe sien u die plek van die mediasentrum en media in die onderwys vir begaafde leerlinge?

2. Word daar spesiale beginsels vir die keur en aanskaf van media vir begaafde leerlinge toegepas?

3. Wat is die reëlings in verband met samewerking tussen die mediasentrums en ander biblioteke?

4. Behoort begaafde leerlinge volgens u tot verskillende biblioteektipes toegang te hê?

5. Het u enige planne in hierdie verband vir die toekoms?

3. Onderhoud met hoofbibliotekarisse van tersiêre inrigtings en openbare biblioteke (Potchefstroom en Heidelberg. Laasgenoemde is deur medium Duits uitgevoer)

1. Statistiese inligting:
   - Aantal gebruikers
   - Samestelling van die voorraad
   - Uitleenstatistiek
   - Openingstye
   - Personeel (aantal en kwalifikasies)

2. Wie mag almal by u as gebruikers registreer?

3. Watter dienste lewer u aan gebruikers?

4. Lewer u 'n gemeenskapsdiens?

5. Is daar samewerking tussen u en die Buitekurrikulêre Sentrum vir begaafde leerlinge?

6. Hoe sou inligtingsbronne volgens u moontlik aan begaafde leerlinge voorsien kan word?

90/486